O17

HUMANITAS
RGN • HSRC

# die doeltreffende beplanning en benutting van skoolterreine vir buitemuurse aktiwiteite

## deel een

001.3072068 HSRC O 17

raad vir geesteswetenskaplike navorsing

| Klasnr./Class No. | Registernr./No. |
|---|---|
| 001.3072068 HSRC O 17 | 44841/9 |

**RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING**

**Privaatsak X41, Pretoria, Republiek van Suid-Afrika**

**Telefoon 48-3944** **Telegramme: RAGEN**

**President: Dr. P. M. Robbertse**

**Vise-presidente: Dr. A. J. van Rooy en dr. J. D. Venter**

**Sekretaris: Mej. K. M. Henshall**

## Institute van die RGN

Geskiedenisnavorsing
Inligting en Spesiale Dienste
Kommunikasienavorsing
Mannekragnavorsing
Navorsingsontwikkeling
Opvoedkundige Navorsing
Psigometriese Navorsing
Sosiologiese, Demografiese en Kriminologiese Navorsing
Statistiese Navorsing
Taal, Lettere en Kuns
Administrasie

## Funksie van die RGN

Die RGN onderneem, bevorder en koördineer navorsing op die gebied van die geesteswetenskappe, dien die Regering en ander instansies van advies insake die benutting van navorsingsbevindinge en versprei inligting betreffende die geesteswetenskappe.

044841/17

*SUID-AFRIKAANSE RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING*

HUMANITAS
RGN-HSRC

RGN-BIBLIOTEEK
HSRC LIBRARY

VERVALDATUM / DATE DUE

30 APR 1980
1986 -09- 1

**UTTING**
**AUURSE**
**VITEITE**
**EEL EEN**

*A., M.Ed.*

*ORSING*

*SBROEK*

*ETORIA*
***1973***
nr. ***0-17***

**Kopiereg voorbehou**

**Prys R3,25**

RGN BIBLIOTEEK LIBRARY HSRC

1980 -01- 09

STANDKODE
001·3072068
HSRC O 17

REGISTERNOMMER
044841 9

BESTELNOMMER
G

Hierdie publikasie en alle ander RGN-publikasies wat agter in hierdie publikasie vermeld word, is verkrygbaar by

VAN SCHAIK-BOEKHANDEL,
POSBUS 724,
PRETORIA.

ISBN 0 86965 100 5

# V O O R W O O R D

Die skool moet in sy opvoedingsprogram vir die wordingsverloop van die kind-in-totaliteit (d.w.s. as psigiesgeestelik-somatiese wese) voorsiening maak. Vandaar dus die belangrikheid van die inruiming van buitemuurse aktiwiteite in die skoolprogram.

Dit is logies dat waar sodanige buitemuurse program na behore ten uitvoer gebring moet word, daar ook die nodige fasiliteite - nie slegs apparaat nie maar ook terrein - moet wees. Sodanige veronderstelling verg egter verder dat terreine wat vir die beoefening van buitemuurse aktiwiteite beskikbaar is, enersyds doeltreffend beplan en andersyds doeltreffend benut moet word. Die bevolkingstoename in stede en groot dorpe en die stygende eiendomspryse maak dit noodsaaklik dat bestaande sportterreine doeltreffend benut en toekomstige aanlegte met die nodige toekomsvisie beplan sal word. Dit is teen hierdie agtergrond dat die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing die projek oor die doeltreffende beplanning en benutting van skoolterreine vir buitemuurse aktiwiteite, asook die moontlikheid van die gemeenskaplike gebruik van sportterreine vir die Komitee van Onderwyshoofde onderneem het.

Die onderhawige verslag vorm dan die eerste deel van die navorsingsprogram. In hierdie eerste navorsingstuk word veral aan die onderskeie Onderwysdepartemente se omskrywing van die term "buitemuurse bedrywighede", en voortvloeiend daaruit hul gesindheid jeens die aanbieding van sport en hul beleid ten aansien van die voorsiening en instandhouding van sportfasiliteite, aandag gegee. Om enigsins perspektief aan voorafgaande uiteensettinge te gee, is die situasie in enkele oorsese lande ook bespreek met verwysing na onder andere die omvang van die gebruik van gemeenskaplike sportsentra. Voorts word daar ook klem gelê op die bydraes van komitees (meer spesifiek hul aanbevelings en voorskrifte) met betrekking tot die ekonomiese beplanning, voorsiening en gebruik van sportfasiliteite.

Die tweede gedeelte van die navorsingsprogram sal aan die hand van empiriese bevindings geskied en sal daarop gemik wees om eerstens die huidige posisie in skole in die Republiek van Suid-Afrika en in Suidwes-Afrika met betrekking tot onder andere die toereikendheid al dan nie van sportfasiliteite te behandel, en tweedens toepaslike aanbevelings te maak. Sodanige bevindings en aanbevelings kan moontlik waardevol wees wanneer 'n nasionale onderwysbeleid ook ten opsigte van buite-

| HOOFSTUK | | BLADSY |
|---|---|---|
| 3.3 | Die voorsiening van sportfasiliteite aan skole in enkele oorsese lande | 21 |
| 3.4 | Die gemeenskaplike gebruik van sportfasiliteite | 25 |
| 3.5 | Die beplanning van gemeenskaplike sportsentrums | 26 |
| 3.6 | Die skool as gemeenskapsentrum | 31 |
| 4 | BELEID TEN AANSIEN VAN SPORT EN SPORTFASILITEITE SOOS DEUR ONDERWYSOWERHEDE IN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA EN SUIDWES-AFRIKA NEERGELÊ | 38 |
| 4.1 | Inleidende opmerking | 38 |
| 4.2 | Nasionale en provinsiale onderwysowerhede se beleid ten opsigte van sport en sportfasiliteite | 38 |
| 4.3 | Gesindheid jeens die aanbieding van sport | 38 |
| 4.4 | Verpligting tot deelname op leerlinge gelê | 39 |
| 4.5 | Verpligting op onderwysers gelê om met die afrigting en/of organisasie van sport behulpsaam te wees | 40 |
| 4.6 | Die plek en tyd wat aan skoolsport in die skoolprogram toegesê word | 42 |
| 4.7 | Beplanning, finansiering en uitleg van sportterreine | 44 |
| 4.8 | Die voorgeskrewe groottes van terreine (insluitende sportterreine) tesame met die aantal sportvelde en -fasiliteite | 49 |
| 4.9 | Die instandhouding van sportvelde en -fasiliteite | 56 |

HOOFSTUK | BLADSY


| | | |
|---|---|---|
| 5 | DIE EKONOMIESE BEPLANNING, VOORSIENING EN GEBRUIK VAN SPORTFASILITEITE | 60 |
| 5.1 | Die bydrae van komitees in dié verband | 60 |
| 5.2 | Vereistes waaraan die sportterrein moet voldoen | 60 |
| 5.3 | Aanbevelings van die Kaaplandse Komitee vir Skool- en Koshuisbeplanning | 63 |
| 5.4 | Die aanbevelings van die Beroepskoolgeboue-komitee van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap | 68 |
| 5.5 | Aanbevelings van die skoolgebouekomitee van die Transvaalse Onderwysdepartement | 73 |
| 5.6 | Die verslag van die Lundie-komitee | 78 |
| 6 | SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKINGS | 102 |
| 6.1 | Die aanloop tot hierdie studie | 102 |
| 6.2 | 'n Oorsigtelike beskouing van die term buitemuurse bedrywighede met spesifieke verwysing na sportaktiwiteite | 103 |
| 6.3 | 'n Oorsig van die omvang van sportbe-oefening op primêre, sekondêre en tersiêre onderwysvlak in enkele oorsese lande | 104 |
| 6.4 | Die gemeenskaplike gebruik van sportfasi-liteite | 107 |
| 6.5 | Beleid ten aansien van sport en sportfasi-liteite soos deur onderwysowerhede in die Republiek van Suid-Afrika en Suidwes-Afrika neergelê | 109 |
| 6.6 | Die ekonomiese beplanning, voorsiening en gebruik van sportfasiliteite | 112 |
| | LITERATUURLYS | 116 |

D I A G R A M M E


| DIAGRAM | | BLADSY |
|---|---|---|
| 5.1 | BEPLANNING VAN LAERSKOOLTERREINE | 82 |
| 5.2 | LAERSKOOLSPEELVELDE | 83 |
| 5.3 | LAERSKOOLATLETIEK | 84 |
| 5.4 | LAERSKOOLATLETIEK (HOOGSPRING EN VERSPRING) | 85 |
| 5.5 | LAERSKOOLRUGBY | 86 |
| 5.6 | LAERSKOOLKRIEKET | 87 |
| 5.7 | LAERSKOOLNETBAL | 88 |
| 5.8 | LAERSKOOLTENNISBANE | 89 |
| 5.9 | LAERSKOOLHOKKIE | 90 |
| 5.10 | ORIËNTERING VAN SPEELVELDE | 91 |
| 5.11 | BEPLANNING VAN HOËRSKOOLTERREINE (9-AKKER-TERREIN, 12-AKKERTERREIN, 15-AKKER-TERREIN) | 92 |
| 5.12 | BEPLANNING VAN HOËRSKOOLTERREINE (16-AKKER-TERREIN, 18-AKKERTERREIN, 21-AKKERTERREIN) | 93 |
| 5.13 | HOËRSKOOLSAGTEBAL | 94 |
| 5.14 | HOËRSKOOLATLETIEK | 95 |
| 5.15 | HOËRSKOOLATLETIEK (HOOGSPRING, VERSPRING, JUKSKEI) | 96 |
| 5.16 | HOËRSKOOLKRIEKET | 97 |
| 5.17 | HOËRSKOOLRUGBY | 98 |
| 5.18 | HOËRSKOOLNETBAL | 99 |
| 5.19 | HOËRSKOOLTENNISBANE | 100 |
| 5.20 | HOËRSKOOLHOKKIE | 101 |

# S U M M A R Y

## THE EFFECTIVE PLANNING AND UTILISATION OF SCHOOL GROUNDS FOR EXTRAMURAL ACTIVITIES


The fact that the pursuit of sport forms an extremely important part of the formative educational programme of practically all the schools in the Republic of South Africa and South-West Africa, necessitates the effective planning of future sports grounds and the judicious and economical utilisation of sports facilities which already exist. It was against this background that the present study was undertaken.

There are contradictory views on the origin and essential purpose of sport but these can be reduced to two basic concepts, viz sport as recreation and sport as part of the process of establishing a culture. The pursuit of sport on these two bases is closely bound up with the cultural pattern of life of the Eastern as well as the Western cultural groups of today.

An exploratory study in respect of certain overseas countries, including England, France, Russia and Australia, reveals that there are similarities as well as differences with regard to official policy concerning sport at school and the provision of sports facilities. It is worthy of note that, in each of the countries studied, the government schools receive financial aid from the authorities for the creation of sports facilities. The economical and effective utilisation of the available recreational facilities through the communal use of centrally situated sports centres is particularly popular in Norway, England, Australia and the United States of America.

The education authorities in the RSA and the Education Department of South-West Africa are extremely well-disposed towards the pursuit of sport at school and, as a result, trouble

is taken to ensure that the planning and lay-out of sports grounds are carried out by experts in a responsible manner. Certain committees, including the Cape Committee for School and Hostel Planning, the School Buildings Committee of the Transvaal Education Department, the Vocational Schools Building Committee of the Department of Education, Arts and Science and the Lundie Committee were appointed by the education authorities concerned and made significant recommendations with regard to the size, planning and lay-out of sports grounds. Although these recommendations are not in complete agreement, they have accountable common points of departure and their practical application can be of great benefit.

In order to evaluate the effectiveness or otherwise of an established policy, the practical situation must necessarily be studied. This will be done in a subsequent study by means of an empirical investigation.

# O P S O M M I N G

## DIE DOELTREFFENDE BEPLANNING EN BENUTTING VAN SKOOLTERREINE VIR BUITEMUURSE AKTIWITEITE

Die feit dat sportbeoefening 'n baie belangrike deel van die opvoedende onderwysprogram van feitlik alle skole in die Republiek van Suid-Afrika en van Suidwes-Afrika uitmaak, noodsaak die doeltreffende beplanning van toekomstige sportterreine en die oordeelkundige en ekonomiese benutting van reeds bestaande sportfasiliteite. Dit is dan ook teen dié agtergrond dat hierdie studie onderneem is.

Word daar gevra na die ontstaan en wese van sport, bestaan daar teenstrydige beskouings wat tot twee essensiële sienswyses gereduseer kan word, te wete sport as ontspanningsaangeleentheid en sport as deel van die kultuurvormingsverloop. Beoefening van sport op genoemde twee grondslae is ten nouste vervleg met die kulturele leefpatroon van huidige Oosterse sowel as Westerse beskawingsgroepe.

Uit 'n verkenning van enkele oorsese lande waaronder Engeland, Frankryk, Rusland en Australië, val dit op dat daar sowel ooreenstemming as uiteenlopendheid bestaan wat betref die amptelike sportbeleid op skool en die voorsiening van sportfasiliteite. Noemenswaardig is die feit dat in elk van die bestudeerde lande die staatskole van owerheidsweë finansiële steun ontvang ten aansien van die daarstelling van sportfasiliteite. Ekonomiese en doeltreffende benutting van die beskikbare ontspanningsruimte in die vorm van die gemeenskaplike gebruik van 'n sentraal geleë sportsentrum vind veral groot byval in Noorweë, Engeland, Australië en die Verenigde State van Amerika.

Die onderwysowerhede in die RSA en die Onderwysdepartement van Suidwes-Afrika se gesindheid jeens sportbeoefening op skool

is besonder goed en gevolglik word daar toegesien dat die beplanning en uitleg van sportterreine op verantwoordbare wyse deur deskundiges behartig word. Sekere komitees, waaronder die Kaaplandse Komitee vir Skool- en Koshuisbeplanning, Die Skoolgebouekomitee van die Transvaalse Onderwysdepartement, Die Beroepskoolgebouekomitee van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap en die Lundie-komitee is deur die betrokke onderwysowerhede saamgestel en het ten aansien van die grootte, beplanning en die uitleg van sportterreine sinvolle aanbevelings gedoen wat, alhoewel dit nie in alle opsigte ooreenstem nie, verantwoordbare gemeenskaplike vertrekpunte het en met vrug in die praktyk toegepas kan word.

'n Evaluering van die doeltreffendheid al dan nie van 'n daargestelde beleid vra noodwendig na 'n verkenning van die praktyk, wat in 'n hieropvolgende studie by wyse van 'n empiriese ondersoek geskied.

# HOOFSTUK 1

# INLEIDENDE OPMERKINGS

## 1.1 INLEIDING

Hier te lande is dit 'n algemene verskynsel dat die aanbieding van 'n wye verskeidenheid van sportaktiwiteite 'n belangrike deel van die daaglikse (na-uurse) program van feitlik elke skoolsoort uitmaak. Hieruit spruit uiteraard dan ook die wenslikheid dat skole se sportterreine deeglik en doeltreffend beplan en optimaal benut sal word. Daar ekonomiese oorwegings in alle beplanning 'n belangrike en selfs bepalende rol speel, moet dit ook deeglik oorweging geniet by die beplanning en daarstelling van nuwe sportterreine. Onder die sake wat aandag by sodanige beplanning verdien, ressorteer onder andere die volgende:

(1) Die doeltreffendste wyse waarop beskikbare sportfasiliteite benut kan word, asook die noodsaaklikheid om bestaande sportfasiliteite uit te brei;

(2) bepaling van die huidige en toekomstige behoeftes van die gemeenskap wat van 'n beoogde sportterrein gebruik sal maak, met die oog op die daarstelling van voldoende fasiliteite;

(3) besinning oor die doeltreffendste en mees ekonomiese wyse waarop die beoogde fasiliteite benut kan word; en

(4) die optimum aantal en verskeidenheid van sportfasiliteite wat daargestel moet word indien sodanige kompleks as stad-/ dorp- en/of gemeenskapsentrum moet kan dien.

## 1.2 DIE VERSOEK INSAKE NAVORSING OOR DIE DOELTREFFENDE GEBRUIK VAN TERREINE VIR BUITEMUURSE AKTIWITEITE

Die Komitee van Onderwyshoofde het op 1 Julie 1967 die Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing se verslag "Die Grootte van Skoolterreine" na die Interdepartementele Advieskomitee insake Onderwysdienste verwys om gekoördineerde aanbevelings te maak. Na aanleiding van aanbevelings wat dié Advieskomitee ten opsigte van genoemde verslag gemaak het, het die Komitee van Onderwyshoofde op 28 September 1967 die Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing (tans die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing) versoek om "ondersoek

in te stel na die doeltreffende gebruik van skoolterreine vir buitemuurse bedrywighede om te bepaal wat die minimum of maksimum grootte terrein vir buitemuurse bedrywighede behoort te wees, en of die gesamentlike gebruik van sportterreine deur leerlinge van meer as een skool doeltreffend kan plaasvind" (47, bl. 1).

Bogenoemde versoek het derhalwe direk daartoe aanleiding gegee dat hierdie ondersoek onderneem is en in verslagvorm verskyn het.

## 1.3 DOELSTELLINGS

Die doel met hierdie ondersoek na sportterreine is om -

(1) die huidige posisie van sport en die aanbieding daarvan aan skole in Suid-Afrika en Suidwes-Afrika toe te lig;

(2) te bepaal aan welke vereistes voldoen moet word indien die beplanning aanspraak op doeltreffendheid wil maak;

(3) die huidige posisie ten aansien van die doeltreffendheid al dan nie van bestaande sportterreine, en van die wyse waarop dit benut word, te ondersoek en te deurskou;

(4) die minimum of maksimum grootte van sportterreine te probeer vasstel;

(5) te besin oor die wenslikheid en/of moontlikheid van die gesamentlike gebruikmaking (ook aanleg) van gemeenskaplike sportterreine; en

(6) die beplanning en uitleg van 'n gemeenskaplike sportterrein (indien die uitleg van sodanige terrein geregverdig is) toe te lig.

## 1.4 METODE VAN ONDERSOEK

Hierdie verslag is veral moontlik gemaak deur en saamgestel uit -

(1) gegewens wat deur middel van 'n vraelys verkry is en wat 'n beeld van die praktyk bied, te verwerk;

(2) aanbevelings van deskundiges op die gebied van skoolterreinbeplanning;

(3) 'n studie van die beleid van die verskillende onderwysowerhede in die Republiek van Suid-Afrika asook Suidwes-Afrika ten opsigte van sport en sportfasiliteite; en

(4) literatuurstudie.

## 1.5 DIE ONDERHAWIGE VERSLAG

Aangesien hierdie studie in hoofsaak te doen het met die beplanning en uitleg van die sportterreine van skole, sal slegs dié aspekte wat van belang skyn te wees in die beplanning en daarstelling van sportterreine vir skole ondersoek en deurskou word.

Met die oog op die belangrike bydrae wat gesonde inspanning en ontspanning op die sportveld tot die breë vorming van die kind kan lewer, sal ten slotte gepoog word om by wyse van aanbevelings sekere riglyne insake deelname aan en afrigting van sportaktiwiteite, asook betreffende die daarstelling van voldoende fasiliteite neer te lê.

# HOOFSTUK 2

## 'N OORSIGTELIKE BESKOUING VAN DIE TERM BUITEMUURSE BEDRYWIGHEDE MET SPESIFIEKE VERWYSING NA SPORTAKTIWITEITE

### 2.1 DIE TERM "BUITEMUURSE BEDRYWIGHEDE" (AKTIWITEITE)

Tradisioneel word hierdie term in die Republiek van Suid-Afrika gebruik vir die omskrywing van alle aktiwiteite wat buite die formele, voorgeskrewe amptelike skoolprogram val en gerig is op die opvoeding van die kind. Dit behels kulturele en sportaktiwiteite wat op 'n mededingende of 'n nie-mededingende basis plaasvind en wat gewoonlik ná skoolure aangebied word. Hierdie aktiwiteite kan enersyds van eng kulturele aard wees, met die klem op die fynere estetiese aspek soos in die geval van kultuurbewegings soos die Voortrekkers, Boy Scouts, die C.S.V. en debatsverenigings. Andersyds omsluit dit egter dikwels ook sportsoorte, die beoefening van stokperdjies of selfs die organisasie van 'n skoolkermis.

Die volgende uiteensettinge en/of omskrywinge gee 'n aanduiding van wat die verskillende Onderwysdepartemente in die Republiek van Suid-Afrika en Suidwes-Afrika onder die begrip buitemuurse aktiwiteite of bedrywighede verstaan.

#### 2.1.1 Transvaalse Onderwysdepartement

Hierdie Departement beskou buitemuurse aktiwiteite as 'n noodsaaklike en allerbelangrike deel van die skoolprogram. Afgesien van die sportaktiwiteite wat gewoonlik aan die gevorderde leerlinge aangebied word, word die volgende na-uurse aktiwiteite vir die primêre skool se laer klasse asook vir junior skole aanbeveel -

Stokperdjies; musiek, drama en verwante aktiwiteite; spele onder ander volkspele, atletiek ens. en jeugorganisasies soos die Voortrekker- en die Scout-beweging (38, bl. 148).

#### 2.1.2 Oranje-Vrystaatse Onderwysdepartement

Volgens hierdie Departement word die begrip buitemuurse bedrywighede omskryf as daardie bedrywighede wat "gewoonweg buite die vasgestelde skoolure plaasvind en nie opgeneem is in die voorgeskrewe departementele leerplanne nie, maar vrywillig deur elke afsonderlike skool georganiseer en aangebied word" (29, bl. 1). Hierdie bedrywighede sluit die volgende in:

(1) "Godsdienstige en kulturele werksaamhede soos Christen-Studentevereniging, K.J.V., Skooldebatsverenigings, ens."

(2) "Sosiale bedrywighede met insluiting van groepaktwiteite soos volkspele-verenigings, skaakklubs, Voortrekkers, Boy Scouts."

(3) "Opvoedkundige bedrywighede soos filmvertonings, Landsdienswerk, padveiligheidswerk, posspaarbankadministrasie, kunswedstryde en konserte, jaarbladpublikasie, noodhulpwerk, stokperdjies, deelname aan volksfeeste, skooltoere en fondsinsamelings."

(4) "Semi-militêre bedrywighede soos die kadetbeweging vir seuns (vanaf st. 7)."

(5) "Sportbeoefening" (29, bl. 1).

2.1.3 Die Departement van Hoër Onderwys (tans die Departement van Nasionale Opvoeding)

Hierdie Departement omskryf die genoemde begrip soos volg: "Onder die begrip buitemuurse bedrywighede word verstaan alle bedrywighede, hetsy sport-, kultuur- en vryetydsaktiwiteite, wat na-uurs beoefen word, dit wil sê wanneer die daaglikse skolastiese program afgehandel is" (16, bl. 5).

2.1.4 Natalse Onderwysdepartement

Die omskrywing wat hierdie Departement gee, lui soos volg: "Buitemuurse bedrywighede sluit in alles wat in die skoolgeboue of op die terrein buite skoolure plaasvind - byvoorbeeld alle sport, vergaderings van verenigings en klubs, rolprentvertonings, musiek, drama, debat ens." (26, bl. 3).

2.1.5 Onderwysdepartement van Suidwes-Afrika

Hierdie Departement het geen omskrywing van die begrip buitemuurse aktiwiteite vasgelê nie, maar 'n aanduiding van sodanige aktiwiteite bestaan wel en word ingesluit in die Onderwysordonnansie van Suidwes-Afrika van 1962, artikel 38(6) en (7) wat soos volg lui:

"Elke onderwyser moet, benewens die uitvoering van sy pligte gedurende die skoolure en op die skoolperseel, deelneem, wanneer dit vereis word, aan alle sake wat die algemene werk en welsyn van die skool raak ......." (1, bl. 2).

### 2.1.6 Kaaplandse Onderwysdepartement

Die begrip buitemuurse bedrywighede is nie deur hierdie Departement omskryf nie, maar word egter soos volg vertolk: "Bedrywighede wat ekstra-kurrikulêr is, dit wil sê wat regstreeks of onregstreeks aanvullend in verband staan met die werk en opvoedkundige doelstellings van 'n onderwysinrigting, en wat onder beheer van die onderwysinrigting op 'n georganiseerde basis buite of binne die gereelde rooster plaasvind" (32, bl. 4).

## 2.2 BEGRENSING VAN DIE TERM BUITEMUURSE AKTIWITEITE IN DIE LIG VAN HIERDIE STUDIE

Omdat die opdrag wat aanleiding tot hierdie studie gegee het lui: "om ondersoek in te stel na die doeltreffende gebruik van skoolterreine vir buitemuurse bedrywighede om te bepaal wat die minimum of maksimum grootte terrein vir buitemuurse bedrywighede behoort te wees en of die gesamentlike gebruik van sportterreine deur leerlinge van meer as een skool doeltreffend kan plaasvind", is afgelei dat hier meer spesifiek na sportterreine verwys word.

Derhalwe sal hierdie studie uitsluitlik toegespits wees op die beplanning van terreine vir alle vorms van sport wat binne die skoolprogram van skole in die Republiek van Suid-Afrika en Suidwes-Afrika aangebied word.

## 2.3 DIE BEGRIP "SPORT"

Die hedendaagse term "sport" is aan verskillende tale of taalgroepe ontleen. So byvoorbeeld is dit van die volgende afgelei: Die Latynse woord "disportare" wat beteken "om te verlustig, vermaak en speel"; die Franse woord "desport" wat spel in mededingende hoedanigheid beteken en die Engelse woord "dissport" wat "skerts of speel" beteken (44, bl. 30; 18, bl. 68; 28, bl. 10). Vanuit hierdie omskrywings het die gebruiklike, tiperende benaming "sport" egter 'n steeds enger begrip geword, sodat dit vandag slegs van toepassing op tipiese sportsoorte soos swem, hokkie, tennis en rugby is.

## 2.4 DIE ONTSTAAN EN WESE VAN SPORT

### 2.4.1 Sport in antropologiese perspektief

Daar bestaan teenstrydige beskouings oor die ontstaan en

wese van sport. Hierdie teenstrydige beskouings kan egter tot twee wesentlike sienswyses gereduseer word naamlik: Sport as ontspanning en sport as deel van die kultuurvormingsverloop. Regverdiging vir hierdie stellingname verg 'n deurskouing van albei bogenoemde sienswyses.

(a) Sport as ontspanning

Bevindings dui daarop dat sport reeds gedurende die vroegste beskawings as 'n vorm van ontspanning gedien het. Argeologiese opgrawings en ontdekkings in lande soos Egipte, Griekeland en Italië het muurtekeninge op geboue blootgelê, waarop uitbeeldings van sportakitwiteite van die vroeëre beskawings in die betrokke lande verskyn. So byvoorbeeld is muurtekeninge van jagters, stoeiers, akrobate en dansers tydens argeologiese opgrawings in Egipte, Persië en Mesopotamië gevind (35, bl. 9). Dit wil voorkom asof hierdie sportbeoefening deur of tot vermaak van die bevoorregte klasse beoefen is (27, bl. 17).

Ontsyfering van inskripsies op kleitablette dui daarop dat die boogkuns gedurende die vroeëre beskawings van Egipte tot 'n fyn kuns ontwikkel is. Melding word gemaak van Farao's soos Amenhotep III en Thutmose III wat vanaf strydwaens op leeus en olifante jag gemaak het. Dit word genoem dat Amenhotep III gedurende die verloop van 10 jaar ongeveer 102 leeus op dié wyse gedood het (12, bl. 31).

Gedurende die glorieryke tydperk van die Romeinse keisers soos Nero, Commodus en andere het sport 'n meer bloeddorstige grondslag gekry, veral waar dit om die vermaak van die keiser gegaan het. Gevegte tot die dood tussen gladiators onderling of tussen gladiator en roofdiere het ongewone vorms van vermaak geword. Hierdie vorm van vermaak het sy hoogtepunt gedurende die vervolging van die Christene bereik.

Vanweë hierdie uiters barbaarse vorm van vermaak het geestelike vervlakking en 'n verwronge sin vir waardes en norme in omvang toegeneem wat uiteindelik deels vir die ondergang van die Romeinse beskawing verantwoordelik was.

Gedurende die Middeleeue het sport as ontspanning steeds die prerogatief van die bevoorregtes gebly. Waar die ridderwese die voortbestaan van die Europese beskawing moes verseker, het daar gedurende meer rustige periodes georganiseerde riddertoernooie plaasgevind, waartydens plaaslike en nasionale kampioenskappe gehou is. Alhoewel hierdie toernooie as ontspanning gedien het, was dit nogtans daarop ingestel om die ridder taai en sterk te maak - paraat vir oorlog.

Gedurende die sestiende eeu het hierdie ietwat gevaarlike wyse van vermaak, die vorm van ruiter-en-perd vertoon en 'n sosiale byeenkoms aangeneem. As gevolg van die veranderde vorms van oorlogvoering het die ridderwese meer as 'n vorm van ontspanning en vryetydsbesteding bly voortbestaan (35, bl. 64).

Die Renaissance het 'n nuwe era in die beoefening van sport ingelui. Voorstanders van fisiese ontspanning het nuwe idees wat die beoefening van sport betref, na vore gebring. Sir Thomas Elyot, 'n bekende Engelse humanis, het die waarde van sport as ontspanning na studie beklemtoon. Pous Pius II het in dié verband van sport die volgende gesê: "Such relaxations should form an integral part of each day's occupations if learning is not to become an object of disgust" (35, bl. 70).

Sedert die Renaissance het 'n besef van die waarde van sport vir ontspanning en as noodsaaklike komponent van die opvoedingsprogram toegeneem. Jean J. Rousseau het die belangrikheid van hierdie aspek van die opvoeding van die jeug in sy boek "Emile" herbeklemtoon.

Alhoewel sport tot vandag toe nog deel uitmaak van die skoolprogram, is die waarde van die beoefening van sport as ontspanning buite skoolverband, soos reeds in die vroeëre beskawings van toepassing was, besef en word sport vandag deur miljoene as ontvlugting van die daaglikse arbeid beoefen of as toeskouer waardeer.

(b) <u>Sport as deel van die kultuurvormingsverloop</u>

Sport as kultuurverskynsel kan ook tot die gryse verlede teruggevoer word. Die mees opvallende bewys dat sport deel van 'n kultuur van 'n volk kan wees, word by die Antieke Grieke aangetref. Hulle het sport en godsdiens as onafskeidbaar van mekaar beskou. 'n Duidelike bewys daarvan word gevind in die godsdienstig-sedelike wydingsprogram wat die Grieke beoefen het, soos versinnebeeld deur die hou van 'n byeenkoms, die Olimpiese Spele, waarvan die eerste in 776 v.C. en een elke vier jaar daarna gehou is. Die Spele is as wydingsfees aan die gode ingestel. Hiervan getuig die feit dat die Spele te Olimpia gehou is. Die tempel van Zeus het die middelpunt van die verrigtinge gevorm. Die Grieke het geglo dat die gode in onsigbare vorm teenwoordig was en daarom is die eerste dag van die Spele (wat vyf dae geduur het) vir gewyde optogte en die oorhandiging van die wy-offers aan die priesters, wat naby die standbeeld van Zeus gestaan het, afgesonder.

Hierna is 'n gewyde optog deur die deelnemers onderneem en is 'n belofte afgelê om eerlik op te tree en die reëls van die Spele te eerbiedig. Hierdie eerlikheid en waardigheid, waardeur die Spele gekenmerk is, moes tot eer van die gode strek. Aangesien die fees tydens die eerste volmaan na die somersonwending plaasgevind het en laasgenoemde gedurende die helfte van Junie gebeur het, is hierdie maand ook as 'n heilige maand gereken (45, bl. 10). Vanaf die tweede tot die vierde dag het die byeenkoms 'n meer mensgerigte element openbaar en is daar in 'n reuse stadion, met sitplekke vir 40 000 toeskouers, aan sportsoorte soos stoei, voetresies, verspring, werpskyf en spiesgooi meegedoen. Aan die suidoostekant van die stadion, was die hippodroom, waar die strydwa-en-perdewedrenne gehou is.

Op die vyfde dag is die Spele afgesluit met offerandes aan die gode en 'n feestelikheid ter ere van die oorwinnaars, waar elk 'n eenvoudige olyfkrans - vir die Antieke Grieke 'n kosbare besitting - ontvang het.

Vir die Grieke het sport 'n verheffende funksie gehad, veral in die opvoeding van die jeug, dog dit het ook 'n nutaspek gehad, daar dit as voorbereiding vir die verdediging van die vaderland gedien het.

Namate die godsdienstige aspek van die Spele egter in later jare verflou en die materiële begin hoogty vier het, het dit tot kulturele vervlakking gelei en later selfs die ondergang van die Griekse Ryk bewerkstellig (45, bl. 19).

Die geskiedenis van die Romeinse Ryk spreek ook van sport as kultuurerfenis. Die rol wat sportbeoefening in die Romeinse kultuur gespeel het, was egter geensins te vergelyk met die verheffende waarde wat dit by die Antieke Grieke gehad het nie. Inteendeel, die beoefening daarvan, veral gedurende die Romeinse veroweringstydperke, het oorgegaan van 'n voorbereiding vir oorlogvoering tot blote toeskouer ten tye van vermaaklikheid. Namate hul finansiële welvaart toegeneem het, het die Romeine die opvoeding van die jeug aan vreemdes toevertrou en het ook die wyse waarop hul aan sport deelgeneem het 'n oppervlakkige kleur aan sport as kulturele belewenis gegee. Die Romeine het meer genot daaruit geput om die rol van passiewe toeskouer te vervul. Vir die deelnemers self het deelname aan sport geen positiewe geestelike waarde ingehou nie en is sluheid, selfsugtigheid en 'n algemene gees van indiwidualisme as nastrewenswaardige deugde beskou (35, bl. 46). Soos in die geval van die latere oppervlakkige Griekse kultuur, het ook hierdie sinlike kulturele erfenis die ondergang van die Romeinse Ryk bewerkstellig.

Gedurende die Middeleeue het sport weinig tot die sedelike en kulturele ontwikkeling bygedra. Riddertoernooie wat gehou is, was van weinig kulturele waarde aangesien die deelname daaraan hoofsaaklik as militêre skoling gedien het.

Dit is egter veral gedurende die Renaissance dat sportbeoefening in die lig van sy opvoedingswaarde betekenis gekry het en as kultuurverskynsel erken en waardeer is. Humaniste soos Thomas Elyot, Roger Asham en Hieronymus Mercurialis het daarop gewys dat sportbeoefening tot die vorming van positiewe karaktertrekke bydra. Alhoewel sportbeoefening in verband met die intellektuele ontwikkeling van die kind gebring is, het dit nogtans daartoe gelei dat sport as deel van die opvoeding van die kind as kultuurerfenis behoue gebly het.

2.4.2 <u>Die wese en betekenis van sport in die moderne wêreld</u>

Die moderne tegnologiese ontwikkeling het die bestaansituasie van die mens fundamenteel verander. Een van die uitvloeisels van hierdie tegnologiese vooruitgang is die feit dat die mens veel meer vryetyd tot sy beskikking het.

By die mens word 'n verskeidenheid van take en wyses van besigwees asook 'n kennis van middel en doel met betrekking tot sy wyse van besigwees aangetref. Daarom kan die mens <u>arbeid</u> onderskei as een van die wyses van bestaan. Waar die arbeid van die mens 'n middel tot 'n doel is, daar kan vryetydsbesteding 'n doel op sigself wees wat deur genot gekenmerk word. As sportdeelname deur die beoefenaar in die regte perspektief gesien word, kan dit 'n doel op sigself wees - "Hij wordt beoefend omwille van zichzelf" (8, bl. 133).

Sport word egter deur 'n veelheid van fasette gekenmerk daar dit ontspannend is, goeie vryetydsbesteding bied, vir die toeskouer 'n vorm van ontspanning en vermaak is, en vir die professionele beoefenaar 'n bron van inkomste is. Sport is derhalwe hier 'n middel tot 'n doel. Die rol wat sport in die opvoedingsprogram tuis en op skool in die volwassewording van die kind speel en die verskynsel dat deelname aan sport ook deur die volwassene as deel van sy vryetydsbesteding beoefen word, beklemtoon die feit dat sport in ons moderne samelewing deel van die daaglikse program geword het. Die belangrikheid daarvan in die alledaagse lewe blyk duidelik uit die aandag wat dit in gesprekke, tydskrifte en radiopraatjies geniet en uit direkte deelname aan en die hoë bywoningsyfer van ontspannings- of mededingende byeenkomste. Voeg hierby die geskikte klimaat wat hier te lande ervaar word, dan is dit geen fiksie nie as daar van 'n "sportmal"(-bewuste) Suid-Afrikaner gepraat word.

Dit gaan derhalwe vandag nie slegs oor sport as deel van die kultuurvormingsverloop of ontspanning nie. Pluralistiese lewensvorme en polivalente waardes en norme binne ons maatskaplike struktuur laat dit in wese 'n wyer vorm aanneem.

Soos reeds vermeld, word sport as doel of as middel tot 'n doel beoefen; maar dit alles vind plaas binne bepaalde kultuurstrukture. Dit is derhalwe nie te betwyfel dat, afgesien van die wesenlike betekenis wat dit vir die indiwidu mag inhou, dit ook 'n stempel op die kulturele leefwyse moet laat. In dié lig gesien, wil dit voorkom asof gesê kan word dat "de sport is een cultuurverschijnsel" (43, bl. 121).

# HOOFSTUK 3

# BUITELANDSE PERSPEKTIEF

## 3.1 'N OORSIG VAN DIE OMVANG VAN SPORTBEOEFENING OP PRIMÊRE, SEKONDÊRE EN TERSIÊRE ONDERWYSVLAK IN ENKELE OORSESE LANDE

Gedurende 1956 is 'n omvattende studie oor die plek wat sport in primêre, sekondêre en tersiêre onderwys beklee, deur die "United Nations Educational, Scientific and Cultural Organization" onderneem (42). Talle fasette van sport, soos onder andere omskrywing van die begrip, voorsiening in sillabusse, tyd daaraan bestee, en fasiliteitsvoorsiening is nagevors.

### 3.1.1 Probleme wat tydens genoemde studie en dergelike studies ondervind is en steeds ondervind word

Een van die grootste probleme wat tydens die studie van sillabusse ondervind is, is dat dit moeilik was om 'n definitiewe onderskeid tussen aktiwiteite soos gimnastiek, liggaamlike opvoeding en sport te maak (42, bl. 3). Hierdie probleem is veroorsaak deurdat die definisie van sport in die verskillende ondersoek-lande so uiteenlopend en allesomvattend van aard was. In Oostenryk byvoorbeeld is sport soos volg gedefinieer: "Sport is the practice, outside the school, of all categories of corporal activities, whether they be inspired by love of nature, by the desire to exercise and improve one's capacities by the desire to take part in play or by the spirit of competition" (42, bl. 4).

Alhoewel dit nie pertinent genoem is nie, blyk dit dat dit vanweë die verskille in sosiaal-kulturele leefwyse en wisselende klimaatsfaktore moeilik is om 'n doeltreffende vergelykende studie van sportbeoefening te maak.

### 3.1.2 Die waarde wat aan sport geheg word

Uit genoemde studie blyk dit dat in die meeste lande groot betekenis aan die fisiese, psigiese en geestelike vormingswaarde van sport geheg word (42, bl. 5). Derhalwe word sport in die meeste lande as 'n essensiële deel van die onderwys- en opvoedingsprogram beskou. Hierdie standpunt word egter nie oral gehuldig nie, en daar bestaan ook tradisionele opvattings wat teen sport as deel van die skoolprogram gekant is. So byvoorbeeld beskou talle ouers, en selfs die onderwysoutoriteite

in Frankryk, sport as 'n ".... somewhat pointless form of play which threatens to rob the child of hours which are vital to his studies" (42, bl. 5).

### 3.1.3 Die voorsiening wat daar in skoolkurrikula vir sport gemaak word

Soos reeds vermeld, is dit moeilik om na aanleiding van die verskeidenheid definisies van sport te bepaal of daar werklik in die meeste oorsese lande voorsiening in die skoolkurrikulum vir die beoefening van sport gemaak word. Ten opsigte van die beoefening van sport in die engere sin van die woord, wil dit voorkom asof eersgenoemde nie werklik plaasvind nie, maar dat dit eerder neerkom op -

(1) 'n voorbereiding vir die beoefening daarvan;

(2) die aanleer van voorbereidende oefeninge; en

(3) die beoefening van kinderspel wat tiperende sport-aktiwiteitseienskappe openbaar (42, bl. 6).

Desnieteenstaande word daar tog in kurrikula vir sport voorsiening gemaak soos dit uit die kurrikula van die volgende lande blyk:

(1) Engeland

In die sillabus vir "Liggaamlike Opvoeding" word daar op primêre sowel as sekondêre skoolvlak wel vir die beoefening van sport voorsiening gemaak. Die volgende getuig daarvan:

"Physical Education includes all activities likely to minister to physical health, not only gymnastics, games, swimming and dancing, but sports, free play, walking tours, school journeys, camps and all other forms of occupation and exercise likely to create a love of open air and a healthy way of living"(7, bl. 9).

(2) Noorweë

Die beoefening van 'n sportsoort soos swem is volgens wetgewing verpligtend gemaak. Hierdie wet is op die liggaamlike opvoedingsprogram van toepassing gemaak en die doelstellings daarmee is soos volg omskryf:

"The physical education aims at (1) harmonious development of children, mentally and physically, (2) strengthening the children's health, (3) making the children fond of gymnastics

and sports, and making them understand the value of good health and the importance of keeping fit also after leaving school" (42, bl. 13).

(3) Australië

In die staat Victoria byvoorbeeld is tydens die hersiening van kurrikula in 1934 reeds doelbewus vir die beoefening van sport voorsiening gemaak soos deur die volgende weerspieël word:

"More attention was devoted to the attainment of physical and mental health through improved health courses and carefully graded physical exercise" (41, bl. 56).

(4) Rusland

Onder die leuse "Gereed vir arbeid en verdediging van die vaderland", is die beoefening van liggaamlike opvoeding en sport vir alle skoolleerlinge verpligtend gemaak (10, bl. 5).

(5) Nieu-Seeland

In die voorgeskrewe sillabus vir liggaamlike opvoeding word handboeke voorgeskryf waarin verklarende sketse en beskrywings van sportsoorte verskyn wat aan kinders geleer moet word (42, bl. 19).

(6) Ander lande

In talle ander oorsese lande soos Oostenryk, Swede, Spanje, Kanada en Indië word, met inagneming van omstandighede soos fasiliteitsvoorsiening, finansiële posisie en klimaat, vir die aanbieding van sport in die skoolprogram voorsiening gemaak (42, bl. 12 e.v.).

3.1.4 Die tyd wat op roosters ingeruim word vir die aanbieding van sport

In die meeste lande word die tydsbepaling wat aan sport toegeken word, onder die opskrif "Liggaamlike Opvoeding" aangegee (42, bl. 14). Dit is duidelik dat klimaatsfaktore in ag geneem word wanneer so 'n rooster opgestel word. Die volgende is voorbeelde van reëlings wat in indiwiduele lande getref word:

(1) Engeland

Die volgende beginsel word hier gehandhaaf: "The minimum standard to be aimed at in day schools is one game per week for

each boy or girl as the normal provision and an opportunity for a voluntary game in addition" (5, bl. 9).

Op primêre skoolvlak geld die volgende reëling: "The standard minimum time should be five 20 minute periods a week, three of which may be devoted to the more formal lessons and the others to the more specialized activities, such as games or swimming. In the infant department a short period of exercise every morning and afternoon is recommended; and the younger children in the junior school will also derive much benefit from additional periods for physical exercise over and above the minimum daily lesson. An afternoon games-period may usefully be 30 minutes in length" (7, bl. 19).

(2) <u>Noorweë</u>

Sportonderrig word gedurende die Liggaamlike Opvoedingperiodes soos volg aangebied:

(i) <u>Primêre onderwys:</u>

Een tot drie periodes van 45 minute per week.

(ii) <u>Sekondêre onderwys:</u>

In driejaar sekondêre skole word 3 lesse per week en in vyfjaar sekondêre skole word 3 lesse per week vir die eerste twee jaar en 4 lesse per week vir die laaste drie jaar aangebied (42, bl. 15).

(3) <u>Australië</u>

Die getal ure per week wat aan sportonderrig in Australië aangebied word, is soos in die volgende tabel uiteengesit (8, bl. 14):

"HOURS PER WEEK DEVOTED TO SPORT IN PRIMARY AND SECONDARY SCHOOLS

| Type of School | | State schools Co-educational | Non-Governmental Schools | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | | | Catholic Schools | Boys' Private Schools | Girls' Private Schools |
| Primary Schools | Range | ½ to 2 | 1 to 3½ | 1 to 6 | 1 to 3½ |
| | Average | 1¼ | 2 | 4 | 2 |
| Secondary Schools | Range | 1 to 3 | 2 to 8 | 1 to 6 | 2 to 5 |
| | Average | 2 | 5 | 4 | 3 " |

(4) Rusland

Sportonderrig word gedurende die Liggaamlike Opvoedingperiodes aangebied en 15 tot 20 minute word elke dag voor die aanvang van formele vakonderrig daarvoor afgesonder (10, bl. 5).

(5) Nieu-Seeland

Die volgende reëlings geld hier:

i. "Infant classes should have a daily-period of 20 minutes with a second period, where possible, for rhythmics. It is best to give primary and intermediate classes at least three separate half-hour periods each week, exclusive of organized games."

ii. "In post-primary schools 35 to 45 minutes twice per week" (42, bl. 15).

(6) Frankryk

In Frankryk vind onderrig in sport ook tydens die Liggaamlike Opvoedingperiodes plaas en wel soos volg:

i. Wat betref elementêre primêre onderwys (elementary primary education) word 2½ uur per week aan sportonderrig bestee.

ii. Ten opsigte van na-primêre onderwys (post-primary education) word 2 uur per week aan sportonderrig gewy terwyl 'n

addisionele 3 uur per week hoofsaaklik in die buitelug deurgebring word.

iii. Met betrekking tot sekondêre onderwys word dieselfde aantal ure soos vir na-primêre onderwys aan sportonderrig bestee.

iv. Ten opsigte van tegniese onderwys word 2 uur per week aan sportonderrig bestee terwyl 'n addisionele 2 uur in die buitelug deurgebring word (42, bl. 14).

### 3.1.5 Deelname aan sport na skoolure

Dit blyk uit die geraadpleegde bronne dat span- en/of mededingende sportsoorte in Australië, Engeland, Oostenryk, Ceylon, Hongarye, Indië, Italië, Nieu-Seeland en Pole hoofsaaklik na skoolure, maar onder toesig van diensdoenende onderwysers, plaasvind (42, bl. 6; 5, bl. 9).

In Spanje vind die beoefening van sportsoorte hoofsaaklik tydens skoolure plaas aangesien dit beweer word dat hierdie reëling die toesig daaroor vergemaklik (42, bl. 6).

In Frankryk is die mening dat sportbeoefening binne die raamwerk van die skoolprogram ingepas moet word, maar dat dit vanweë die drukke en vol skoolprogram onmoontlik is om uitvoering hieraan te gee. Derhalwe word sport as aanvulling tot die skoolprogram aangebied en wel op Donderdagmiddae "...... which should normally be left entirely free" (42, bl. 6).

Die skoolowerhede in Kanada aanvaar geen verantwoordelikheid vir sportaktiwiteite wat na skoolure aangebied word nie (42, bl. 6).

### 3.1.6 Sportprestasie as kriterium by skolastiese vordering

Dit wil voorkom asof punte wel aan leerlinge vir hul vordering op sportgebied toegeken word, dog dit blyk dat hierdie punteprestasie slegs in enkele gevalle by die skolastiese vordering van leerlinge in aanmerking geneem word. Laasgenoemde is veral in Oostenryk, Engeland, Kanada en Swede die geval (42, bl. 17). In Italië egter kan leerlinge wat in "sportvaardigheidstoetse" presteer, vir die "Certificate of Physical Education" in aanmerking kom (42, bl. 17).

Alhoewel dit in die lig van 'n vorige bewering oor die negatiewe houding wat jeens sport vir skoolgaande leerlinge in Frankryk by opvoedkundiges te bespeur is, eienaardig mag

voorkom, kan sportprestasie hier wel tot 'n verbetering in die punteprestasie van 'n kandidaat bydra. Die basis waarop dit geskied, sien onder andere soos volg daaruit:

Primêre onderwys

"In the Certificate of Primary Education the points achieved give the right to an increase of up to 2 points" (42, bl. 18).

Sekondêre en tegniese onderwys

"Certificate of studies of the First Cycle: the physical education tests are optional. They make possible an increase of up to 5 points" (8, bl. 18).

### 3.1.7 Sportsoorte wat gedurende of na skoolure aangebied word

Afrigting in die volgende sportsoorte word in die volgende lande op skool aangebied (42, bl. 16):

(1) Australië: Atletiek, swem, netbal, tennis, rugby, hokkie, krieket, sagtebal, sokker, roei en bofbal.

(2) Oostenryk: Atletiek, swem, ski, ysskaats.

(3) Frankryk: Atletiek, swem, sokker, korfbal, ski, ysskaats, tennis, rugby, hokkie, roei, handbal, skerm, boks, stoei, fietsry.

(4) Swede: Atletiek, swem, sokker, korfbal, ski, ysskaats.

(5) Noorweë: Atletiek, swem, sokker, korfbal, ski, ysskaats.

(6) Italië: Atletiek, swem, ski.

(7) Nieu-Seeland: Atletiek, swem, sokker, korfbal, tennis, rugby, pluimbal, krieket, sagtebal, handbal.

(8) Kanada: Atletiek, swem, sokker, korfbal, tennis, rugby, hokkie, pluimbal, sagtebal.

## 3.2 FAKTORE WAT IN AG GENEEM MOET WORD WANNEER 'N VERGELYKENDE STUDIE OOR SPORT EN SPORTFASILITEITE GEMAAK WORD

### 3.2.1 Inleiding

Wanneer 'n vergelykende studie tussen verskillende volkere

onderneem word, is daar gewoonlik 'n hele aantal beïnvloedende faktore wat in aanmerking geneem behoort te word. Waar belangstelling in sport en die voorsiening van fasiliteite 'n tema van vergelyking is, is dit nodig dat 'n aantal moontlike beïnvloedende faktore in gedagte gehou moet word.

### 3.2.2 Moontlike beïnvloedende faktore

(a) Ligging en bodemgesteldheid van 'n land

(i) Ligging

Dit is ongetwyfeld waar dat daar byvoorbeeld in lande met onderskeidelik 'n warm, warm-gematigde, koel-gematigde of koue klimaat groot verskille mag bestaan ten opsigte van die verskeidenheid sportsoorte wat aangebied sal kan word. Lande met 'n warm, warm-gematigde en koel-gematigde klimaat, word in die geleentheid gestel om 'n groot verskeidenheid buitelug sportsoorte aan te bied. Daarteenoor sal lande wat in 'n koel tot koue klimaatstreek geleë is, verplig wees om slegs toepaslike sportsoorte aan te bied of om binnenshuis vir sportsoorte wat gewoonweg in die buitelug aangebied word (veral gedurende die winter), voorsiening te maak.

(ii) Bodemgesteldheid

Faktore soos die aard van die grondstruktuur, ligging (bergwêreld, woestyn of vlaktes), beskikbare watervoorsiening en ander fisiese omgewingstoestande is belangrike bepalende faktore ten opsigte van sportsoorte wat beoefen kan word. Dit sal noodwendig ook die terreinbeplanning en -uitleg raak.

(b) Bevolkingsdigtheid

Lande met 'n hoë bevolkingsdigtheid en 'n hoë belangstellingsyfer in sport, sal die beplanning en uitleg van sportfasiliteite op groot skaal moet aanpak. Dit kan ook gebeur dat waar die bevolkingsdigtheid van 'n gebied hoog is, die beplanning en uitleg van voldoende sportfasiliteite 'n probleem kan wees. (Hier word onwillekeurig aan reeds beboude, ondoeltreffend-beplande woongebiede gedink.)

(c) Die kultuurmilieu

(i) Kulturele ontwikkelingsvlak van die bevolking van 'n land

'n Bevolking wat op 'n hoër trap van beskawing as 'n ander staan, sal wyer horisonne en breër terreine verken en derhalwe ook ten opsigte van hul ontspanningsbelangstellings op 'n hoër niveau as die primitiewe kultuurgroepe wees.

In hoogs beskaafde lande mag daar derhalwe groter belangstelling vir internasionale, mededingende sportsoorte wees, wat gevolglik die fasiliteitsvoorsiening ook direk sal raak. Hierdie hoogs beskaafde lande sal derhalwe uitbreiding op sportgebied op groot skaal moet aanpak en gevolglik groter uitgawes aangaan. Verder is dit ook 'n verskynsel dat die bevolking in hoogs ontwikkelde lande, meer vryetyd tot hulle beskikking het wat hulle doelgerig wil benut. Dit bring mee dat 'n verskeidenheid sportsoorte beoefenaars en toeskouers se belangstelling sal geniet wat tot uitbreiding van fasiliteite aanleiding sal gee.

(ii) Finansiële gesteldheid

Alhoewel hierdie aspek gewoonlik ten nouste met die kulturele ontwikkelingsvlak saamhang, bestaan daar nietemin tussen lande wat op nagenoeg dieselfde kulturele ontwikkelingsvlak verkeer, groot onderlinge verskille wat betref finansiële gesteldheid. So byvoorbeeld mag sekere hoogs ontwikkelde lande, vanweë onderlinge verskille in ekonomiese vooruitgang, aan beperkinge ten opsigte van uitgawes vir ontspanning en vryetydsbesteding onderhewig wees.

(iii) Kulturele belangstellingsvelde

Vanweë die kultuur-historiese agtergrond van verskillende bevolkingsgroepe, kan daar verskille in belangstelling voorkom. So kan 'n spesifieke bevolkingsgroep 'n groter belangstelling in die fynere kulturele aktiwiteite toon waar die klem veral op die estetiese, byvoorbeeld volksmusiek en -spele (danse) val, terwyl 'n ander weer in die meer mededingende aspekte van ontspanning, waar fisiese behendigheid en/of krag vereis word, mag belangstel. In eersgenoemde geval is dit duidelik dat die voorsiening van sportfasiliteite wel nodig maar nie so dringend noodsaaklik mag wees nie.

(d) Regeringsbeleid

Die landsregering mag, alhoewel nie noodwendig nie, 'n invloed op die houding van 'n spesifieke kultuurgroep jeens sport hê. 'n Regering mag naamlik simpatiek of onsimpatiek jeens sportbeoefening staan. 'n Positiewe gesindheid jeens sport mag as stimulus ter bevordering van sport en voorsiening van fasiliteite dien.

3.2.3 Die noodsaak om met hierdie faktore rekening te hou in 'n vergelykende studie

Wanneer statistiese gegewens insake die voorsiening van sportfasiliteite binne 'n spesifieke bevolkingsgroep met dié van 'n ander vergelyk word, moet eers deeglik besin word of die vergelyking enigsins geldig kan wees, daar genoemde faktore bepalend ten opsigte van die interpretasie van statistiese gegewens mag funksioneer. Hierdie benadering sal veral nodig blyk te wees waar die neiging hom voordoen om die gebrek aan sportfasiliteite binne 'n spesifieke bevolkingsgroep sonder meer aan die onverskilligheid of laksheid van die betrokke bevolkingsgroep te wil toedig.

Aangesien 'n blote vertolking van statistiese gegewens dus 'n skewe beeld van die voorsiening van fasiliteite kan gee, sal 'n geldige vergelyking slegs moontlik wees indien alle moontlike beïnvloedende faktore telkens in ag geneem word.

## 3.3 DIE VOORSIENING VAN SPORTFASILITEITE AAN SKOLE IN ENKELE OORSESE LANDE

3.3.1 Finansiering aan staatskole deur onderwysowerhede

(a) Engeland

Hier word 'n spesifieke formule toegepas waarvolgens finansiële toekennings ten opsigte van die uitleg van skoolterreine en -fasiliteite (ook sportvelde) geskied. Die toekennings word as boukoste beskou en word volgens "koste per plek per leerling" bepaal. Die volgende formule word tydens beplanning, met die oog op toekennings, gebruik (22, bl. 26):

(1) Netto koste is uitgawes ten opsigte van skoolgebou, toebehore en speelgrond en is soos volg:

(i) £154 per primêre skoolleerling;

(ii) £264 per sekondêre skoolleerling.

(2) Bruto koste is uitgawes ten opsigte van geplaveide areas, heinings, dreinering en sportgronde en bestaan uit die netto koste plus 10 persent van die netto koste.

(b) Australië

Die meeste state ken 'n subsidie op 'n dollar-vir-dollar-basis aan skole toe (9, bl. 14). Die verskillende staatsowerhede onderneem egter ook die voorsiening van buiteskoolse sportfasiliteite, dog op sekondêre skoolvlak moet leerlinge dikwels verpligte sportgeld betaal wat vir die voorsiening van sportuitrusting en -fasiliteite gebruik word (42, bl. 29).

Die Federale Regering in Australië bevorder doelbewus sport deur 'n "fiksheidsbevorderingstoelaag" aan "Fiksheidsrade" toe te ken. Hierdie jaarlikse toekenning behels ongeveer R145 000*. Die afsonderlike state se regerings maak ook nog 'n verdere bydrae tot die bevordering van hierdie fiksheidsprogram. So byvoorbeeld was Nieu-Suid-Wallis se bydrae in 1957 ongeveer R144 000* (9, bl. 14).

(c) Nieu-Seeland

Waar sport as deel van die liggaamlike opvoedingsprogram tydens skoolure aangebied word, word die finansiering deur die staat onderneem. Vir die oprigting van swembaddens byvoorbeeld, voorsien die Departement van Onderwys subsidies en wel soos volg:

(1) Primêre skole: tot 'n bedrag van £450;

(2) sekondêre skole: tot 'n bedrag van £1 500 (42, bl. 29).

Wanneer sport na skoolure aangebied word, moet addisionele fasiliteite wat moontlik benodig word, self deur die betrokke skole, leerlinge en ouers deur middel van fondsinsamelingsveldtogte voorsien word (42, bl. 31).

(d) Frankryk

Die voorsiening van sportfasiliteite aan skole word òf deur die staat òf deur die betrokke munisipaliteite onderneem (42, bl. 30).

---

* Die bron verstrek die bedrag volgens die RSA se geldeenheid.

(e) Kanada

Waar onderrig in die basiese vaardighede van sport gedurende liggaamlike opvoedingperiodes geskied, word die voorsiening van fasiliteite deur die betrokke onderwysowerhede onderneem (42, bl. 29). Indien addisionele fasiliteite benodig word vir sportsoorte wat na skoolure aangebied word, moet die betrokke skoolrade geheel of gedeeltelik die onkoste dra. Die skoolrade word dikwels deur die fondse ondersteun wat deur ouers en leerlinge tydens fondsinsamelingsveldtogte verkry is (42, bl. 29).

3.3.2 Die aanbevole groottes van sportterreine vir skole

Alhoewel daar in die meeste gevalle daarna gestreef word om in die behoeftes van skole te voorsien, is daar nie in alle lande 'n beleid neergelê waarvolgens die vereiste grootte van sportterreine bepaal word nie. 'n Duidelik-geformuleerde beleid word verder bemoeilik deurdat afsonderlike standaarde vir seun-, meisie- en koëdukasieskole bepaal moet word. Vervolgens word die vereistes vir die grootte van skoolterreine van enkele lande verstrek.

(a) Engeland

Hier is die volgende standpunt ten opsigte van die groottes van sportterreine ingeneem: "No absolute rule can be laid down for the acreage required for playing fields" (5, bl. 10).

Daar is nogtans gepoog om, ter wille van eenvormigheid, standaardgroottes van sportterreine te bepaal. Voor 1951 het die volgende standaarde gegeld:

(1) Primêre skole

(i) 160 leerlinge - 2 tot 3 akker;

(ii) 320 leerlinge - 4 tot 5 akker;

(iii) 480 leerlinge - 6 tot 7 akker (6, bl. 107).

(2) Sekondêre skole

(i) Die klein sekondêre skool (± 160 leerlinge) - ± 5 akker;

(ii) die groot sekondêre skool (300 tot 600 leerlinge) - 3 akker per 100 leerlinge (6, bl. 107).

Hierdie reëling ten opsigte van sekondêre skole het alleenlik met die volgende voorbehoud gegeld:

"This estimate for day schools assumes that there is no waste of space through awkwardness of shape, that the turf is of fairly good quality, that a sufficient space is left between pitches, that hockey or lacrosse is not played over tennis courts, that cricket tables are specially protected, that neither netball or tennis is played as a substitute for such team games as hockey, rounders or cricket, and that the minimum standard above suggested is accepted" (5, bl. 10).

Soos reeds vermeld, is daar geen beperkings op die groottes van die terreine gelê nie, met die gevolg dat terreine dikwels buite verhouding groot geword het. As gevolg van 'n gebrek aan ruimte en met die oog op deeglike beplanning word daar egter sedert 1951 voorgeskrewe standaardgroottes vir terreine aangegee. Die hieropvolgende tabel gee 'n weergawe van die aanbevole terreingroottes vir gemengde sekondêre skole.

'N VERGELYKING TUSSEN DIE VOORGESKREWE STANDAARDGROOTTES VAN TERREINE VIR GEMENGDE SEKONDÊRE SKOLE IN 1951 EN 1954
(22, bl. 47)

| Getal leerlinge | Regulasies 1951 | Regulasies 1954 |
|---|---|---|
| 600 | 13½ akker | 10 akker |
| 750 | 16½ akker | 13 akker |
| 900 | 19½ akker | 13 akker |
| 1 050 | 22½ akker | 16 akker |
| 1 200 | 25½ akker | 16 akker |
| 1 350 | 28½ akker | 19 akker |
| 1 500 | 31½ akker | 19 akker |

(b) Nieu-Seeland

Afhangende van die leerlingtal, word in Nieu-Seeland beoog om die volgende as vereiste grootte vir sportterreine neer te lê:

(1) Primêre skole - 2 tot 7 akker;

(2) sekondêre skole - 18 tot 20 akker (42, bl. 29).

(c) Die Verenigde State van Amerika

Die onderwysowerhede het, op aanbeveling van gesaghebbendes en onder die besef van die noodsaak daarvan om terreine van vol-

doende groottes vir sportaktiwiteite beskikbaar te hê, die volgende standaarde ten aansien van terreingroottes aanvaar:

(1) Primêre skole: 5 tot 10 akker (20, bl. 120).

(2) Junior sekondêre skole (Junior High Schools):
10 tot 20 akker (20, bl. 120).

(3) Senior sekondêre skole (Senior High Schools):

Die voorgeskrewe grootte vir sodanige skole word enersyds bereken volgens die vereistes wat per leerling gestel word en wissel van 18 vk. vt. vir eenvoudige spele tot 6 000 vk. vt. vir spanspele soos byvoorbeeld bofbal. Andersyds hang die vereiste grootte ten nouste saam met die leerlingtal; byvoorbeeld skole met 'n leerlingtal van 500 tot 3 000 het 'n minimum oppervlakte van 15 tot 20 akker nodig (19, bl. 29).

### 3.3.3 Probleme wat allerweë ervaar word

Dit blyk dat die beskikbare sportfasiliteite in baie min gevalle aan die vereistes voldoen (42, bl. 26). 'n Gebrek aan sportfasiliteite word onder andere in Frankryk, Indië, Spanje, Pole en Kanada ervaar. In Kanada byvoorbeeld was daar in die provinsie Brits-Columbia in 1956 geen skool wat oor 'n swembad beskik het nie, terwyl in die state Alberta en Nieu-Brunswyk onderskeidelik een en twee skole was wat oor swembaddens beskik het (42, bl. 27). Daarteenoor het die meerderheid skole in Nieu-Seeland in 1956 oor 'n swembad beskik (42, bl. 28). Dit wil egter voorkom asof daar in baie lande van owerheidsweë gepoog word om die tekort aan fasiliteite die hoof te bied (42, bl. 27 e.v.).

## 3.4 DIE GEMEENSKAPLIKE GEBRUIK VAN SPORTFASILITEITE

Vanweë die snelle bevolkingsaanwas wat oor die algemeen in alle lande ervaar word, het die voorsiening van werklike leefruimte 'n wesenlike probleem geword. 'n Akute woningnood word ervaar, sodat dorps- en stadsbeplanners noodgedwonge hul toevlug tot gesentraliseerde woonruimtebeplanning, in die vorm van woonstelkomplekse, moet neem. Hierdie beleid het veral daartoe bygedra dat in groot stedelike sentra digbewoonde buurtes ontstaan het.

As gevolg van die snelle bevolkingsaanwas en gepaardgaande woningnood, het die ekonomiese benutting van beskikbare terrein dus in toenemende mate die aandag geniet. Hierdie ekonomiese

aspek van terreingebruik het die beplanning en uitleg van ontspanningsfasiliteite direk geraak en bly dit steeds 'n terrein vir navorsing (2, bl. 11).

Wat betref reeds bestaande en/of toekomstige woonareas, het dit egter noodsaaklik geword dat daar nie slegs vir woonruimte voorsiening gemaak moet word nie, maar dat daar ook aan die ontspanningsaspek aandag gegee moet word.

## 3.5 DIE BEPLANNING VAN GEMEENSKAPLIKE SPORTSENTRUMS

Ten einde die beskikbare terreine ekonomies te gebruik, het die gedagte ontstaan om gesentraliseerde gemeenskapsentrums daar te stel om in die ontspanningsbehoeftes van die stedelike gemeenskappe te voorsien. Die idee is om hierdie terrein aan volwassenes en kinders (binne en buite skoolverband) beskikbaar te stel. Aangesien skole ook 'n tekort aan leefarea ondervind, het die verdere gedagte ontstaan of daar nie onderlinge gebruik van sportterreine kan plaasvind nie. Uit die geraadpleegde bronne blyk dit nie baie duidelik of hierdie gebruik algemeen voorkom nie, dog dit wil voorkom asof bogenoemde gemeenskaplike ontspanningsareas tot die beskikking van skole gestel word en of dit die tendens vir die toekoms gaan wees. Hierdie gedagte het reeds vergestalting gevind soos blyk uit die oprigting van gemeenskaplike sentra in verskillende lande, soos in die volgende programme uiteengesit.

### 3.5.1 Sentrale stedelike sentra

(a) Noorweë

Hier word reeds sedert 1946 in die meeste stede en dorpe gemeenskaplike sportsentra opgerig. Hierdie taak is veral die verantwoordelikheid van die "State Office for Youth Work and Sport" (25, bl. 43). Die Jordal-stadion in Oslo dien as voorbeeld van so 'n projek.

(b) Engeland

Die Londense stadsraad het 'n skema beplan waarvolgens 'n reuse gemeenskaplike ontspanningsterrein teen 'n bedrag van ongeveer R4 miljoen opgerig word en wat as die "National Youth and Sports Centre" bekend sal staan (46, bl. 6).

(c) Australië

Skemas soos dié in Oslo en Londen bestaan en word in die vooruitsig gestel in Sydney (2, bl. 63).

(d) Verenigde State van Amerika

Hier word gemeenskaplike ontspanning- en sportsentra daargestel wat groot areas bedien. Hierdie sentra staan onder andere as "gemeenskapsparke" en "ontspanningsreservate" bekend en is onderskeidelik ongeveer 50 tot 100 akker en 50 000 akker groot (14, bl. 1).

Die nadeel van hierdie reuse sentrale gemeenskapsentrums is dat, indien leerlinge dit wil gebruik, hulle soms oor groot afstande daarheen vervoer moet word. So byvoorbeeld moet sommige leerlinge tot 15 myl op die heenreis aflê om die "National Youth and Sports Centre" te besoek (46, bl. 6). Indien hierdie groot afstande ná skoolure afgelê moet word, kan dit probleme ten aansien van vervoer en tyd oplewer.

3.5.2 Voorstedelike sportsentra (nie aan 'n spesifieke skool verbonde nie)

Om in die behoeftes van voorstedelike gemeenskappe en skole te voorsien, word daar in sommige stede en dorpe sportsentra opgerig wat nie slegs die betrokke voorstedelike gemeenskap bedien nie, maar ook deur 'n aantal skole in rotasievolgorde gebruik word. In die hieropvolgende paragrawe word die voorstedelike sportsentra van enkele oorsese lande bespreek.

(a) Engeland

Senior primêre skole wat opgerig word, word van die minimum sportfasiliteite voorsien, dog word so beplan dat 'n aantal soortgelyke skole van 'n nabygeleë sentrale sentrum se addisionele fasiliteite gebruik kan maak (6, bl. 15). Ten opsigte van sekondêre skole het sommige plaaslike owerhede die gebruik dat genoemde skole op gesette tye van sentrale voorstedelike ontspanningsentra gebruik kan maak (5, bl. 10).

"This may be necessary, though it is not an ideal arrangement" (5, bl. 10). Uit hierdie beskouing kan egter afgelei word dat dié reëling ten opsigte van sekondêre skole nie aan te bevele is nie.

(b) Noorweë

In digbeboude dele van Oslo maak skole volgens roosters in rotasievolgorde van gemeenskaplike, sentraal-geleë fasiliteite gebruik (25, bl. 50).

(c) Australië

Die gebruik van gemeenskaplike sportfasiliteite geniet ook hier die aandag soos weerspieël deur die volgende:

"As such it is supplementary to schools, providing chiefly for out of school times, vacations and holidays. It should be a co-operative undertaking, planned and administered by the citizens of a locality to ensure that their children have the necessary playing area and facilities for wholesome and healthy leasure time activities" (2, bl. 13). Sodanige terreine bestaan hoofsaaklik in Sydney vir die gebruik van die algemene publiek, en onder andere sportklubs en mag op gesette tye ook deur skole besoek word. Leerlinge wat in skoolverband van hierdie terreine gebruik maak, moet egter van toesighoudende onderwysers vergesel word, terwyl alle aktiwiteite wat beoefen word ook die goedkeuring van die "playground supervisor" moet wegdra (2, bl. 63).

(d) Verenigde State van Amerika: Die "neighborhood playground"

(i) Funksie van hierdie terrein

In die Verenigde State van Amerika het die beplanning en uitleg van gemeenskapsontspanningsentra reeds baie aandag ontvang. Hierdie sentra word as parke beplan en het die benaming "neighborhood playground" gekry. Die volgende dien as kwalitatiewe omskrywing van hierdie terreine:

"The neighborhood playground is an area designed to serve the primary play interests and needs of children, and also to afford limited recreation opportunities for the entire population of a neighborhood. For many years the playground considered exclusively a children's area, was designed primarily to meet the play needs of the age group 6 to 14 inclusive. It is still the chief center for hildren's outdoor play, but increasingly it affords facilities for the use of young people and adults. It has become a center where the people of the neighborhood can find recreation and relaxation with their families, neighbors and friends" (14, bl. 1).

(ii) Grootte van die terrein

Voorstelle wat deur die "National Recreation Association" en "National Parks Association" ten opsigte van die grootte en uitleg van sodanige terrein voorgelê is, is deur talle plaaslike besture aanvaar (13). Hiervolgens word aanbeveel dat die ideale toestand sou wees dat (14, bl. 6 e.v.) -

(1) een "neighborhood playground" vir elke 5 000 van die bevolking daargestel word;

(2) een akker grond vir elke 800 van die totale bevolking van 'n stad as basis vir die bepaling van die grootte moet dien;

(3) indien so 'n sentrum ook vir sportdoeleindes gebruik moet word, dit wenslik is dat die helfte van die totale oppervlakte van die terrein as sportarea uitgelê moet word;

(4) waar die behoefte bestaan om 'n gedeelte van die terrein vir kinders onder 10 jaar af te sonder, hierdie area ongeveer 'n akker moet beslaan en as "junior playground" bekend sal staan.

(iii) Ligging van die terrein

Wat betref die ligging, moet die terrein -

(1) nie naby hoofpaaie of besigheidsentra geleë wees nie;

(2) verkieslik aan die primêre skool grens; en

(3) ongeveer 'n kwart myl van elke huis af wees (14, bl. 9 e.v.).

(iv) Aktiwiteite waarvoor voorsiening gemaak moet word

Voorsiening vir die volgende aktiwiteite en belangstellingsvelde moet gemaak word:

(1) Apparaat-spele;

(2) spanspele en sport;

(3) kuns, drama en musiek;

(4) informele, indiwiduele aktiwiteite, byvoorbeeld spel in die sandput;

(5) ontspanning tydens gemeenskapsfunksies; en

(6) studie van die plante en die natuur (14, bl. 6).

(v) Beheer en toesig

'n Doeltreffende beheer- en toesigstelsel gebaseer op die voorbeeld soos in die volgende diagram uiteengesit, (14, bl. 252)

word aanbeveel.

"ADMINISTRATION AND SUPERVISION OF RECREATION CENTRES

Mayor and Council

Recreation Commission

Superintendent of Recreation

| Clerical division | Program division | | Maintenance division |
|---|---|---|---|
| Chief clerk | Special activity supervisors | Supervisor of playgrounds | Supervisor of maintenance |
| Stenographers | | Playground directors | Mechanics |
| Clerks | Specialists | Assistant directors | Caretakers |
| Telephone operator | | Recreation leaders | Storekeeper |
| | | Junior assistants | |

(vi) Uitleg van die sportarea

Ten opsigte van die beplanning en uitleg van die sportarea binne hierdie "neighborhood playground" skyn die volgende organisatoriese aspekte 'n doeltreffende vertrekpunt te wees:

(1) Area wat voorsien moet word

a. 'n Gelyk, oop ruimte vir jonger kinders met geen vaste toerusting moet voorsien word waar 'n eenvoudige vorm van georganiseerde spel aangebied kan word.

b. Bane en velde vir georganiseerde spele (byvoorbeeld tennis en netbal) moet verskaf word.

c. Oop speelvelde vir onder andere sokker, hokkie en rugby moet uitgelê word (14, bl. 14).

(2) Ligging van die sportarea

a. Die gelyke, oop area vir jonger kinders moet so geleë wees dat toesig maklik kan geskied en kan selfs in 'n meer afgesonderde hoek van die terrein geplaas word;

b. Die areas vir spansportsoorte (kyk par. (vi), (1) c.) kan langs die park se grensdraad geplaas word (14, bl. 14).

(3) Maksimum benutting van die minimum terreingrootte

Sportvelde vir sportsoorte wat nie gedurende dieselfde seisoen beoefen word nie, kan oorvleuel (14, bl. 14).

## 3.6 DIE SKOOL AS GEMEENSKAPSENTRUM

### 3.6.1 Inleiding

Ten einde die beskikbare leefruimte ekonomies te benut en nogtans die behoeftes van die gemeenskap te bevredig, het in sommige lande die idee posgevat dat die skool as gemeenskapsentrum, veral ten opsigte van sport en ontspanning, moet dien. Die rede hiervoor word deur die volgende weerspieël: "The geographical relationships of school to living quarters, school to play areas, living quarters to working areas, and so on, are such that the school in common with houses, shops and all institutions, is enabled to play its maximum role in the community" (3, bl. 5).

### 3.6.2 Die omvang van 'n dergelike bestaande stelsel

Alhoewel daar deur talle staatsowerhede in dié rigting gewerk word, bestaan daar egter onderlinge verskille wat betref die benadering tot en die uitbouing van die gedagte. Vervolgens word enkele voorbeelde van die praktiese implementering van die gedagte in enkele oorsese lande gegee.

(a) Australië

Die idee om ook die skool met sy fasiliteite as sentrum vir sport en ontspanning vir volwassenes sowel as die jeug te gebruik, het hier sterk posgevat omdat beweer is dat, "through the school we can effectively introduce our children into really co-operative living; yet at the present our schools are probably the most unco-operative and undemocratic institutions which society maintains" (3, bl. 29).

(b) Die Verenigde State van Amerika

(i) Omvang van die stelsel

Dit is veral in die Verenigde State van Amerika dat die skool 'n steeds groter rol in die gemeenskapslewe speel omdat dit, afgesien van die onderwys- en opvoedingstaak, ook as sport- en ontspanningsentrum vir die breër gemeenskap dien. In hierdie verband het die "California Committee on Planning for Recreation, Park Areas and Facilities" aanbeveel dat waar gemeenskapsontspanningsentra vir 'n reeds gevestigde gebied beoog word, die moontlikheid ondersoek moet word om so 'n sentrum aangrensend tot 'n plaaslike skool tot stand te bring. Indien dit wel moontlik blyk te wees, het die komitee aanbeveel dat 'n park van ongeveer 6 akker aangelê moet word wat dan ook vir sportaktiwiteite deur die skoolleerlinge en volwassenes binne die betrokke gemeenskap gebruik kan word (20, bl. 8).

Waar nuwe woongebiede beplan word, bestaan die gebruik reeds om die terreinoppervlak van skole so te beplan dat ook vir sulke gemeenskapsparke ("neighborhood playgrounds") voorsiening gemaak kan word. Talle sulke projekte word in verskillende state aangetref. In Connecticut beslaan Groton Senior High en Somers High onderskeidelik 65 en 100 akker. In Maryland is die terreinoppervlakte van Boonboro High 90 akker en van Salisbury High 50 akker. Clarkstown High in New York se terrein is 40 akker terwyl dié van Great Neck High 115 akker is (20, bl. 20).

(ii) Praktiese implementering van so 'n stelsel

In 1964 het die Topeka-skema in Kansas as voorbeeld van so 'n stelsel in werking getree. Die betrokke stads- en skoolrade het 'n gesamentlike komitee benoem wat veral sport en ontspanning in na-skoolse verband hanteer en as koördinerende liggaam tussen na-skoolse en skoolse aktiwiteite optree. Hierdie liggaam het noodsaaklik blyk te wees daar die primêre skole se buitemuurse fasiliteite gebruik is om aan die "skool-as-gemeenskapsentrum-idee" gestalte te gee. 'n Geskrewe kontrak is opgestel om as 'n basis of vertrekpunt vir dié skema te dien (4, bl. 26). Hierdie kontrak bepaal onder andere -

(1) dat ontspanningskomitees die skole se fasiliteite mag gebruik, dog eersgenoemde se program mag nie met dié van die skole bots nie;

(2) dat genoemde komitee, behalwe gedurende die somer, 1 dollar per uur vir die gebruik van ligte sal betaal;

(3) dat alle fasiliteite wat genoemde komitee daar sal stel, ook deur die skole gebruik mag word;

(4) dat genoemde komitee en die betrokke skoolraad jaarliks inspeksie sal doen en dat die komitee vergoeding vir enige skade (normale slytasie uitgesluit), sal betaal, behalwe in die geval van gebreekte ruite waar die komitee 60 persent van die herstelkoste sal dra;

(5) dat genoemde komitee 60 persent van die opsigtersgelde sal betaal wanneer dienste deur laasgenoemde buite die normale 40-uur werksweek, asook gedurende vakansiedae gelewer word; en

(6) dat die komitee nie vir opsigtersgelde by ander beplande gemeenskapsentra (behalwe gedurende die somermaande) sal betaal nie (12, bl. 26).

Afgesien van genoemde stelsel bestaan daar ook onder andere te Mount Prospect, Austin in Texas en te Elk Grove in Illinois, dergelike stelsels (4, bl. 26).

(iii) Evaluering van skool-gesentreerde sport- en ontspanningsentra

So 'n stelsel kan, indien nie te veel liggame (skole en klubs) daarby betrek word nie, en indien 'n dergelike beplande koördinerende metode van beheer toegepas word, ook in die Republiek van Suid-Afrika beplan en in werking gestel word.

Hierdie stelsel is egter nie volmaak nie en in die beplanning en implementering daarvan behoort altyd aandag gegee te word aan moontlike verbeteringe wat bewerkstellig kan word. In hierdie opsig word enkele voor- en nadele genoem indien so 'n stelsel ingevoer sou word.

a. Voordele

(1) Die skool beskik reeds oor die nodige fasiliteite en apparaat, derhalwe kan besparing ten opsigte van aanvanklike uitgawes geskied.

(2) Die skool sal voortdurend tot die beskikking van die gemeenskap wees.

(3) Die skool kan kontak met leerlinge behou selfs nadat hulle die skool verlaat het.

Ander bykomstige voordele is onder andere:

(4) Dit bring skool en gemeenskap in noue voeling met mekaar en bevorder sodoende samewerking.

(5) Onderhoudskoste van sportvelde sal nie so swaar op die betrokke skole rus nie.

(6) Sentralisering van sport- en ontspanningsgeriewe vergemaklik vervoerprobleme (11, bl. 646).

b. Nadele

(1) Die skool dra alreeds soveel verantwoordelikhede en word deur die genoemde stelsel met bykomstige laste en verantwoordelikhede opgesaal.

(2) Sommige skole se fasiliteite mag reeds ontoereikend wees met die gevolg dat die toestand vererger kan word.

(3) Die ontspanning wat beoog word, kan deur die skoolse formaliteit benadeel en as sodanig geregimenteerd word.

(4) Skoolfasiliteite en ander apparaat kan onherstelbaar beskadig word.

(5) Finansiële probleme kan uit dié stelsel voortspruit.

Verdere nadele wat moontlik uit so 'n stelsel kan voortspruit is byvoorbeeld dat:

(6) Botsings kan tussen die programme van verskilende belanghebbende liggame voorkom.

(7) Reservering van spesifieke tye van die dag of week vir gebruik van die fasiliteite sal moet plaasvind.

(8) Die privaatheid van die skool sal in die gedrang kom (11, bl. 646).

### 3.6.3 Aanbevelings ten opsigte van die implementering van die stelsel "die skool as gemeenskapsentrum" in Suid-Afrika

Die moontlikheid bestaan dat met enkele of meer wysigings die genoemde stelsel ook in Suid-Afrika ten uitvoer gebring kan word. Indien so 'n stelsel beplan sou word, kan die volgende aanbevole beginsels in gedagte gehou word:

(1) Waar nuwe dorpsgebiede beplan word, moet terreine vir ontspanning vroegtydig aangekoop word.

(2) Terreine vir ontspanningsdoeleindes in reeds beboude areas mag (alhoewel moontlik teen 'n baie hoë prys), aangekoop word.

(3) Die werklike parkgedeelte moet slegs vir algemene ontspanningsaktiwiteite gebruik word.

(4) So 'n terrein moet sentraal geleë wees.

(5) Hierdie terrein moet 'n netjiese en beplande voorkoms hê wanneer dit voltooi is.

(6) Tydens die uitleg van die terrein moet aspekte soos nuttigheid, veiligheid en effektiewe toesig in gedagte gehou word.

(7) Was- en toiletgeriewe moet aan die behoeftes en vereistes voldoen.

(8) Skole moet so beplan en gebou word dat die gemeenskap maksimum gebruik van die beskikbare fasiliteite sal hê.

(9) Parke kan so beplan word dat hulle aangrensend aan skole sal wees.

(10) In groot stede moet stads- en skoolrade die beplanning van ontspanningsterreine in oorleg met mekaar laat plaasvind.

(11) Die onderhoudsverantwoordelikhede moet deur die belanghebbende liggame gedra word.

(12) Behoorlike en gereelde toesig moet geskied.

(13) Professionele toesig oor die parkareas moet verskaf word.

(14) Die moontlikhede moet ondersoek word om hierdie terreine teen 'n minimale koste aan die publiek beskikbaar te stel.

(15) Die geriewe en fasiliteite wat aangebied word, moet in oorleg met die belangstellings van die gemeenskap beplan word.

(16) 'n Beplanningskomitee (-raad) moet in samewerking met deskundiges die uitleg van die terrein beplan.

Die "California Committee on Planning for Recreation Park Areas and Facilities" se vóorgestelde standaarde vir sodanige gemeenskapsentra, soos weergegee in die hieropvolgende tabel gestel, lyk na bruikbare riglyne vir toekomstige beplanning.

STANDAARDE VIR OPENBARE PARKE EN ONTSPANNINGSAREAS (20, bl. 9)

| Aard van area | Ouderdomsgroep met voorkeur gebruik | Minimum grootte | Aantal in verhouding tot bevolking | Diensarea | Aanbevole fasiliteite en geriewe |
|---|---|---|---|---|---|
| 1. Omgewingspark en speelgrond<br><br>Behoefte gedeeltelik deur skool bevredig | 5 tot 14 jaar | 10 akker | 1:3 000 | $\frac{1}{2}$-mylstraal | Gras vir informele spele, speelapparaat, skuiling en bedrading |
| 2. Gemeenskapspark-speelarea | Alle groepe veral die jeug | 15 akker | 1:25 000 | ± 1-mylstraal | Gras vir sport; pawiljoene; 4 of meer tennisbane; piekniekplek; swembad; opeluggebou; bome; toiletgeriewe |
| 3. Gespesialiseerde park byvoorbeeld ontspanning of historiese betekenis | Almal | Veranderlik | Volgens publieke belangstelling | Onbeperk | Volgens behoeftes van die gemeenskap |
| 4. Streekpark | Almal | Onbeperk | Na gelang behoeftes van die gemeenskap | Stadsarea | Geografiese en natuurlike kenmerke byvoorbeeld meer; stroom; fauna en flora; piekniekplek; parkeerplek; sportvelde (gholfbaan); dieretuin |

# HOOFSTUK 4

# BELEID TEN AANSIEN VAN SPORT EN SPORTFASILITEITE SOOS DEUR ONDERWYSOWERHEDE IN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA EN SUID-WES-AFRIKA NEERGELÊ

## 4.1 INLEIDENDE OPMERKING

Ten einde uitvoering aan die doelstellings van hierdie navorsingstuk te gee, is dit nodig dat die beleid van die verskillende Onderwysdepartemente sowel as die praktyk ten opsigte van sport en sportfasiliteite in die Republiek van Suid-Afrika en Suidwes-Afrika toegelig word. In hierdie hoofstuk sal uitsluitlik aandag aan die onderskeie Onderwysdepartemente se beleid ten opsigte van genoemde aspekte gegee word, terwyl in 'n latere hoofstuk (kyk hoofstuk 6) die praktyk deurskou sal word.

## 4.2 NASIONALE EN PROVINSIALE ONDERWYSOWERHEDE SE BELEID TEN OPSIGTE VAN SPORT EN SPORTFASILITEITE

'n Studie van die onderstaande aangeleenthede is nodig ten einde 'n volledige beeld ten opsigte van die Republiek van Suid-Afrika en Suidwes-Afrika te kry:

## 4.3 GESINDHEID JEENS DIE AANBIEDING VAN SPORT

Dat die onderwysowerhede 'n positiewe gesindheid jeens die aanbieding van sport op skool openbaar, blyk uit die volgende:

(1) <u>Transvaalse Onderwysdepartement</u>

Deelname aan buitemuurse bedrywighede, onder andere sport, word as 'n belangrike deel van die opvoeding van die indiwidu beskou maar dit vorm nie 'n deel van die kurrikulum nie (39, bl. 1).

(2) <u>Oranje-Vrystaatse Onderwysdepartement</u>

Hierdie Departement is van mening dat sportdeelname gedeeltelik daartoe kan bydra dat -

(i) "Die kind hom beter in sy lewensmilieu kan aanpas daar dit die beste veld vir die kweek van samewerking is.

(ii) Die kind daardeur emosioneel beter toegerus word" (28, bl. 6).

(3) Die Departement van Hoër Onderwys (tans die Departement van Nasionale Opvoeding)

Aan Kinderwetskole en Skole vir Buitengewone Onderwys word die deelname aan sport as een van die belangrikste rehabilitasiemiddels in die "rehabilitasieproses" beskou. "Bo en behalwe die waarde wat dit ten opsigte van fisieke ontwikkeling inhou, lewer sport aan ons skole 'n besondere bydrae ten opsigte van karakterbou, aankweek van gewenste persoonlikheidseienskappe, etiese konsepte en sosiale gedrag asook die aankweek van bevorderlike gesondheidsbeginsels" (16, bl. 1).

Hierdie onderwysowerheid stel dit duidelik dat, alhoewel daar na maksimale en optimale prestasie in die verskillende sportsoorte gestreef word, die klem meer op geestesverryking, genotvolle ontspanning en die verkryging van basiese fiksheid val (16, bl. 1).

(4) Natalse Onderwysdepartement

Hierdie Departement beskou deelname aan sport as 'n uiters belangrike aspek in die opvoeding van die kind. Derhalwe is dit beleid om leerlinge aan te moedig om aan ten minste een sportsoort deel te neem (26, bl. 1).

(5) Onderwysdepartement van Suidwes-Afrika

Alhoewel dit nie pertinent genoem word nie, blyk dit uit dié Departement se beleid ten opsigte van buitemuurse bedrywighede dat deelname aan sport as 'n integrale deel van die opvoedings- en onderwystaak beskou word (1, bl. 1 - 2).

(6) Kaaplandse Onderwysdepartement

Die feit dat hierdie Departement in sy onderwysbeleid ruim voorsiening maak vir die aanbied van sport deur onder andere groot bedrae aan die uitlê van sportterreine te bestee, weerspieël die positiewe gesindheid wat ten opsigte van sport bestaan (32, bl. 1).

## 4.4 VERPLIGTING TOT DEELNAME OP LEERLINGE GELÊ

Wat betref die verpligting op leerlinge gelê om aan buitemuurse aktiwiteite deel te neem, geld die volgende vir die onderskeie onderwysowerhede:

(1) Transvaalse Onderwysdepartement

Geen verpligting tot deelname word deur hierdie Departement op leerlinge gelê nie (39, bl. 1).

(2) Oranje-Vrystaatse Onderwysdepartement

Deelname van leerlinge aan buitemuurse aktiwiteite, derhalwe ook sport, berus geheel en al op vrywillige grondslag (29, bl. 3).

(3) Departement van Hoër Onderwys (tans die Departement van Nasionale Opvoeding)

Alle leerlinge verbonde aan skole wat onder die beheer van hierdie Departement staan, word verplig om aan ten minste een somer- en een wintersportsoort deel te neem (16, bl. 1). Daarbenewens word leerlinge aangemoedig om aan 'n verskeidenheid van sportsoorte deel te neem om sodoende 'n belangstelling en vaardigheid in die onderskeie sportsoorte te ontwikkel.

(4) Natalse Onderwysdepartement

Hierdie Departement lê geen verpligting op leerlinge nie, maar dit is beleid om leerlinge aan te moedig om aan minstens een sportsoort deel te neem (26, bl. 1).

(5) Onderwysdepartement van Suidwes-Afrika

Volgens hierdie Departement word geen verpligting op leerlinge gelê om aan buitemuurse bedrywighede deel te neem nie. Leerlinge word egter sterk aangemoedig om aan sport en ander buitemuurse bedrywighede deel te neem (1, bl. 1).

(6) Kaaplandse Onderwysdepartement

Geen verpligting word op leerlinge gelê om aan buitemuurse bedrywighede deel te neem nie maar leerlinge word sterk aangemoedig om aan een somer- en een wintersport deel te neem (32, bl. 2).

## 4.5 VERPLIGTING OP ONDERWYSERS GELÊ OM MET DIE AFRIGTING EN/OF ORGANISASIE VAN SPORT BEHULPSAAM TE WEES

Wat betref die verpligting op onderwysers gelê om met buitemuurse aktiwiteite behulpsaam te wees, is die beleid van die onderskeie onderwysowerhede soos volg:

(1) Transvaalse Onderwysdepartement

Hierdie Departement verleen amptelike goedkeuring aan hoofde van skole om pligte in verband met buitemuurse aktiwiteite aan onderwysers toe te sê (39, bl. 1). Dit word egter duidelik gestel dat die werkbelading van onderwysers in dié verband met die opstel van 'n werkprogram noukeurige aandag moet geniet (39, bl. 1).

(2) Oranje-Vrystaatse Onderwysdepartement

Volgens Deel XXVII, paragraaf 7(k) van die Onderwysregulasies, 15 Oktober 1968, word die verpligting al dan nie van onderwysers om deel te neem aan die organisasie en afrigting van sport aan die diskresie van elke indiwiduele skoolhoof oorgelaat (29, bl. 3). Hierdie bepaling geskied in ooreenstemming met 'n aanbeveling van die Provinsiale Onderwyskommissie, 1951, waarvolgens die Administrasie ook onderneem om "..... onderwysers te beskerm teen alle aksies wat teen hulle ingestel mag word as gevolg van 'n ongeluk wat plaasvind in die uitoefening van hul pligte in die klaskamer of in verband met die buiteskoolse werksaamhede" (29, bl. 3).

(3) Departement van Hoër Onderwys (tans die Departement van Nasionale Opvoeding)

Die volgende is 'n weerspieëling van hierdie Departement se siening jeens die buitemuurse taak van onderwysers aan hulle skole verbonde:

"Die buitemuurse program word as 'n skooltaak beskou, waarin elke leerkrag op die personeel sy bydrae moet lewer, hetsy met betrekking tot sportkultuur of vryetydsaktiwiteite. Dié leerkragte wat by die buitemuurse sportprogram betrek word, word verwag om twee namiddae per week sportafrigting waar te neem. In die praktyk egter word heelwat meer tyd daaraan bestee omdat die leerkragte daarin belangstel en dit in belang van die leerlinge doen" (16, bl. 2).

(4) Natalse Onderwysdepartement

Dit blyk dat probleme wat in verband met sportfasiliteite en personeel ervaar word, daartoe bydra dat deelname aan skoolsport nie vir alle personeellede verpligtend gemaak kan word nie. Dit veroorsaak egter dat daar dikwels van die hulp van onopgeleide en onervare persone gebruik gemaak moet word (26, bl. 1).

(5) Onderwysdepartement van Suidwes-Afrika

Die verpligting wat ten opsigte van buitemuurse aktiwiteite op onderwysers gelê word, word saamgevat in dié Departement se Onderwysordonnansie van 1962, artikel 38(6) en (7) wat soos volg lui:

"Elke onderwyser moet, benewens die uitvoering van sy pligte gedurende die skoolure en op die skoolperseel, deelneem, wanneer dit vereis word, aan alle sake wat die algemene werk en welsyn van die skool raak: met dien verstande dat hy om gewetensredes kan weier om enige sodanige addisionele pligte uit te voer mits hy onmiddellik sy redes aan die Departement voorlê deur bemiddeling van die Hoofonderwyser (as hy onder 'n hoofonderwyser dien) en daarna kan die Direkteur hom van sodanige pligte vrystel of hom gelas om sodanige pligte uit te voer. Die Hoofonderwyser van 'n skool moet toesien dat die addisionele pligte waarna verwys word, redelik onder die onderwysers in die skool verdeel word en dat dit nie uitermate op een onderwyser rus nie" (1, bl. 2).

(6) Kaaplandse Onderwysdepartement

Die pligte van onderwysers ten opsigte van buitemuurse aktiwiteite word volgens artikel 88(6) van die Onderwysordonnansie, Nr. 20 van 1956, bepaal wat soos volg lui:

"Elke onderwyser moet benewens die uitvoering van sy skoolpligte gedurende die skoolure en op die skoolperseel, deelneem, wanneer dit vereis word, aan alle sake wat die algemene werk en welvaart van die skool raak; met dien verstande dat hy om gewetensredes kan weier om enige sodanige addisionele pligte uit te voer mits hy onmiddellik sy redes aan die Departement voorlê deur bemiddeling van die hoofonderwyser (as hy onder 'n hoofonderwyser dien), komitee en raad, en daarna kan die Superintendent-generaal hom van sodanige pligte vrystel of hom gelas om sodanige pligte uit te voer" (32, bl. 2).

## 4.6 DIE PLEK EN TYD WAT AAN SKOOLSPORT IN DIE SKOOLPROGRAM TOEGESÊ WORD

Die onderwysowerhede se beleid insake die plek en tyd wat aan skoolsport toegesê word, is soos volg:

(1) Transvaalse Onderwysdepartement

Ten opsigte van die plek en tyd wat aan skoolsport in die

skoolprogram toegeken word, blyk dat hierdie Departement geen voorskrifte daaroor het nie maar dit as 'n huishoudelike aangeleentheid van elke skool beskou (39, bl. 1).

(2) Oranje-Vrystaatse Onderwysdepartement

Dit blyk dat sportaktiwiteite gewoonlik buite die vasgestelde skoolure aangebied word en dat daar geen departementele voorskrifte in dié verband bestaan nie. Volgens departementele regulasies mag skoolrade twee ekstra vakansiedae per jaar aan skole toestaan wat vir die skoolsport-programme benut kan word. Behalwe laasgenoemde twee dae kan skoolrade met goedkeuring van die betrokke Inspekteur van Onderwys een ekstra vakansiedag gedurende die jaar vir 'n spesiale funksie toestaan (29, bl. 2).

(3) Die Departement van Hoër Onderwys (tans die Departement van Nasionale Opvoeding)

"In alle departementele skole word die belangrikheid van buitemuurse aktiwiteite sterk beklemtoon en as sulks vorm dit 'n integrale deel van die totale skoolprogram" (16, bl. 1). Laasgenoemde stelling weerspieël die belangrike plek wat sport in hierdie Departement se skoolprogram beklee.

(4) Natalse Onderwysdepartement

Die volgende is 'n aanduiding van hierdie Departement se beleid ten opsigte van die aandeel van sport in die skoolprogram:

"Natalse hoërskole, behalwe 'n paar beroepskole, het 'n twee-sessieskooldag en meeste hoërskole sluit om ± 3.00 uur namiddag. Gedurende somer en winter gee dit in die algemeen $1\frac{1}{2}$ - 2 uur per dag vir sportopleiding en oefening. In Natalse skole is sport streng buitemuurs" (26, bl. 1).

(5) Onderwysdepartement van Suidwes-Afrika

Hierdie Departement se beleid ten opsigte van genoemde aangeleentheid word in die volgende uiteensetting saamgevat:

"Die tyd wat aan buitemuurse aktiwiteite bestee word, wissel van skool tot skool. By koshuise is daar na skoolure vasgestelde studietye wat volgehou moet word. Daarna kan leerlinge deelneem aan georganiseerde sport of ander buitemuurse bedrywighede. Dit beteken dat daar elke namiddag ongeveer twee uur tyd is vir buitemuurse bedrywighede en by groot hoërskole waar daar heelwat geriewe vir verskeie sportsoorte geskep is en baie leerlinge aan sportsoorte deelneem, word ten volle hiervan gebruik gemaak.

Oor die naweke is daar op Saterdae geleentheid vir sport en ander bedrywighede ook gedurende Saterdagaande. Gedurende die skooldae word die aande vir studie gereserveer en vind daar dan geen buitemuurse bedrywighede plaas nie" (1, bl. 1).

(6) Kaaplandse Onderwysdepartement

Departementele skole word in die geleentheid gestel om georganiseerde sport binne of buite die gereelde skoolrooster aan te bied (32, bl. 4). Die Departement skryf egter nie die hoeveelheid tyd voor wat aan sport bestee moet word nie maar dit blyk dat gemiddeld 1 tot 5 uur per week (afhangende van die sportsoort) aan sport bestee word (32, bl. 1 en 2).

## 4.7 BEPLANNING, FINANSIERING EN UITLEG VAN SPORTTERREINE

### 4.7.1 Beleid van die Transvaalse Onderwysdepartement

Volgens die studiestuk "Die Terrein" (37) wat deur die Transvaalse Provinsiale Administrasie gepubliseer is, blyk dit dat bogenoemde Onderwysdepartement die organisasie in verband met die beplanning, finansiering en uitleg van sportterreine aan deskundiges en belanghebbende komitees toevertrou. So byvoorbeeld word in genoemde studiestuk aanbeveel dat die keuse van 'n terrein deur 'n komitee bestaande uit 'n argitek, 'n ingenieur, 'n opvoedkundige en 'n verteenwoordiger van die ouers gedoen word (37, bl. 10).

Aspekte soos die vooruitskatting van die skoolbevolking, fisiese omgewingsfaktore, vervoeraangeleenthede, standaardvoorskrifte ten opsigte van die grootte van die terreine en ekonomiese oorwegings word deur die deskundiges en belanghebbende komitee(s) in ag geneem om te verseker dat die belange van die betrokke skoolgemeenskap sowel as dié van die Departement behartig word (37, bl. 1 - 20).

### 4.7.2 Beleid van die Oranje-Vrystaatse Onderwysdepartement

Die terrein vir die aanlê van 'n skool (ook die sportterrein) word gewoonweg aan die Administrasie deur die betrokke munisipaliteite geskenk. Slegs in uitsonderlike gevalle word terrein deur die Administrasie aangekoop (29, bl. 4).

Beplanning en uitleg van die skoolterrein met die oog op voorsiening van sportfasiliteite word deur die Administrasie op 'n R-vir-R-basis gesubsidieer. Volgens 'n besluit van die Vrystaatse Uitvoerende Komitee sal die Administrasie vanaf 1969

die gelykmaking van terreine by skole onderneem. Hierdie beleid geld veral vir "Skole wat op nuwe terreine opgerig word; terreine wat by 'n skool se uitbreiding gevoeg word en bestaande terreine, waarvan die ontwikkeling abnormale uitgawes sal vereis" (29, bl. 4).

Ten opsigte van die volgende aangeleenthede bestaan daar 'n baie duidelike beleid:

(1) Die aanbou van swembaddens

Die Provinsiale Administrasie subsidieer op 'n R-vir-R-basis tot 'n maksimum van R5 000 per swembad, die aanbou van sodanige fasiliteite. "Hierdie subsidie is geldig vir die aanbou van 'n maksimum van 3 swembaddens per jaar" (29, bl. 4). (Die interpretasie wat deur die skrywer van hierdie verslag aan die aangehaalde sin gegee word, is dat die Provinsiale Administrasie vir die provinsie as geheel net 3 swembaddens per jaar sal subsidieer.)

(2) Die aanbou van tennis- en dwergtennisbane

Die aanbou van genoemde fasiliteite word op die R-vir-R-basis tot 'n maksimum van R10 000 per jaar vir die hele provinsie gesubsidieer (29, bl. 4).

(3) Aankoop van skoolbusse

Die aankoop van 5 "spesiale" skoolbusse word op 'n R-vir-R-basis tot 'n maksimum van R3 000 per bus gesubsidieer. Hierdie busse kan onder andere gebruik word om leerlinge wat aan georganiseerde sportbyeenkomste deelneem, te vervoer (29, bl. 4).

(4) Terreinverbetering

Die Provinsiale Administrasie onderneem verder om "enige ander vorm van terreinverfraaiing en terreinverbetering" op 'n R-vir-R-basis te subsidieer (29, bl. 4).

4.7.3 Die Departement van Hoër Onderwys (tans die Departement van Nasionale Opvoeding)

(i) Algemene beleid ten opsigte van die voorsiening van sportfasiliteite

Hierdie Departement stel dit hom ten doel om ruim voorsiening te maak vir voldoende sportfasiliteite aan alle departementele skole sodat elke leerling die geleentheid mag kry om

aan "gesonde" ontspanningsaktiwiteite deel te neem (16, bl. 3).

(ii) Die aankoop van skoolterreine

Vir die aankoop van skoolterreine word die administratiewe en organisatoriese beleid van dié Departement as vertrekpunt geneem. Hiervolgens word die skole verdeel in Staatsgesubsidieerde skole en suiwer Staatskole (16, bl. 4). Aangesien die prosedure vir die aankoop van terreine ten opsigte van genoemde skole verskil, word dit afsonderlik bespreek.

(1) Staatsgesubsidieerde skole

Onder hierdie skole ressorteer die volgende tipe skole vir Buitengewone Onderwys: "Serebraalverlamdes, Dowes, Blindes en Swaksiendes, Skool vir Epileptici (Jan Krielskool, Kuilsrivier)" (16, bl. 4). Omdat die inisiatief vir die stigting van hierdie skole gewoonlik lê by outonome statutêre liggame of organisasies wat hierdie skole gaan beheer, is hulle verantwoordelik vir die keuse van 'n geskikte terrein. Nadat die Departement hierdie terrein geïnspekteer en goedgekeur het, dra eersgenoemde 90 persent van die onkoste verbonde aan die aankoop van die terrein by (16, bl. 4).

(2) Staatskole

Hieronder ressorteer Kinderwetskole (Nywerheid- en Verbeteringskole) asook Spesiale skole soos die Elizabeth Conradieskool en die W.K. du Plessisskool vir Epileptici. Die Departement is verantwoordelik vir die stigting van hierdie skole en kies derhalwe self die terrein. Nadat die terrein uitgesoek is, word die Departement van Openbare Werke versoek om die terrein ten opsigte van tegniese vereistes en bodemgesteldheid te ondersoek en te keur. Na goedkeuring word dit vir aankoop deur die Departement van Landboukrediet en Grondbesit aanbeveel. Daarna word die aanbevole terrein op die naam van die Staat oorgedra (16, bl. 4).

(iii) Die beplanning en uitleg van skoolterreine

Vroeër het 'n onderafdeling van die Onderwysdepartement, te wete die Afdeling Onderwysbeplanning, die beplanning van geboue en terreine behartig. Uit die geraadpleegde bron blyk dit egter dat daar tans 'n mate van onsekerheid bestaan oor die moontlike oorname al dan nie van bogenoemde Afdeling se taak ten opsigte van die beplanning van geboue en terreine deur die pas gestigte Onderwysburo van die Departement (16, bl. 4).

Die beplanning van terreine geskied volgens vasgestelde norme, in oorleg met die betrokke inspekteurs en in samewerking met die betrokke "skool" (16, bl. 4). Nadat die finale planne deur die Sekretaris van Onderwys goedgekeur is, onderneem die Departement van Openbare Werke die uitleg van die terrein (16, bl. 5).

Ten opsigte van die Kinderwetskole aanvaar die Departement volle verantwoordelikheid vir die voorsiening van sportvelde (16, bl. 5).

### 4.7.4 Beleid van die Natalse Onderwysdepartement

Hierdie Departement se beleid is om reeds by die stigting van 'n skool, voldoende terrein met die oog op toekomstige uitbreiding aan te koop. Indien die uitbreiding van sportterreine by bestaande skole die aankoop van addisionele terrein noodsaak, word dit deur die Provinsiale Administrasie onderneem (26, bl. 3).

Die beplanning en uitleg van sportterreine word deur die Provinsiale Boudienste onderneem wat egter in dié verband ten nouste met die betrokke Skoolbeplanner moet saamwerk (26, bl. 3).

### 4.7.5 Beleid van die Onderwysdepartement van Suidwes-Afrika

Die Provinsiale Administrasie is vir die voorsiening (aankoop) van sportterreine aan skole verantwoordelik. Hierdie reël geld ook waar addisionele gronde aan skole toegestaan word (1, bl. 3). Verder onderneem die Provinsiale Administrasie ook die beplanning, gelykmaking (indien nodig) en uitleg van sportterreine. Met die daarstelling van fasiliteite neem die betrokke skole die inisiatief, maar die Administrasie dra op die R-vir-R-basis tot 'n bepaalde maksimumbedrag tot die volgende fasiliteite by:

Tennisbane: R1 000 per skool per tennisbaan per jaar.

Tennisoefenmuur: R150 per skool per jaar.

Dwergtennisbane: R500 per skool per jaar.

Atletiekbaan: R600 per skool per jaar.

Rugbyveld: R500 per skool per jaar.

Sokkerveld: R500 per skool per jaar.

Netbalveld: R300 per skool per jaar.

Hokkieveld: R500 per skool per jaar. (1, bl. 3).

Benewens bostaande bedrae word 'n R-vir-R-bydrae tot 'n maksimum van R25 000 per onderwyssentrum (nie per indiwiduele inrigting nie) toegelaat (1, bl. 3).

4.7.6 Beleid van die Kaaplandse Onderwysdepartement

(i) Die aankoop van terreine

Volgens Ordonnansie no. 9 van 1939 is die Provinsiale Administrasie by magte om grond te onteien met die oog op die uitleg van 'n skoolterrein. Hierdie onteieningsprosedure word in alle gevalle toegepas behalwe dié waar grond aan kerke of liefdadigheidsinrigtings behoort en hierdie organisasies nie daartoe instem om afstand daarvan te doen nie (32, bl. 3). Vir die aanlê van nuwe hoërskole word gewoonlik 'n perseel van 10 morg vir die geboue, speel- en sportgronde aangeskaf, terwyl die aanbevole grootte vir laerskole 4 morg is.

Ten opsigte van bestaande skole wat uitbreiding van terrein beoog, moet skoolkomitees via hul skoolrade aansoek doen. Verslae oor die geskiktheid van die grond, opgestel deur argitekte en ingenieurs, word saam met die aansoek voor die Uitvoerende Komitee vir goedkeuring gelê. Waar beperkte ruimte uitbreiding in die onmiddellike omgewing onmoontlik maak, moet die betrokke skool noodgedwonge met die minimum fasiliteite tevrede wees (32, bl. 3).

(ii) Beplanning en uitleg van die sportterrein

Dit is beleid dat die Provinsiale Administrasie met die oprigting van 'n nuwe skool die minimum sportgeriewe, dit wil sê een van elke soort sportveld en/of -baan waarvoor die skool kwalifiseer, op eie koste aanlê. Alle bykomstige geriewe word deur die Administrasie op 'n R-vir-R-basis voorsien, mits die skole vir die geriewe kwalifiseer en die fondse van sowel die Administrasie en die betrokke skole daarvoor beskikbaar is (32, bl. 3).

Die beplanning en uitleg van sportvelde word aan siviele ingenieurs opgedra. Nadat hul beplanning deur die Administrasie goedgekeur is, stel die ingenieurs tenderkontrakte op. Waar sportgronde saam met bouwerk onder dieselfde skema uitgevoer word, werk die argitekte en ingenieurs saam wat beplanning betref en daarna is die ingenieurs verantwoordelik vir die siviele werke. Wanneer 'n skool die verdere uitleg van bykomstige velde beoog, onderneem die Administrasie die ruwe gelykmaking van die terrein (32, bl. 3).

## 4.8 DIE VOORGESKREWE GROOTTES VAN TERREINE (INSLUITENDE SPORTTERREINE) TESAME MET DIE AANTAL SPORTVELDE EN -FASILITEITE

Die minimum en/of maksimum grootte van terreine tesame met die aantal sportvelde en -fasiliteite wat deur die verskillende Onderwysdepartemente voorgeskryf word, word vervolgens bespreek.

### 4.8.1 Transvaalse Onderwysdepartement

Hierdie departement skryf die volgende maksimum groottes van skoolterreine (wat die sportterrein insluit) voor: laerskool 4 morg, hoërskool 10 morg, laerskool met koshuis 8 morg en hoërskool met koshuis 20 morg (39, bl. 2).

Met betrekking tot die aantal sportvelde per skool en die grootte van sodanige sportvelde geld die aanbevelings van die Skoolgebouekomitee van die Transvaalse Onderwysdepartement. Hierdie voorgeskrewe getal en grootte word in hoofstuk 5 van hierdie studie uiteengesit.

### 4.8.2 Onderwysdepartement van die Oranje-Vrystaat

Hierdie Departement skryf die volgende minimum groottes van skoolterreine voor wat ook die sportterrein insluit: hoërskole 9½ morg en laerskole 4½ morg.

### 4.8.3 Die Departement van Hoër Onderwys (tans die Departement van Nasionale Opvoeding)

Hierdie Departement het 'n afsonderlike kode ten opsigte van die minimum of maksimum grootte van sportvelde en die aantal sportvelde wat ten opsigte van skole onder hulle jurisdiksie nagevolg word. Die sportfasiliteite vir Kinderwetskole word volgens die aantal leerlinge in elke skool toegeken (16, bl. 3). Ten opsigte van die aantal sportvelde word die volgende as die minimum behoeftes beskou:

| | Skole met tot 200 seuns | Skole met tot 144 dogters |
|---|---|---|
| Atletiekbaan | 1 | 1 |
| Hokkievelde | - | 1 |
| Jukskeibane | 2 | 2 |
| Rugby- en/of sokkervelde | 2 (1 onder 100 leerlinge) | - |
| Tennisbane | 2 | 2 |
| Tennismure (2 kante) | 1 | 1 |
| Korfbal- en netbalvelde | - | 2 |
| Krieketkolfblaaie | 1 | - |

(16, bl. 5).

Aangesien die onderskeie skole vir Buitengewone Onderwys aan leerlinge met 'n verskeidenheid van misdeeldhede akkommodasie bied, verskil die opvoeding- en onderwysprogram tussen hierdie skole ook onderling. Derhalwe het hierdie Departement ten opsigte van hierdie skole geen bepaalde akkommodasiestandaarde neergelê nie (16, bl. 3).

4.8.4 Natalse Onderwysdepartement

Dit blyk dat hierdie Departement die aantal leerlinge per skool as basis vir die toesegging van sportvelde en -fasiliteite aan skole neem (26, bl. 2). Die toekenning geskied soos volg:

(i) Hoërskole vir seuns

Kleedkamers.

Stoorkamers.

Swembad (20 meter x 25 meter).

Rugbyvelde op die volgende basis.

| | |
|---|---|
| 300 leerlinge | 3 velde. |
| 400 leerlinge | 3 velde. |
| 500 leerlinge | 4 velde. |
| 600 leerlinge | 4 velde. |
| 700 - 1 000 leerlinge | 6 velde (minimum). |



HUMAN SCIENCES RESEARCH COUNCIL

Tennisbane: 1 baan per 200 leerlinge.

Krieketnette varieer van 6 tot 20.

Krieketvelde word gewoonlik tussen twee rugbyvelde aangelê (26, bl. 2).

(ii) Hoërskole vir meisies

Kleedkamers.

Stoorkamers.

Swembad (20 meter x 25 meter).

Hokkievelde: Op dieselfde basis as rugbyvelde vir seuns.

Tennisbane: Op die basis van 3 bane vir die eerste 100 leerlinge en een addisionele baan vir elke 100 leerlinge daarna.

Netbalvelde: 1 baan per 200 leerlinge (26, bl. 2).

(iii) Koëdukasieskole

Kleedkamers.

Stoorkamers.

Swembad (20 meter x 25 meter).

Rugby- en hokkievelde word op dieselfde basis as vir seunskole en meisieskole toegeken, maar word op die aparte inskrywings van seuns en dogters bereken.

Tennisbane word op dieselfde basis as vir aparte skole toegeken maar word op die aparte inskrywings van seuns en meisies gebaseer (26, bl. 2).

### 4.8.5 Onderwysdepartement van Suidwes-Afrika

Aangesien die omstandighede vir die voorsiening van skoolterreine dikwels van uiteenlopende aard is, word die volgende as tentatiewe basis ten opsigte van die grootte van skoolterreine geneem:

| | |
|---|---|
| Laerskool sonder koshuis: | 6 hektaar. |
| Laerskool met koshuis : | 8 hektaar. |
| Hoërskool sonder koshuis: | 8 hektaar. |
| Hoërskool met koshuis(e): | 12 hektaar (1, bl. 3). |

Die voorsiening van sportvelde sien soos volg daaruit (1, bl. 2):

(1) Laerskole:

| | Tot 300 leerlinge | meer as 300 leerlinge |
|---|---|---|
| Rugbyvelde | 1 | 2 |
| Netbalvelde | 1 | 2 |
| Tennisbane | 2 | 4 |

(2) Hoërskole:

| | Tot 300 leerlinge | meer as 300 leerlinge | meer as 600 leerlinge |
|---|---|---|---|
| Rugbyvelde | 1 | 2 | 3 |
| Netbalvelde | 1 | 2 | 3 |
| Tennisbane | 2 | 4 | 6 |
| Hokkievelde | 1 | 1 | 2 |

(3) 'n Atletiekbaan(e) word rondom die rugbyveld(e) aangelê (1, bl. 2).

Aangesien daar nog nie 'n basis vir die toekenning van dwergtennisbane, tennisoefenmure en sokkervelde bestaan nie, word alle aansoeke daarvoor deur die Uitvoerende Komitee op meriete behandel (1, bl. 3).

### 4.8.6 Kaaplandse Onderwysdepartement

Ten opsigte van die voorsiening van terrein vir die aanbou van nuwe skole, skryf hierdie Departement die volgende groottes voor:

| | |
|---|---|
| Hoërskole | 10 morg. |
| Laerskole | 4 morg (32, bl. 3). |

Die volgende uiteensetting dien as basis vir die voorsiening van sportgeriewe aan skole wat onder hierdie Departement se beheer staan (32):

(1) Rugbyvelde/Sokkervelde

(i) Laerskole en Middelbare skole

| | | |
|---|---|---|
| 50 tot 150 seuns van st. II af | - | 1 veld. |
| 151 tot 300 seuns van st. II af | - | 2 velde. |
| 301 tot 450 seuns van st. II af | - | 3 velde. |
| 451 en meer seuns van st. II af | - | 4 velde (maksimum). |

(ii) Spesiale Middelbare skole, Hoër Landbouskole en Hoërskole

| | | |
|---|---|---|
| tot 100 seuns | - | 1 veld. |
| 101 tot 250 seuns | - | 2 velde. |
| 251 tot 400 seuns | - | 3 velde. |
| 401 en meer seuns | - | 4 velde (maksimum). |

Indien die skool ook primêre leerlinge huisves, moet alle seuns van st. II af in aanmerking geneem word.

(2) Hokkievelde

(i) Meisies

Laerskole en Middelbare skole

| | | |
|---|---|---|
| 100 tot 300 meisies van st. II af | - | 1 veld. |
| 301 en meer meisies van st. II af | - | 2 velde (maksimum). |

Spesiale Middelbare skole en Hoërskole

| | | |
|---|---|---|
| tot 300 meisies | - | 1 veld. |
| 301 tot 600 meisies | - | 2 velde. |
| 601 en meer meisies | - | 3 velde (maksimum). |

Waar die skool nie netbal speel nie kan die 2de veld op 201 meisies voorsien word. Indien die skool ook primêre skoolleerlinge huisves, word alle meisies van st. II af in aanmerking geneem.

(ii) Elke aansoek om 'n hokkieveld vir seuns word op meriete oorweeg.

(3) Atletiekbane

(i) Laerskole vir seuns

As 'n skool aanspraak kan maak op 'n rugbyveld, kwalifiseer die skool ook vir een atletiekbaan (maksimum).

(ii) Laerskole vir meisies

As 'n skool aanspraak kan maak op 'n hokkieveld, kwalifiseer die skool ook vir een atletiekbaan (maksimum).

(iii) Laerskole vir seuns en meisies

As die inskrywing (seuns en meisies) 100 of meer leerlinge in standerds II tot V is, kwalifiseer die skool vir een atletiekbaan (maksimum).

(iv) Middelbare skole

As die inskrywing (seuns en meisies) 100 of meer leerlinge in standerds II tot VIII is, kwalifiseer die skool vir een atletiekbaan (maksimum).

(v) Spesiale Middelbare skole, Hoër Landbouskole en Hoërskole

Een atletiekbaan (maksimum) vir 'n skool.

(4) Tennis- en dwergtennisbane

(i) Laerskole en Middelbare skole

tot 150 leerlinge (van sub. A af) - 1 oppervlakte.
151 tot 300 leerlinge (van sub. A af) - 2 oppervlaktes.
301 tot 450 leerlinge (van sub. A af) - 3 oppervlaktes.
451 tot 600 leerlinge (van sub. A af) - 4 oppervlaktes.
601 tot 750 leerlinge (van sub. A af) - 5 oppervlaktes.
751 en meer leerlinge (van sub. A af) - 6 oppervlaktes.

(Eerste oppervlakte 140' x 64'. Elke oppervlakte daarna 120' x 60').

(ii) Spesiale Middelbare skole, Hoër Landbouskole en Hoërskole

| | | |
|---|---|---|
| tot 75 leerlinge | - | 1 oppervlakte 60' x 120'. |
| 76 tot 150 leerlinge | - | 2 oppervlaktes 60' x 120'. |
| 151 tot 225 leerlinge | - | 3 oppervlaktes 60' x 120'. |
| 226 tot 300 leerlinge | - | 4 oppervlaktes 60' x 120'. |
| 301 tot 400 leerlinge | - | 5 oppervlaktes 60' x 120'. |
| 401 tot 500 leerlinge | - | 6 oppervlaktes 60' x 120'. |
| 501 tot 600 leerlinge | - | 7 oppervlaktes 60' x 120'. |
| 601 en meer leerlinge | - | 8 oppervlaktes 60' x 120' (Maksimum.) |

As die skool ook primêre leerlinge huisves, word beide die primêre en sekondêre leerlinge in aanmerking geneem en sal een oppervlakte 140' x 64' groot wees.

(5) Krieketvelde

(i) Laerskole en Middelbare skole

Een veld (maksimum) word voorsien as die getal seuns van st. II af 100 en meer is. Die blad kan op die rugbyveld geplaas word.

(ii) Spesiale Middelbare skole, Hoër Landbouskole en Hoërskole

| | | |
|---|---|---|
| tot 300 seuns | - | 1 veld. |
| 301 en meer seuns | - | 2 velde (maksimum). |

As die skool ook primêre skoolleerlinge huisves, word al die seuns van st. II af in aanmerking geneem. Die velde word alleenlik voorsien as hulle gerieflik ingepas kan word. Waar die topografie moeilik is, word die blad in die middel van die rugbyveld geplaas.

(6) Netbal

(i) Laerskole en Middelbare skole

| | | |
|---|---|---|
| 50 tot 300 meisies van st. II af | - | 1 baan. |
| 301 tot 450 meisies van st. II af | - | 2 bane. |
| 451 en meer meisies van st. II af | - | 3 bane (maksimum). |

(ii) Spesiale Middelbare skole en Hoërskole

| | | |
|---|---|---|
| tot 100 meisies | - | 1 baan. |
| 101 tot 200 meisies | - | 2 bane. |
| 201 tot 300 meisies | - | 3 bane. |
| 301 en meer meisies | - | 4 bane (maksimum). |

As die skool ook primêre skoolleerlinge huisves, word al die meisies van st. II af in aanmerking geneem.

(7) Krieket Oefennette

(i) Laerskole en Middelbare skole

| | | |
|---|---|---|
| 50 tot 150 seuns van st. II af | - | 1 net. |
| 151 tot 300 seuns van st. II af | - | 2 nette. |
| 301 tot 450 seuns van st. II af | - | 3 nette. |
| 451 en meer seuns van st. II af | - | 4 nette (maksimum). |

(ii) Spesiale Middelbare skole, Hoër Landbouskole en Hoërskole

| | | |
|---|---|---|
| tot 75 seuns | - | 1 net. |
| 76 tot 150 seuns | - | 2 nette. |
| 151 tot 250 seuns | - | 3 nette. |
| 251 tot 350 seuns | - | 4 nette. |
| 351 tot 450 seuns | - | 5 nette. |
| 451 en meer seuns | - | 6 nette (maksimum). |

As die skool ook primêre skoolleerlinge huisves, word al die seuns van standerd II af in aanmerking geneem.

Bo en behalwe die oppervlakte hierbo gemeld, moet ook nog 'n teerblad 120' x 60' vir liggaamsopvoeding daargestel word.

## 4.9 DIE INSTANDHOUDING VAN SPORTVELDE EN -FASILITEITE

Die onderskeie Onderwysdepartemente se beleid met betrekking tot die instandhouding van sportvelde en -fasiliteite is uiteenlopend van aard soos uit die hieropvolgende paragrawe sal blyk.

4.9.1 Transvaalse Onderwysdepartement

Dit blyk dat die skole wat onder hierdie Departement se beheer staan self vir die instandhouding van sportvelde en -fasiliteite verantwoordelik is (39, bl. 2).

4.9.2 Oranje-Vrystaatse Onderwysdepartement

Die instandhouding van die sportterrein en -fasiliteite van skole onder hierdie Departement se beheer, is die betrokke skole se eie verantwoordelikheid (29, bl. 4). Dit is egter hierdie Departement se beleid om die aankoop van grassnyers met die oog op algemene skoolgebruik (derhalwe ook ten opsigte van sportterreine) soos volg te subsidieer:

(1) Handmodel: Een per skool tot 'n maksimum bedrag van R80.

(2) Enjin-aangedrewe: Een per skool tot 'n maksimum bedrag van R160 (30, bl. 2).

Tans stel hierdie Departement ook faktotums aan wat onder andere as taak het om toesig te hou oor en behulpsaam te wees met die aanlê en instandhouding van tennisbane en sportvelde en die oprigting van omheinings (31, bylae A).

4.9.3 Die Departement van Hoër Onderwys (tans die Departement van Nasionale Opvoeding)

Ten opsigte van Kinderwetskole aanvaar dié Departement volle verantwoordelikheid vir die instandhouding van sportvelde (17, bl. 5). Met betrekking tot die instandhouding van swembaddens dra die Departement jaarliks soos volg by:

| | |
|---|---|
| Swembaddens met inhoud van 150 000 gellings en meer: | R150 |
| Swembaddens met inhoud van 75 000 gellings en meer: | R100 |
| Swembaddens met minder as 75 000 gellings: | |
| Met filtreertoestel | R 60 |
| Sonder filtreertoestel | R 40 |

(17, bl. 4).

4.9.4 Natalse Onderwysdepartement

Dit blyk dat die sportterreine van skole wat onder hierdie Departement se beheer staan, deur die Provinsiale Boudienste in stand gehou word. Skole mag egter bykomende gereedskap en masjinerie vir die doeltreffende instandhouding van sportterreine

aankoop, en as hierdie masjinerie die goedkeuring van die Direkteur van Provinsiale Boudienste wegdra, word hierdie gereedskap en masjinerie, deur die Departement van Boudienste in stand gehou (26, bl. 3).

4.9.5 Onderwysdepartement van Suidwes-Afrika

Dit blyk dat skole wat onder hierdie Departement se beheer staan, self vir die instandhouding van sportterreine verantwoordelik is (1, bl. 3).

4.9.6 Kaaplandse Onderwysdepartement

Die algemene instandhouding van sportvelde en swembaddens, is die verantwoordelikheid van die betrokke skole. Wat betref die voorsiening van bogrond en die vervanging van die blad van tennis- en dwergtennisbane, is dit die Departement se beleid om op 'n R-vir-R-basis daartoe by te dra (34, bl. 1).

Die besproeiing van sportvelde en die vul van swembaddens geskied op die volgende basis:

(1) Die betrokke skole word ten volle vir sodanige onkoste verantwoordelik gehou.

(2) Die Departement subsidieer op 'n R-vir-R-basis die aankoop van waterpype (34, bl. 2).

(3) Waar skole afhanklik van boorgate en plaaslik-opgerigte damme as bron van watervoorsiening is, en dit ongetwyfeld addisionele uitgawes tot gevolg het, staan die Departement sodanige skole finansieel op 'n R-vir-R-basis by (34, bl. 2).

(4) Waar skole van 'n gemeenskaplike waterbron gebruik maak en daar watermeters in gebruik is, moet afsonderlike meters vir die gebouekompleks en die sportvelde aangebring word en is die prosedure soos volg:

   (i) In die gevalle waar bestaande sportvelde en/of swembaddens betrokke is, dra die Administrasie die volle koste vir die installering van aparte watermeters.

   (ii) Waar nuwe skemas vir sportvelde en/of swembaddens aangepak word, dra die Departement op 'n R-vir-R-basis by tot die installering van aparte watermeters.

(iii) Waar 'n watermeterstelsel volgens vasgestelde tariewe vervang word, word die volgende beleid gevolg:

Indien 'n gesamentlike aansluiting vir sowel die skool se huishoudelike doeleindes as vir sportvelde en/of swembaddens bestaan, word die watervoorsieningstarief op 'n vyftig-vyftig-grondslag deur die betrokke skool en die Administrasie gedra. Indien aparte aansluitings geïnstalleer is, is die Administrasie verantwoordelik vir die betaling van die gelde vir die skool se huishoudelike waterverbruik, terwyl die skole vir die gelde ten opsigte van sportvelde en/of swembaddens verantwoordelik is (34, bl. 2).

(5) Waar skole en hul sportvelde en/of swembaddens deur gemeenskaplike pompinstallasies bedien word, moet die lopende koste van sodanige installasies soos vir onder andere brandstof, smeerolie en elektrisiteit op 'n vyftig-vyftig-grondslag deur die Administrasie en die betrokke skole betaal word (34, bl. 2).

(6) In gevalle waar die skoolgeboue en die sportvelde en/of swembaddens deur 'n gesamentlike elektriese toevoer bedien word, moet aparte elektrisiteitsmeters op dieselfde grondslag soos in paragraaf 4(i) (ii) hierbo uiteengesit, geïnstalleer word (34, bl. 3).

# HOOFSTUK 5

# DIE EKONOMIESE BEPLANNING, VOORSIENING EN GEBRUIK VAN SPORTFASILITEITE

## 5.1 DIE BYDRAE VAN KOMITEES IN DIÉ VERBAND

Met betrekking tot aanbevole groottes, beplanning en uitleg van sportterreine, kan die bevindings uit die verslae van die volgende komitees as belangrik beskou word:

(1) "Report on School and Hostel Planning by the Committee appointed by the Superintendent-General of Education, Cape of Good Hope, 1951" (24, bl. 31).

(2) Die Skoolgebouekomitee van die Transvaalse Onderwysdepartement in samewerking met die Nasionale Bounavorsingsinstituut (WNNR) en die Transvaalse Provinsiale Administrasie (24, bl. 31).

(3) Die Beroepskoolgebouekomitee van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap in samewerking met die Nasionale Bounavorsingsinstituut (WNNR) en die Departement van Openbare Werke (24, bl. 31).

Aan die hand van hierdie komiteeverslae en geraadpleegde literatuur, blyk daar vereistes te wees wat in aanmerking geneem word wanneer 'n skoolterrein-keuse gedoen moet word. Hierdie vereistes geld nie net ten opsigte van die skoolgebou wat op die terrein geplaas moet word nie, maar ook vir die sportfasiliteite, en in baie gevalle ook vir die koshuisterrein en sy fasiliteite wat op die skoolterrein aangelê moet word.

## 5.2 VEREISTES WAARAAN DIE SPORTTERREIN MOET VOLDOEN

### 5.2.1 <u>Sentrale ligging van die sportterrein as vereiste</u>

Wat betref die ligging van die terrein, word vereis dat so 'n terrein binne die kortste bereikbare afstand vir al die persone wat dit gebruik, geleë moet wees (24, bl. 7; 21, bl. 10). Alhoewel 'n sentraal geleë sportterrein die mees wenslike is, sal dit 'n probleem skep in gevestigde woonbuurtes omdat die aankoop van bykomende of 'n nuwe terrein teen hoë koste sal geskied. 'n Beleid van onteiening kan wel toegepas word om in die behoeftes te voorsien.

5.2.2 Vereistes ten aansien van sportterreine binne nuwe dorps- of stadsaanlegte

Wanneer 'n skoolterrein, derhalwe ook 'n sportterrein, vir aanleg beplan word, is dit nodig dat aan die volgende aspekte oorweging verleen sal word:

(1) Vooruitskatting van die skoolbevolking

Deur 'n vooruitskatting van die skoolbevolking te maak, kan daar tydens die beplanning vir moontlike vermeerdering in leerlingtal voorsiening gemaak word. Die grootte van die sportterrein vir die onmiddellike en toekomstige behoeftes kan na aanleiding hiervan bepaal word (24, bl. 8).

(2) Verkeersweë

Afgesien van die gevaar wat druk-gebruikte verkeersweë vir leerlinge inhou wat daarvan gebruik maak of dit moet kruis, kan die teenwoordigheid van voortdurende verkeer ook steurend wees wanneer sport beoefen word (24, bl. 8; 21, bl. 10).

(3) Vervoerdienste

Aangesien leerlinge dikwels van voorstedelike bus- en/of treinvervoer afhanklik is, moet vasgestel word of bestaande dienste sonder of met wysigings deur leerlinge van en na die sportterrein gebruik sal kan word (24, bl. 8).

5.2.3 Vereistes ten aansien van sportterreine van skole wat binne gevestigde of digbeboude gebiede geleë is (24, bl. 9)

Die aankoop en uitleg van sodanige sportterreine gaan gewoonlik met hoë onkoste gepaard. Derhalwe moet dit oorweeg word om sodanige terrein aan die buitewyke van 'n dorp of stad, maar binne bereik van voorstedelike vervoerdienste, aan te lê. In so 'n geval kan onder andere ook die gemeenskaplike gebruik deur 'n aantal skole in gedagte gehou word wat op sigself moontlike besparing tot gevolg kan hê.

5.2.4 Die terrein moet aan al die onderwysvereistes voldoen (24, bl. 9)

Die beplanning van die terrein moet sodanig wees dat met die leerlinge se ouderdomspeil en ontspanningsbehoeftes rekening gehou word (15, bl. 1117). Daar moet vir 'n verskeidenheid

van buitemuurse aktiwiteite voorsiening gemaak word om aan hierdie vereiste te kan voldoen.

5.2.5 Tegniese en bouvereistes waaraan die sportterrein moet voldoen

Van die tegniese en bouvereistes wat daar aan die uitleg van die skoolterrein gestel word (24, bl. 13), is die volgende veral op die sportterrein van toepassing:

(a) Aard van die grondstruktuur (24, bl. 13)

Wat betref die aard van die grondstruktuur, moet daar aan die volgende aandag gegee word:

(1) Die aard van die bo- en ondergrond moet sodanig wees dat dit geskik is vir die aanplant van gras. (Klipperige grond is nie bevorderlik vir die aanplant van gras of waar gelyk oppervlaktes verlang word nie.)

(2) Waar dolomitiese afsettings voorkom, bestaan die gevaar van insinkings wat, indien dit voorkom, skade aan onder andere tennisbane en swembaddens kan aanrig.

(3) Die aard van die grond moet vir dreinering bevorderlik wees om te verseker dat die velde na skielike stortbuie baie gou sal kan afdroog. (Waar die grondstruktuur van so 'n aard is dat vlakliggende ondeurdringbare onderlae die natuurlike dreinering bemoeilik, is sulke grond beslis nie geskik vir die aanlê van sportvelde nie, tensy op kunsmatige manier vir dreinering voorsiening gemaak kan word (21, bl. 11).)

(b) Helling van die grond

Uit 'n praktiese of ekonomiese oogpunt beskou, sou dit die beste wees om die sportarea op 'n gelyk gedeelte van die terrein te plaas. Waar die terrein reeds 'n helling het, sal dit van belang wees om in gedagte te hou "dat dit baie geld sal kos en baie tyd in beslag sal neem om sportvelde uit te lê op terrein wat steiler as 1:30 is, tensy die bogrond diep is" (37, bl. 12). Dit blyk dat die ideale helling vir die aanlê van sportvelde tussen 1:75 en 1:80 moet wees (37, bl. 12; 21, bl. 12). In dié verband is dit ook belangrik om te let op die hellingsvereistes van 'n terrein wat vir onder andere die volgende sportsoorte gestel word (36, bl. 5):

(1) Krieket:

Die krieketblad moet 'n dwars-"val" van 1:40 hê, en die vereiste "val" van die blad in die rigting van spel moet 1:80 wees.

(2) Tennis en Netbal:

Die helling dwars met die spel moet 1:80 wees.

(3) Atletiek:

Die dwars-"val" moet nie meer as 1:100 en in die rigting van die baan 1:1000 wees nie.

Waar daar wel 'n bruikbare helling op 'n terrein voorkom, moet ekonomiese oorwegings bepalend wees ten opsigte van die plasing van die skoolgebou en veral ook die sportterrein (24, bl. 13). Wanneer byvoorbeeld 'n sportveld van normale grootte op 'n helling met 'n maksimum steilte van 1:30 aangelê word, sal die meeste werk daarin geleë wees om oor die breedte aan die een kant 3 voet 6 duim uit te grawe en aan die ander kant tot op dieselfde hoogte op te vul (37, bl. 12).

(c) Plasing van die sportvelde op die terrein

Hierdie aspek hang ten nouste met die helling van die grond saam. Wat betref die helling van die grond, blyk dit dat die beste sou wees om sportvelde te plaas waar die kontoere van oos na wes loop (80, bl. 14). Die plasing van die sportterrein moet ook sodanig wees dat fisiese hindernisse en steurnisse tot 'n minimum beperk sal wees (15, bl. 1117). Dit is ook belangrik om daarop te wys dat aanbeveel word dat die plasing van die sportvelde in oorleg met "terreinbeplanningspesialiste" moet geskied (80, bl. 14; 21, bl. 17).

## 5.3 AANBEVELINGS VAN DIE KAAPLANDSE KOMITEE VIR SKOOL- EN KOSHUISBEPLANNING

Dié Komitee se aanbevelings met betrekking tot die verskaffing van speel-, liggaamsopvoeding- en sportvelde (slegs maksimum groottes van terreine word gegee) vir die verskillende soorte skole word in die volgende paragrawe weergegee.

### 5.3.1 Voorbereidende skole (terrein 1 morg)

Die Komitee se aanbevelings met betrekking tot die benutting van die terrein van die voorbereidende skool vir buitemuurse aktiwiteite is soos volg:

(1) Geen sportvelde is nodig nie.

(2) Daar moet genoeg grasperke vir spel en spele wees.

(3) Vir die kleuters moet 'n afgesonderde speelterrein ingerig word.

(4) 'n Sandput van 6 voet x 6 voet x 6 duim moet vir die kleuters verskaf word.

(5) 'n Skuiling teen reën en son moet verskaf word (24, bl. 33).

5.3.2 Primêre skole (terrein 3 tot 4 morg)

Die Komitee se aanbevelings met betrekking tot die benutting van die primêre skoolterrein vir buitemuurse aktiwiteite word vir die meisieskool, seunskool en koëdukasieskool (gemengde skool) afsonderlik gegee.

(a) Meisieskool (primêre skool)

Die aanbevelings is soos volg:

(1) Vir liggaamlike opvoeding moet een grasperk (120' x 60') verskaf word. Indien die inskrywingtal 300 oortref, moet twee sodanige oppervlaktes verskaf word.

(2) Vir elke 100 meisies moet een netbalveld verskaf word.

(3) Vir elke 100 meisies van 10 jaar en ouer moet een tennisbaan verskaf word (24, bl. 34).

(b) Seunskool (primêre skool)

Die aanbevelings is soos volg:

(1) Vir liggaamlike opvoeding moet een grasperk (120' x 60') verskaf word. As die inskrywingtal 300 oortref, moet twee grasperke verskaf word.

(2) As die inskrywingtal 100 oortref, moet een voetbalveld, 'n krieketblad en 'n 440-tree-atletiekbaan gesamentlik op 'n oppervlakte van 160 tree by 110 tree aangelê word. As daar meer as 300 seuns ingeskryf is, moet 'n tweede voetbalveld verskaf word.

(3) Vir elke 100 seuns oor die ouderdom van 10 jaar moet 'n tennisbaan verskaf word (24, bl. 34).

(c) <u>Gemengde primêre skole (seuns en meisies)</u>

Die aanbevelings is soos volg:

(1) Vir liggaamlike opvoeding moet twee met gras-beplante ruimtes van 120' x 60' verskaf word.

(2) Vir elke 100 ingeskrewe meisies moet een netbalveld verskaf word.

(3) As die getal ingeskrewe seuns 100 oortref moet een voetbalveld, 'n krieketblad en 'n 440-tree-atletiekbaan gesamentlik op 'n terrein van 160 tree by 110 tree aangelê word.

(4) Vir elke 100 ingeskrewe leerlinge van 10 jaar en ouer moet een tennisbaan aangelê word (24, bl. 34).

(d) <u>Primêre skole met 'n kindertuinafdeling</u>

Die aanbeveling is dat bykomend tot die fasiliteite genoem vir primêre skole sonder 'n kindertuinafdeling, vir die kleuters 'n afsonderlike speelterrein verskaf moet word (24, bl. 34).

5.3.3 <u>Sekondêre skole (terrein 6 tot 8 morg)</u>

Die Komitee se aanbevelings met betrekking tot die benutting van die sekondêre skoolterrein vir buitemuurse aktiwiteite word vir die verskillende soorte sekondêre skole afsonderlik gegee.

(a) <u>Sekondêre skole met primêre afdelings</u>

Die aanbeveling is dat sport- en liggaamlike opvoedingsterreine op dieselfde basis verskaf moet word as vir primêre skole, met dié voorbehoud dat 'n bykomende hokkieveld aangelê moet word as die getal meisies in die ouderdomsgroep 10 jaar en ouer, meer as 75 word (24, bl. 35).

(b) <u>Sekondêre meisieskole</u>

Die aanbevelings is soos volg:

(1) Vir liggaamlike opvoeding moet een grasperk 120' x 60' verskaf word. As die inskrywing 300 meisies oortref, moet twee grasperke verskaf word.

(2) Vir elke 50 ingeskrewe meisies moet een netbalveld verskaf word.

(3) Vir elke 50 ingeskrewe meisies moet een tennisbaan verskaf word.

(4) Vir elke 100 ingeskrewe meisies moet een hokkieveld verskaf word (24, bl. 35).

(c) Sekondêre seunskole

Die aanbevelings is soos volg:

(1) Vir liggaamlike opvoeding moet een grasperk (120' x 60') verskaf word. Indien die inskrywingtal 300 seuns oortref, moet twee grasperke verskaf word.

(2) Een voetbalveld, 'n krieketblad en 'n 440-tree-atletiekbaan moet gesamentlik op 'n terrein van 160 tree by 110 tree aangelê word.

(3) Vir elke 100 ingeskrewe seuns moet 'n addisionele voetbalveld en krieketblad aangelê word.

(4) Vir elke 50 ingeskrewe seuns moet 'n tennisbaan verskaf word (24, bl. 36).

(d) Gemengde sekondêre skole (seuns en meisies)

Die aanbevelings is soos volg:

(1) Vir liggaamlike opvoeding moet twee grasperke (120' x 60') verskaf word.

(2) Vir elke 50 ingeskrewe meisies moet een netbalveld verskaf word.

(3) Vir elke 50 ingeskrewe leerlinge moet een tennisbaan verskaf word.

(4) Vir die eerste 75 meisies moet 'n hokkieveld verskaf word. Daarna moet 'n addisionele hokkieveld vir elke 100 ingeskrewe meisies verskaf word.

(5) 'n Voetbalveld, krieketblad en 'n 440-tree-atletiekbaan moet gesamentlik op 'n terrein van 160 tree x 110 tree aangelê word.

(6) Vir elke 100 ingeskrewe seuns moet 'n addisionele voetbalveld en krieketblad verskaf word (24, bl. 36).

5.3.4 Hoërskole

Die aanbevelings word vir die verskillende soorte hoërskole afsonderlik gegee.

(a) Ad hoc-hoërskool (st. 6 tot st. 10)

Die aanbevelings is dat die sportfasiliteite op dieselfde basis as vir sekondêre skole verskaf moet word. (Vergelyk paragrawe 5.4.1 (c) (2), (3) en (4).)

(b) Hoër meisieskole met primêre afdelings

Die aanbevelings is soos volg:

(1) Vir liggaamlike opvoeding moet een grasperk (120' x 60') verskaf word. As die inskrywingtal 300 oorskry, moet 'n addisionele grasperk voorsien word.

(2) Vir elke 50 meisies in die sekondêre afdeling, asook vir elke 100 meisies in die primêre afdeling, moet 'n netbalveld verskaf word.

(3) Vir elke 50 meisies in die sekondêre afdeling, asook vir elke 100 meisies van 10 jaar en ouer in die primêre afdeling, moet 'n tennisbaan verskaf word.

(4) Vir elke 100 meisies in die sekondêre afdeling moet 'n hokkieveld verskaf word (24, bl. 37).

(c) Hoër seunskole met primêre afdelings

Die aanbevelings is soos volg:

(1) Vir liggaamlike opvoeding moet 'n grasperk (120' x 60') verskaf word. As die inskrywingtal 300 oorskry moet twee grasperke verskaf word.

(2) Een voetbalveld, 'n krieketblad en 'n 440-tree-atletiekbaan moet gesamentlik op 'n terrein van 160 tree by 110 tree aangelê word.

(3) Vir elke 100 ingeskrewe seuns in die sekondêre afdeling moet 'n addisionele voetbalveld en krieketblad aangelê word.

(4) Vir elke 50 seuns in die sekondêre afdeling, asook vir elke 100 seuns van 10 jaar en ouer in die primêre afdeling, moet een tennisbaan verskaf word (24, bl. 37).

(d) Gemengde hoërskole met primêre afdelings

Die aanbevelings is soos volg:

(1) Vir liggaamlike opvoeding moet twee grasperke (120' x 60') verskaf word.

(2) Vir elke 50 meisies in die sekondêre afdelings, asook vir elke 100 meisies in die primêre afdeling, moet een netbalveld verskaf word.

(3) Vir elke 50 leerlinge in die sekondêre afdeling, asook vir elke 100 leerlinge van 10 jaar en ouer in die primêre afdeling, moet een tennisbaan verskaf word.

(4) Sodra die getal meisies 75 oortref, moet 'n eerste hokkieveld, en daarna 'n addisionele veld vir elke 100 meisies aangelê word.

(5) Een voetbalveld, 'n krieketblad en 'n 440-tree-atletiekbaan moet gesamentlik op 'n terrein van 160 tree by 110 tree aangelê word.

(6) Vir elke 100 seuns in die sekondêre afdeling moet 'n addisionele voetbalveld en krieketblad verskaf word.

(7) As daar meer as 300 seuns in die primêre afdeling is, moet 'n addisionele voetbalveld en krieketblad verskaf word (24, bl. 38).

## 5.4 DIE AANBEVELINGS VAN DIE BEROEPSKOOLGEBOUEKOMITEE VAN DIE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS, KUNS EN WETENSKAP

### 5.4.1 Aanbevelings met betrekking tot hoër huishoudskole

Hierdie Komitee het aanbeveel dat beide op die skool- en die koshuisterrein voorsiening vir sportvelde gemaak moet word. So 'n reëling sou verhoed dat die sportvelde op die skoolterrein uitgetrap word. Die feit dat hierdie skole meestal op die platteland geleë is en beskikbare terrein nie 'n probleem is nie, maak genoemde reëlings moontlik (24, bl. 44 - 45).

Die benutting van die skool- en koshuisterreine is soos volg:

(1) Benutting van die skoolterrein

Onderstaande tabel gee 'n oorsigtelike beeld van die Komitee se aanbevelings met betrekking tot die getal sportvelde en die oppervlakte wat hulle moet beslaan.

GETAL SPORTVELDE EN HULLE OPPERVLAKTES VIR HOËR HUISHOUDSKOLE VAN VERSKILLENDE GROOTTES (24, bl. 45)

| Getal leerlinge | Hokkie 1ste | Hokkie 2de | Tennisbane | Atletiekbaan | Swembad | Oefening en beweging | Totale oppervlakte | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | Akker | Akker | Morg |
| 120 | 1 | - | 4 | Ingesluit in velde | - | 1 | 7 | ± 3.4 |
| 240 | 1 | 1 | 4 | | 1 | 1 | 9 | ± 4.2 |
| 360 | 1 | 2 | 6 | | 1 | 1 | 12 | ± 6.0 |

(2) Benutting van die koshuisterrein

Onderstaande tabel gee 'n oorsigtelike beeld van die Komitee se aanbevelings met betrekking tot die aantal sportvelde en die oppervlakte wat hulle moet beslaan.

GETAL SPORTVELDE EN DIE OPPERVLAKTE WAT HULLE OP DIE HOËR HUISHOUDSKOOL-KOSHUISTERREIN MOET BESLAAN (24, bl. 46)

| Getal kosgangers | Hokkieveld | Tennisbane | Swembad | Oefenbane (akker) | Totale grootte van sportvelde vir kosgangers | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | Akker | Morg |
| 120 | 1 | 4 | 1 | 1 akker | 5.5 | ± 2.60 |
| 240 | 1 | 4 | - | 1 akker | 6.0 | ± 3.00 |
| 360 | 1 | 4 | - | 1 akker | 7.25 | ± 3.50 |

5.4.2 Aanbevelings met betrekking tot hoër handelskole

Die feit dat hoër handelskole dikwels in stedelike gebiede

gebou en daar ook voorsiening vir deeltydse (na-uurse) studente gemaak moet word, maak die keuse van 'n geskikte terrein dikwels moeilik, aangesien 'n sentraal geleë area 'n vereiste blyk te wees (24, bl. 46). In so 'n geval sou die keuse van 'n geskikte terrein vir die aanlê van sportvelde ook probleme oplewer. Genoemde komitee beveel aan dat sowel op die skool- as koshuisterreine sportvelde aangelê moet word (24, bl. 47). Die benutting van die skool- en koshuisterreine is soos volg:

(1) Benutting van die skoolterrein

Aanbevelings met betrekking tot die soort sportvelde en hulle grootte word in die volgende tabel weergegee.

GETAL SPORTVELDE EN HULLE OPPERVLAKTES VIR HOËR HANDELSKOLE VAN VERSKILLENDE GROOTTES (24, bl. 48)

| Getal leerlinge | Rugby 1ste | Rugby 2de | Hokkie 1ste | Hokkie 2de | Tennisbane | Atletiekbaan | Swembad | Oefening en beweging | Totale oppervlakte | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | Akker | Akker | Morg |
| 120 | 1 | 1 | 1 | - | 4 | Inge- | - | 1 | 7 | ±3.4 |
| 240 | 1 | 1 | 1 | 1 | 4 | sluit | 1 | 1 | 9 | ±4.2 |
| 360 | 1 | 2 | 1 | 2 | 6 | in | 1 | 1 | 12 | ±6.0 |
| 480 | 1 | 2 | 1 | 2 | 7 | velde | 1 | 1 | 12 | ±6.0 |

Opmerking: Vir krieket kan voorsiening gemaak word (24, bl. 48).

(2) Benutting van die koshuisterrein

Aanbevelings met betrekking tot die soort sportvelde en hulle grootte word in die hieropvolgende tabel weergegee.

GETAL SPORTVELDE EN DIE OPPERVLAKTE WAT HULLE OP DIE HOËR HANDELSKOOL-KOSHUISTERREIN MOET BESLAAN (24, bl. 48)

| Getal kosgangers | Rugbyvelde | Hokkievelde | Tennisbane | Swembad | Oefenbane | Totale grootte van sportvelde vir kosgangers | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | Akker | Akker | Morg |
| 120 | 1 | 1 | 4 | 1 | 1 | 5.5 | ± 2.60 |
| 240 | 2 | 1 | 4 | - | 1 | 6.0 | ± 3.00 |
| 360 | 2 | 2 | 4 | - | 1 | 7.25 | ± 3.50 |
| 480 | 2 | 2 | 5 | - | 2 | 8.5 | ± 4.00 |

5.4.3 Aanbevelings met betrekking tot hoër tegniese skole

Aangesien hoër tegniese skole heelwat meer oppervlakte as gewone skole benodig en vanweë die feit dat dié skole deur voltydse sowel as deeltydse studente besoek kan word, beveel die Beroepskoolgebouekomitee aan dat gekies moet word tussen 'n sentraal geleë terrein en een wat aan die buitewyke van 'n stad geleë is. Dit wil voorkom asof die Komitee voorkeur aan laasgenoemde gee, aangesien hulle dit as ideaal beskou dat so 'n terrein voorsiening vir lesinglokale, koshuise en sportvelde moet maak (24, bl. 49).

Die Komitee spesifiseer nie die grootte van en die aantal sportvelde nie, maar dui die totale oppervlakte aan wat die sportvelde in vergelyking met die ander leefarea moet beslaan. Die benutting van die skool- en koshuisterreine is soos volg:

(1) Die grootte van die hoër tegniese skoolterrein

Die grootte van die skoolterrein (insluitend die sportvelde) word in die onderstaande tabel weergegee.

OPPERVLAKTE VAN TERREINE VIR HOËR TEGNIESE SKOLE (24, bl. 50)

| Grootte van skool (getal leerlinge) | Oppervlakte in akkers | | | Totale oppervlakte van terrein | |
|---|---|---|---|---|---|
| | Geboue en speelgronde | Werkswinkels, ens. | Sportvelde | Akker | Morg |
| *450 | 3.5 | 2.5 | 9.0 | 15.00 | 7.09 |
| *750 | 4.5 | 3.0 | 12.0 | 19.50 | 9.21 |

* Opmerking: Hierdie is die twee groottes hoër tegniese skole waarvoor die Komitee voorsiening maak.

(2) Grootte van die koshuisterrein

Waar daar koshuise aan hoër tegniese skole verbonde sal wees, beveel die Beroepskoolgebouekomitee koshuisgroottes en oppervlaktes vir koshuisterreine aan soos in die onderstaande tabel uiteengesit.

OPPERVLAKTES VAN KOSHUISTERREINE VIR HOËR TEGNIESE SKOLE (24, bl. 50)

| Grootte van koshuis (getal kosgangers) | Oppervlakte in akkers | | Totale oppervlakte van terrein | |
|---|---|---|---|---|
| | Geboue en speelgrond | Addisionele sportvelde | Akker | Morg |
| 120 | 2.0 | 3.5 | 5.5 | 2.60 |
| 240 | 3.0 | 5.5 | 8.5 | 4.00 |
| 360 | 4.0 | 5.5 | 9.5 | 4.50 |
| 480 | 5.5 | 6.0 | 11.5 | 5.50 |

Daar moet op gewys word dat die groottes en getal sportvelde bereken is vir gebiede met 'n reënval van ± 30 duim per jaar wat gewoonlik in 'n tydperk van 3 - 4 maande ontvang word. In gebiede met 'n hoër reënval wat reëlmatig oor die jaar versprei is, kan die oppervlakte van sportvelde, veral dié by koshuise, verminder word. Hoe hierdie vermindering van oppervlakte moet geskied, sê die Komitee egter nie (24,bl. 50).

(d) Slotopmerking

Dit sal opgemerk word dat addisionele velde by koshuise aanbeveel word. Alhoewel dit uit die geraadpleegde bron nie duidelik blyk nie, word aanvaar dat hierdie aanbeveling vir sowel koshuise wat op die skoolterrein as dié wat op 'n aparte terrein geleë is, geld.

### 5.4.4 Terreine vir skole vir buitengewone onderwys

Die Beroepskoolgebouekomitee het vir sover vasgestel kan word ten opsigte van terreine vir spesiale skole wat onder die beheer van die Departement van Hoër Onderwys ressorteer, geen spesifieke aanbevelings gedoen nie (24, bl. 51).

## 5.5 AANBEVELINGS VAN DIE SKOOLGEBOUEKOMITEE VAN DIE TRANSVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT

### 5.5.1 Inleiding

Volgens dié Komitee is af te lei waar "laer- en hoërskole" oor koshuise beskik, daar ook op die koshuisterrein vir addisionele sportvelde voorsiening gemaak moet word (24, bl. 40; bl. 42).

### 5.5.2 Aanbevelings met betrekking tot die benutting van die "laerskoolterreine" vir buitemuurse aktiwiteite

(a) Die laerskoolterrein

Ten opsigte van die verskaffing van sportvelde, beveel die Komitee die volgende aan:

(1) Vir gradekinders hoef geen voorsiening vir sportvelde gemaak te word nie.

(2) Geen sportveld moet meer as 10 keer per week gebruik word nie (37, bl. 16).

In die tabel wat hierop volg, word die aanbevelings van die Komitee ten opsigte van die getal velde en die oppervlakte wat dit op die laerskoolterrein moet beslaan, volgens die grootte (getal leerlinge) van die skool weergegee.

GETAL SPORTVELDE EN HULLE OPPERVLAKTES (37, bl. 16)

| Getal leer-linge | Leerlinge wat nie velde ge-bruik nie (grade te klein) | Leer-linge wat velde gebruik | Getal velde nodig | Opper-vlakte in ak-ker | Opperlvakte in akker vir spele, insluiten-de tennis, netbal en swem |
|---|---|---|---|---|---|
| 150 | 50 | 100 | 1 | 1.25 | 2.0 |
| 200 | 66 | 134 | 1 | 1.25 | 2.0 |
| 300 | 100 | 200 | 2 | 2.50 | 3.0 |
| 400 | 133 | 267 | 2 | 2.50 | 3.5 |
| 500 | 166 | 334 | 3 | 3.75 | 4.5 |
| 650 | 216 | 434 | 3 | 4.00 | 5.0 |

Dit is nie duidelik wat onder die kolom "Getal velde nodig" bedoel word nie, aangesien die Komitee nie spesifiseer watter soort sportvelde hier ter sprake is nie. Die Komitee dui in sy verslag slegs die getal sportvelde aan. Waarskynlik word 'n voetbalveld met 'n krieketblad in die middel en 'n 440-tree-atletiekbaan rondom in die geval van "1 veld nodig" bedoel, terwyl in die geval van 'n 2de en 3de veld by groter skole daar waarskynlik na addisionele voetbalvelde verwys word (24, bl. 41).

In die laaste kolom van die tabel word verwys na die "Oppervlakte vir spele insluitende tennis, netbal en swem", maar daar word nie gespesifiseer op watter basis bepaal moet word hoeveel tennisbane en netbalvelde nodig sal wees nie (24, bl. 41).

(b) <u>Aanbevelings ten opsigte van die laerskoolkoshuisterrein</u>

Alhoewel die Komitee nie die grootte en getal velde duidelik spesifiseer nie, word 'n aanduiding gegee van die grootte wat die sportvelde op die koshuisterrein moet beslaan. Hierdie aanbevelings word in die volgende tabel weergegee.

DIE GROOTTE VAN TERREINE VIR LAERSKOOLKOSHUISE (37, bl. 16)

| Grootte van koshuis (getal kos-gangers) | Oppervlakte in akker | | | Totale oppervlakte van terrein | |
|---|---|---|---|---|---|
| | Geboue speel-grond | Tuine | Addisionele sportvelde | Akker | Morg |
| 150 | 2.0 | 1.5 | 1.25 | 4.75 | ± 2.30 |
| 200 | 2.0 | 1.5 | 1.25 | 4.75 | ± 2.30 |
| 250 | 2.0 | 2.0 | 1.50 | 5.50 | ± 2.60 |
| 300 | 2.5 | 2.0 | 1.50 | 6.00 | ± 3.00 |
| 400 | 3.5 | 2.5 | 1.75 | 7.75 | ± 3.75 |
| 500 | 4.0 | 2.5 | 2.00 | 8.50 | ± 4.25 |
| 650 | 4.5 | 3.0 | 2.00 | 9.50 | ± 4.50 |

Met betrekking tot die sportvelde by koshuise, stel die Komitee dit soos volg: "Vir koshuise word die helfte van die sportvelde van 'n skool toegelaat behalwe dat die minimum een veld is" (37, bl. 16).

5.5.3 Aanbevelings met betrekking tot die benutting van die hoërskoolterreine vir buitemuurse aktiwiteite

(a) Inleiding

Waar daar koshuise aan 'n skool verbonde is, word daar afgesien van die velde op die skoolterrein self, vir addisionele velde voorsiening gemaak.

(b) Benutting van die skoolterrein self

Die Komitee se aanbevelings met betrekking tot die getal sportvelde en hulle oppervlaktes word volgens die verskillende groottes skole in die volgende tabel weergegee.

GETAL SPORTVELDE EN HULLE OPPERVLAKTES VIR HOËRSKOLE VAN VERSKILLENDE GROOTTES (37, bl. 16)

| Getal leerlinge | Rugby 1ste | Rugby 2de | Hokkie 1ste | Hokkie 2de | Tennisbane | Atletiekbaan | Swembad | Oefening en beweging Akker | Totale oppervlakte Akker | Totale oppervlakte Morg |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 300 | 1 | 1 | 1 | - | 4 | In- | - | 1 | 7 | ± 3.4 |
| 450 | 1 | 1 | 1 | 1 | 4 | ge- | 1 | 1 | 9 | ± 4.2 |
| 600 | 1 | 2 | 1 | 2 | 6 | sluit | 1 | 1 | 12 | ± 6.0 |
| 700 | 1 | 2 | 1 | 2 | 7 | in | 1 | 1 | 12 | ± 6.0 |
| 800 | 1 | 3 | 1 | 3 | 7 | velde | 1 | 1 | 15 | ± 7.25 |
| 900 | 1 | 3 | 1 | 3 | 7 | | 1 | 2 | 16 | ± 7.75 |

Opmerking: Vir krieket kan voorsiening gemaak word. "Bostaande is uitgewerk in die veronderstelling dat elke 100 leerlinge een veld nodig het, behalwe waar 3 of meer velde verskaf word" (37, bl. 16).

Die oppervlakte van die sportvelde is soos volg:

| | |
|---|---|
| Eerste rugbyveld | 1.85 akker |
| Tweede rugbyveld | 1.5 akker |
| Eerste hokkieveld | 1.6 akker |
| Tweede hokkieveld | 1.3 akker |
| Tennisbane | 0.16 akker |
| Atletiekbane | 4.1 akker |
| Swembad | 1.0 akker (37, bl. 16). |

Opmerking: Vir bofbal, sagtebal, atletiek, krieket en netbal kan die velde en die tussenruimtes gebruik word (37, bl. 16).

(c) Benutting van die hoërskoolkoshuisterrein

Die aanbeveling van die Komitee met betrekking tot die getal sportvelde en die oppervlakte wat dit op die terrein van die hoërskoolkoshuis(e) moet beslaan, word in die hieropvolgende tabel uiteengesit.

GETAL SPORTVELDE EN DIE OPPERVLAKTE WAT HULLE OP DIE HOËRSKOOLKOSHUISTERREIN MOET BESLAAN (24, bl. 42)

| Getal kosgangers | Rug-* byvelde | Hok-* kievelde | Tennisbane | Swembad | Oefenbane | Totale grootte van addisionele velde | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | Akker | Akker | Morg |
| 300 | 1 | 1 | 4 | 1 | 1 | 5.5 | ± 2.60 |
| 450 | 2 | 1 | 4 | 1 | 1 | 6.0 | ± 3.00 |
| 600 | 2 | 2 | 4 | 1 | 1 | 7.25 | ± 3.50 |
| 700 | 2 | 2 | 5 | 1 | 2 | 8.5 | ± 4.00 |
| 800 | 3 | 3 | 5 | 1 | 2 | 11.2 | ± 5.25 |
| 900 | 3 | 3 | 6 | 1 | 2 | 14.2 | ± 6.75 |

* Hierdie velde kan van die tweede grootte wees wat onderskeidelik 1.5 en 1.3 akker in beslag sal neem (37, bl. 18).

5.5.4 <u>Aanbevelings met betrekking tot terrein vir juniorskole (graad 1 - st. 2), klas II-skole (graad 1 - st. 8) en hoër landbouskole</u>

Die Skoolgebouekomitee van die Transvaalse Onderwysdepartement het, vir sover vasgestel kon word, geen spesifieke aanbevelings gedoen ten opsigte van die grootte van die skool- en koshuisterreine (ook sportvelde) wat vir bogenoemde skole vereis word nie (24, bl. 44).

5.5.5 <u>Skematiese voorstellings van die uitleg van sportterreine</u>

(a) <u>Beplanning van die laerskoolterrein</u>

Die Komitee het soos aangedui in diagramme 5.1 tot 5.9, 'n skematiese voorstelling van die beplanning en uitleg van die laerskoolterrein, meer spesifiek die sportvelde, gegee (37, bl. 20 e.v.). Geen skematiese voorstelling van die laerskoolkoshuisterrein word gegee nie, maar dit word aanvaar dat wat betref die sportvelde, dit in ooreenstemming met die voorstelle soos in paragraaf 5.5.2 (b) uiteengesit, aangelê sal word.

In diagram 5.1 word 'n skematiese voorstelling van die beplanning van die laerskoolterrein gegee, waarop die ligging van die sportvelde ten opsigte van die res van die skoolgeboue-kompleks aangedui word. In diagramme 5.2 tot 5.9 word die voorgestelde groottes en uitleg van die sportvelde weergegee.

(b) Beplanning van die hoërskoolterrein

Die Komitee het in diagramme 5.10 tot 5.20 met betrekking tot sportvelde 'n skematiese voorstelling van die beplanning en uitleg van die hoërskoolterrein gegee. Geen skematiese voorstelling van die hoërskoolkoshuisterrein word gegee nie, maar dit word aanvaar dat wat betref sportvelde, dit in ooreenstemming met die aanbevelings soos in paragraaf 5.5.3(c) uiteengesit, aangelê sal word.

In diagramme 5.10, 5.11 en 5.12 word 'n voorstelling van die beplanning van die hoërskoolterrein gegee, waarop die oriëntasie van onder andere die sportvelde ten opsigte van die res van die skoolgebouekompleks aangedui word. In diagramme 5.13 tot 5.20 word die voorgestelde groottes en uitleg van die sportvelde gegee.

## 5.6 DIE VERSLAG VAN DIE LUNDIE-KOMITEE

### 5.6.1 Inleiding

In opvolging van 'n besluit wat op 18 Februarie 1969 geneem is, het die Uitvoerende Komitee van die Natalse Provinsiale Raad 'n komitee onder voorsitterskap van mnr. H. Lundie benoem, met die opdrag om voorleggings te maak ten opsigte van die verskaffing en instandhouding van sportvelde en -fasiliteite soos van toepassing op primêre skole in Natal. Laasgenoemde Komitee het 'n aantal skole besoek wat as verteenwoordigend van die primêre skole in Natal beskou is. Tydens hul besoek aan genoemde skole het die Komitee, afgesien van die onderhoude wat hulle met die betrokke skoolhoofde gevoer het, die toereikendheid al dan nie van die betrokke skole se fasiliteite probeer bepaal. Verder is ook met sowel die Inspekteur wat vir Liggaamlike Opvoeding in Natal verantwoordelik is, as met amptenare van die plaaslike Departement van Provinsiale Boudienste onderhoude gevoer.

5.6.2 Die belangrikste bevindings en aanbevelings van die Komitee met betrekking tot die aanbieding van sport en die voorsiening van sportfasiliteite en -benodigdhede aan primêre skole in Natal

Die bevindings en aanbevelings van die genoemde Komitee wat op die onderhawige verslag betrekking het, kan onder die onderstaande hoofde saamgevat word:

(a) Kriteria waarvolgens die toereikendheid van fasiliteite beoordeel kan word

Die Komitee beskou die volgende kriteria as van belang wanneer die toereikendheid van sportfasiliteite bepaal moet word:

(1) Die ingeskrewe leerlingtal;

(2) die getal leerlinge wat in deelname aan sport belangstel;

(3) die vaardigheidspeil wat beoog word tydens die afrigting van leerlinge;

(4) die beskikbaarheid van bekwame en opgeleide personeel;

(5) die entoesiasme van die betrokke skoolhoof en sy personeel;

(6) die tipe skool, byvoorbeeld koëdukasie of enkelgeslagskool, voorbereiding- of primêre of sekondêre skool;

(7) die mate waarin daar op interskoolvlak aan sport deelgeneem word, en

(8) die "tydperk" waartydens die leerlinge van die sportfasiliteite gebruik kan maak. (Alhoewel dit nie duidelik blyk wat met die begrip tydperk bedoel word nie, neem die skrywer aan dat die Komitee daarmee bedoel die spesifieke tydsduur hetsy ure, dae, weke of maande.)

(b) Die belangrikste aanbevelings van die Komitee

(1) Die grootte van die terrein

Die Komitee beveel aan dat die grootte van die terrein van die primêre skool (die sportterrein ingesluit) 6 tot 7 akker moet wees. Waar die skool op 'n heuwelagtige terrein geleë is, word 'n skoolterrein van 11 tot 12 morg aanbeveel. Verder word aanbeveel dat die sportterrein 'n gelyke terrein van 4 akker of twee terreine van 2 akker elk moet beslaan.

(2) Getal rugby-, sokker- en hokkievelde

Met betrekking tot die getal rugby-, sokker- en hokkievelde waaroor 'n skool moet beskik, stel die Komitee voor dat 'n standaardvereiste van 1 veld per 150 deelnemers aanvaar moet word.

(3) Dwergtennis

Die Komitee is die mening toegedaan dat, aangesien 'n dwergtennisbaan minder oppervlakte as 'n tennisbaan beslaan en daar derhalwe op dieselfde terrein meer dwergtennis- as tennisbane gebou en sodoende ook meer leerlinge gelyktydig besig gehou kan word, dit meer praktiese waarde sou hê om op primêre skoolvlak die aandag op dwergtennis toe te spits.

(4) Instandhouding van fasiliteite

Volgens die Komitee se aanbevelings is dit noodsaaklik dat die Provinsiale Administrasie volle verantwoordelikheid vir die instandhouding van fasiliteite soos die swembad, tennisbane en die krieket-oefennette moet aanvaar.

(5) Finansiering van sportfasiliteite

Die Komitee huldig die standpunt dat aangesien 'n skool se buitemuurse sportprogram deel van die opvoedings- en onderwystaak is, dit die onderwysowerheid se plig is om op R-vir-R-basis die voorsiening van sportfasiliteite aan skole te subsidieer.

(6) Sporttoerusting en -uitrusting


Met betrekking tot die voorsiening van sporttoerusting en -uitrusting, het die Komitee aanbeveel dat uitrusting soos byvoorbeeld voetbalskoene en ander kledingstukke steeds die verantwoordelikheid van die deelnemer moet bly, terwyl skole steeds verantwoordelik gehou moet word vir die voorsiening van apparaat soos onder andere rugbyballe, krieketmatte en hokkiestokke. 'n Verdere aanbeveling is dat 'n toekenning van 'n R100 aan elke nuutgestigte primêre skool gemaak moet word vir aanwending tydens die oprigting van permanente strukture op die sportterrein soos onder andere die doelpale vir rugby, sokker, hokkie en netbal.

(7) Onvoldoende fasiliteite

'n Belangrike voorstel (gesien in die lig van die opdrag wat tot hierdie studie aanleiding gegee het) is deur die Komitee gemaak ten opsigte van skole wat nie oor voldoende fasiliteite beskik nie. In laasgenoemde geval beveel die Komitee eerstens aan dat addisionele fasiliteite gehuur en die onkoste verbonde daaraan deur die betrokke onderwysdepartement gedra moet word. Ten tweede beveel die Komitee 'n alternatiewe moontlikheid aan, naamlik dat gesentraliseerde fasiliteite vir gemeenskaplike gebruik deur 'n aantal skole deur die onderwysowerhede daargestel en behoorlik toegerus word.

DIAGRAM 5.1

# BEPLANNING VAN LAERSKOOL-TERREINE.




| VERKLARING | | T | TENNISBANE. | G | SKOOLTUINE. |
|---|---|---|---|---|---|
| H | SAAL. | P | SPEELGROND. | S | SWEMBAD. |
| C | KLASKAMERS. | F | VOETBAL. | P/K | PARKEERING. |
| A | ADMINISTRASIE. | N | NETBAL. | A/C | INGANG. |
| E | UITBREIDING. | HO | HOKKIE. | | |


(37. bl. 26)

DIAGRAM 5.2

## LAERSKOOLSPEELVELDE.

'N ATLEET HARDLOOP 100 TREE IN 10 SEKONDES.
'N LAERSKOOLKIND HARDLOOP 80 TREE IN 10 SEKONDES.
OP HIERDIE GRONDSLAG WORD DIE GROOTTE VAN SPEELVELDE VERMINDER.


### LAERSKOOLSOKKER.




totale ruimte soos op diagram van rugbyveld.


(37, bl. 14)

DIAGRAM 5.3




(37, bl. 22)


DIAGRAM 5.4




(37, bl. 22)

DIAGRAM 5.5


## LAERSKOOLRUGBY.




DIE DOELTREFFENDSTE GROOTTE VIR RUGBY IS 302'-0" x 180'-0"; DIT IS 1¼ AKKER WAT VOLDOENDE IS VIR 'N SOKKERVELD.

(37, bl. 14)


DIAGRAM 5.6




(37, bl. 22)

DIAGRAM 5.7


LAERSKOOLNETBAL.




KAN OP 'N TENNISBAAN GESPEEL WORD INDIEN DIE TENNISNETPALE VERWYDER KAN WORD.

(37, bl. 14)


DIAGRAM 5.8




(37, bl. 20)

DIAGRAM 5.9


## LAERSKOOLHOKKIE.




HOKKIE KAN GESPEEL WORD OP'N RUGBYVELD, MAAR DIE IDEAAL IS 'N AFSONDERLIKE VELD.

(37, bl. 14)


DIAGRAM 5.10




(37, bl. 12)

DIAGRAM 5.11

# BEPLANNING VAN HOËRSKOOL-TERREINE.





| VERKLARING | | H | HOKKIEVELD. | G | SKOOLTUINE. |
|---|---|---|---|---|---|
| C | KRIEKETVELD. | A | ATLETIEKBAAN. | SB | SKOOLGEBOU. |
| N | KRIEKETNETTE. | S | SWEMBAD. | P | SPEELGROND. |
| R | RUGBYVELD. | T | TENNISBANE. | O | NETBAL. |

(37, bl. 28)

DIAGRAM 5.12


## BEPLANNING VAN HOËRSKOOLTERREINE.




| VERKLARING | | H | HOKKIEVELD. | G | SKOOLTUINE. |
|---|---|---|---|---|---|
| C | KRIEKETVELD. | A | ATLETIEKBAAN. | SB | SKOOLGEBOU. |
| N | KRIEKETNETTE. | S | SWEMBAD. | P | SPEELGROND. |
| R | RUGBYVELD. | T | TENNISBANE. | O | NETBAL. |

(37, bl. 28)


DIAGRAM 5.13




(37, bl. 24)

DIAGRAM 5.14


HOËRSKOOLATLETIEK.




| lengte van baan | rondtes per myl. | lengte D | straal R | totale lengte L 4 bane | totale lengte L 6 bane | totale breedte W 4 bane | totale breedte W 6 bane |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 440 tree | 4 | 225'-0" | 137'-5½" | 531'-11" | 547'-11" | 306'-11" | 322'-11" |
| 440 tree | 4 | 270'-0" | 123'-1⅝" | 548'-3¼" | 564'-3¼" | 278'-3¼" | 294'-3¼" |
| 440 tree | 4 | 360'-0" | 94'-6" | 581'-0" | 597'-0" | 221'-0" | 237'-0" |

(37, bl. 26)


DIAGRAM 5.15




(37, bl. 26)

DIAGRAM 5.16


# HOËRSKOOLKRIEKET.




OPMERKING: DIT IS DIE BEPLANNING VAN 'N GRASBLAD. 'N GEBIED VAN 90' x 90' SAL VOORSIENING MAAK VIR 6 OEFENNETTE EN BEHOORT AAN DIE KANT VAN DIE SPEELVELD GELEË TE WEES.


(37, bl. 26)

DIAGRAM 5.17





(37, bl. 22)

DIAGRAM 5.18




(37, bl. 24)


DIAGRAM 5.19




(37, bl. 24)

DIAGRAM 5.20

## HOËRSKOOLHOKKIE.




JUNIORVELD 300'-0"x 185'-0", totale grootte 1·3 akker.

▭ SENIORVELD 330'-0"x 200'-0", totale grootte 1·6 akker.

(37, bl. 24)

# HOOFSTUK 6

# SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKINGS

## 6.1 DIE AANLOOP TOT HIERDIE STUDIE

### 6.1.1 Die noodsaaklikheid vir die doeltreffende beplanning van skole en sportterreine

Die verskynsel dat sportbeoefening 'n baie belangrike deel van die hedendaagse skoolprogram uitmaak, noodsaak die doeltreffende beplanning van toekomstige sportterreine en die oordeelkundige en ekonomiese benutting van reeds bestaande sportfasiliteite.

### 6.1.2 Die versoek insake navorsing oor die doeltreffende gebruik van terreine vir buitemuurse aktiwiteite

Die Komitee van Onderwyshoofde het op aanbeveling van die Interdepartementele Advieskomitee insake Onderwysdienste die Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing (tans die RGN) versoek om ondersoek in te stel na die doeltreffende gebruik van skoolterreine vir buitemuurse bedrywighede, om te bepaal wat die minimum of maksimum grootte terrein vir buitemuurse bedrywighede behoort te wees en of die gesamentlike gebruik van sportterreine deur leerlinge van meer as een skool doeltreffend kan plaasvind.

### 6.1.3 Die doel met hierdie studie

Gesien in die lig van die versoek wat tot die RGN gerig is, beoog hierdie studie om 'n beeld te gee van -

(1) die huidige omvang van sportbeoefening aan skole in die RSA en SWA;

(2) die vereistes waaraan die doeltreffende beplanning van sportterreine moet voldoen;

(3) die doeltreffendheid al dan nie van reeds bestaande sportterreine; en

(4) om te besin oor die wenslikheid en/of noodsaaklikheid van die daarstelling van gemeenskaplike sportfasiliteite.

### 6.1.4 Metode van ondersoek

Die vergestalting van hierdie verslag is moontlik gemaak

deur die verwerking van empiriese gegewens; 'n studie van die aanbevelings van deskundiges en van die beleid van die verskillende onderwysowerhede in die RSA en SWA asook deur verdere literatuurstudie.

## 6.2 'N OORSIGTELIKE BESKOUING VAN DIE TERM BUITEMUURSE BEDRYWIGHEDE MET SPESIFIEKE VERWYSING NA SPORTAKTIWITEITE

### 6.2.1 Die term buitemuurse bedrywighede (aktiwiteite)

Alhoewel die onderskeie onderwysowerhede in die RSA en SWA elk 'n anders bewoorde omskrywing van die begrip buitemuurse bedrywighede gee, kan hierdie definisies gereduseer word tot dié van 'n na-uurse program waarin daar voorsiening gemaak word vir sportbedrywighede sowel as ander kulturele aktiwiteite waar die klem veral op die fynere estetiese waardes val, soos beliggaam in onder andere die Voortrekkerbeweging en die C.S.V.

### 6.2.2 Begrensing van die term buitemuurse aktiwiteite in die lig van hierdie studie

Gesien in die lig van die opdrag van hierdie studie met betrekking tot die doeltreffende beplanning en gebruik van sportterreine word die term buitemuurse aktiwiteite afgegrens sodat slegs sportaktiwiteite daarmee bedoel word.

### 6.2.3 Die begrip sport

Die hedendaagse term "sport" is onder andere afgelei van die Latynse woord "disportare" wat beteken "om te verlustig, vermaak en speel"; die Franse woord "desport" wat "spel in mededingende hoedanigheid" beteken en die Engelse woord "dissport" wat "skerts of speel" beteken.

### 6.2.4 Die ontstaan en wese van sport

#### (a) Sport in antropologiese perspektief

Teenstrydige beskouings oor die ontstaan en wese van sport kan tot twee essensiële sienswyses gereduseer word, te wete sport as ontspanning en sport as deel van die kultuurvormingsverloop.

#### (1) Sport as ontspanning

Argeologiese opgrawings en ontdekkings tesame met oorlewerings, soos bewaar in historiese geskrifte, het

bewyse daarvan gelewer dat die beoefening van sport as 'n vorm van ontspanning teruggevoer kan word tot die antieke beskawings van Egipte en Griekeland. Hierdie wyse van ontspanning het ook sy voortsetting gevind met die kultuurhistoriese verloop en vandag word sport steeds deur miljoene as ontvlugting van die daaglikse arbeid beoefen of as toeskouer waardeer.

(2) Sport as deel van die kultuurvormingsverloop

Soos in die geval waar sport as 'n vorm van ontspanning beoefen is, kan sport, as deel van die kultuurvormingsverloop ook tot die gryse verlede teruggevoer word. Die mees opvallende voorbeeld ter stawing van die voorafgaande bewering word weerspieël deur die geskiedenis van die Antieke Grieke waar sport in die vorm van 'n godsdienstig-sedelike wydingsprogram beoefen is. 'n Sportbeoefeningspatroon is merkbaar in die kulturele leefwyses van ander vroeëre beskawings, ook soos wat die geskiedenis hom ontplooi het, alhoewel dit dikwels duideliker op ander kultuurvlakke as dié van die godsdienstig-sedelike merkbaar is.

(b) Die wese en betekenis van sport in die moderne wêreld

Gemeet aan die wyses waarop sport in die moderne wêreld beoefen word, kan gekonstateer word dat sportbeoefening sowel 'n middel op sigself as 'n middel tot 'n doel is. Afgesien van die wyse waarop dit beoefen word, blyk dit egter uit die vervlegting daarvan met die kulturele leefpatroon van die onderskeie beskawingsgroepe dat deelname daaraan of bywoning daarvan feitlik 'n "huishoudelike gebruik" geword het.

## 6.3 'N OORSIG VAN DIE OMVANG VAN SPORTBEOEFENING OP PRIMÊRE, SEKONDÊRE EN TERSIÊRE ONDERWYSVLAK IN ENKELE OORSESE LANDE

'n Omvattende studie, waarin talle fasette van die beoefening van sport op primêre, sekondêre en tersiêre onderwysvlak nagevors is, is deur die United Nations Educational, Scientific and Cultural Organization gedurende 1956 onderneem.

### 6.3.1 Probleme wat tydens genoemde studie en dergelike studies ondervind is en steeds ondervind word

Dit blyk dat 'n vergelykende studie met betrekking tot die plek wat daar in sillabusse vir sport ingeruim word, deur verwarrende en uiteenlopende terminologie ten opsigte van begrippe

soos gimnastiek, liggaamlike opvoeding en sport bemoeilik word. Dit wil ook voorkom asof die verskille in die sosiaal-kulturele leefwyse van volkere asook die verskille in fisiese omgewings- en klimaatsfaktore 'n vergelykende studie verder bemoeilik.

### 6.3.2 Die waarde wat aan sport geheg word

Uit die reeds gemelde studie blyk dit dat in die meeste lande wat by die ondersoek betrek is, erkenning aan die fisiese, psigiese en geestelike vormingswaarde van sport gegee word. In sekere lande, soos onder andere Frankryk, bestaan daar egter 'n groot mate van pessimisme ten opsigte van die vormende en opvoedingswaarde van sport.

### 6.3.3 Die voorsiening wat daar in skoolkurrikula vir sport gemaak word

In talle oorsese lande soos Engeland, Noorweë, Australië, Rusland en Nieu-Seeland word wel in die skoolkurrikulum vir sport voorsiening gemaak. Dit blyk dat in die sillabus vir Liggaamlike Opvoeding vir so 'n sportprogram voorsiening gemaak word, maar dit is duidelik dat dit toegespits is bloot op die aanleer van die vereiste vaardighede en derhalwe nie mededingende, interskoolse deelname insluit nie.

### 6.3.4 Die tyd wat op roosters vir die aanbieding van sport ingeruim word

Die amptelike tydsduur wat vir die onderrig van sport afgesonder word, word in die bestudeerde lande (Engeland, Noorweë, Australië, Rusland, Nieu-Seeland en Frankryk) in die sillabus vir Liggaamlike Opvoeding gespesifiseer. Alhoewel die tydsduur van 'n periode in die skoolprogram van die verskillende lande onderling verskil, blyk dit dat die minimum aantal periodes per week, waartydens sport onderrig word, 1 en die maksimum aantal 5 is. Dit blyk verder dat die minimum en maksimum tydsduur wat per week vir die onderrig van sport afgesonder word onderskeidelik 30 minute (in die Australiese primêre skole) en 5 uur (na-primêre onderwys in Frankryk) is.

### 6.3.5 Deelname aan sport na skoolure

Met die uitsondering van Spanje, waar plek vir mededingende, interskoolse sportdeelname in die formele onderwysprogram ingeruim word, vind alle vorms van mededingende sport in die meeste lande na skoolure plaas.

### 6.3.6 Sportprestasie as kriterium by skolastiese vordering

Dit blyk dat leerlinge in Italië wat in "sportvaardigheidstoetse" presteer vir die "Certificate of Physical Education" kan kwalifiseer, terwyl leerlinge in Frankryk wat vir 'n soortgelyke diploma as bogenoemde in aanmerking kom, hul akademiese punteprestasie sodoende kan bevoordeel.

### 6.3.7 Sportsoorte wat gedurende of na skoolure aangebied word

'n Groot verskeidenheid van sportsoorte word in die onderskeie lande aangebied waarvan atletiek en swem die mees algemene blyk te wees.

### 6.3.8 Faktore wat in ag geneem moet word wanneer 'n vergelykende studie oor sport en sportfasiliteite gemaak word

Dit is duidelik dat 'n verskeidenheid van faktore daartoe kan bydra dat 'n spesifieke sportsoort nie aangebied word of aangebied kan word nie wat derhalwe die verskaffing van sportfasiliteite ook sal raak. Faktore wat in dié verband genoem kan word, is onder andere die ligging en bodemgesteldheid van 'n land; bevolkingsdigtheid; kultuurmilieu (waaronder kulturele ontwikkelingsvlak van die bevolking, finansiële gesteldheid en kulturele belangstellingsvelde), en die regeringsbeleid.

### 6.3.9 Die voorsiening van sportfasiliteite aan skole in enkele oorsese lande

#### (a) Finansiering van staatskole deur onderwysowerhede

Die finansiële steun wat staatskole in Engeland, Australië, Nieu-Seeland, Frankryk en Kanada van die betrokke onderwysowerhede ontvang, geskied volgens 'n spesifieke kode wat wissel van 'n subsidie per leerling tot 'n R-vir-R-bydrae (gemeet aan die geldeenheid van die RSA). In Australië bevorder die Federale Regering doelbewus die aanbieding van sport op skool deur jaarliks 'n toekenning aan die regerings van die onderskeie state te doen; laasgenoemde op hul beurt hou toesig dat die geld aangewend word vir die uitbouing van 'n sportprogram aan skole.

#### (b) Die aanbevole groottes van sportterreine vir skole

Uit 'n studie van die sportterreine van skole in Engeland, Nieu-Seeland en die VSA blyk dit dat die grootte van die sportterrein ten nouste saamhang met ingeskrewe leerlingtal met inagneming van toekomstige uitbreiding. Dit is egter duidelik dat 'n spesifieke kode gevolg word, wat toegepas word volgens

die beginsel van 'n spesifieke eenheid (grootte) per aantal leerlinge. Opvallend is die verskynsel dat daar ooreenstemming ten opsigte van voorgeskrewe kodes en groottes van sportterreine is. So byvoorbeeld is die aanbevole "maksimum" grootte van sportterreine vir sekondêre skole in Engeland, die VSA en Nieu-Seeland 20 akker.

Dit blyk egter dat die grootte van sportterreine van skole in heelwat lande nie aan die vereistes wat gestel word, voldoen nie.

## 6.4 DIE GEMEENSKAPLIKE GEBRUIK VAN SPORTFASILITEITE

### 6.4.1 Inleiding

Die snelle bevolkingsaanwas en die gepaardgaande woningnood, wat feitlik in alle lande ervaar word, noodsaak die ekonomiese benutting van die beskikbare leefruimte wat derhalwe insluit woon-, "speel"- (ontspannings-) en werkruimte.

### 6.4.2 Die beplanning van gemeenskaplike sportsentrums

Ten einde die beskikbare ontspanningsruimte (in dié geval ruimte vir die beoefening van sport) ekonomies te benut, het die gedagte in talle lande ontstaan om gesentraliseerde gemeenskapsentrums daar te stel. Sodanige gedagte het reeds in verskeie lande, soos onder andere Noorweë, Engeland, Australië en die VSA, vergestalting gevind en wel in die vorm van sentrale, stedelike sowel as voorstedelike gemeenskapsentra.

Veral in die VSA het die gedagte van voorstedelike sentra wye inslag gevind en wel in die vorm van "neighborhood playgrounds". Laasgenoemde sentra maak vir 'n verskeidenheid aktiwiteite vir sowel volwassenes as kinders voorsiening. Dit blyk ook dat sodanige "neighborhood playgrounds" voorsiening maak vir georganiseerde sportsoorte wat in kompetitiewe verband (insluitend skole se sportprogram) beoefen word. Dit word ook in die vooruitsig gestel dat alle gemeenskaplike ontspanningsentra in stede onder die beheer van 'n goed georganiseerde raad sal staan wat nie slegs in toesighoudende nie maar ook in organiserende en koördinerende hoedanigheid sal optree.

### 6.4.3 Die skool as gemeenskapsentrum

Gesien in die lig van die belangrike taak wat die skool ten opsigte van die opvoeding en onderwys van die kind vervul, het die gedagte in lande, soos onder andere Australië en die

VSA, posgevat dat die skool ook as vormingsentrum vir die volwassenes in die gemeenskap kan dien. Hierdie gedagte, soos wat dit in die praktyk vergestalting gevind het, sentreer veral om die ontspanningsgebruike van die mens. Voortvloeiend hieruit het dit reeds enersyds gebruik geword dat parke aangrensend aan die skoolterrein uitgelê word of andersyds, dat die sportterrein van skole só beplan word dat dit as 'n park sowel as 'n gemeenskapsentrum kan dien.

Talle skemas soos die bogenoemde bestaan reeds in die VSA met skoolterreine soos dié van Somers High in Connecticut en Boonboro High in Maryland wat onderskeidelik 100 akker en 90 akker elk beslaan. Dit blyk egter duidelik dat waar 'n skool wel binne sodanige skema betrek word, dit alleen geskied aan die hand van 'n gedetailleerde kontrak waarin aspekte soos verantwoordelikheid ten opsigte van beheer en instandhouding duidelik uiteengesit is.

### 6.4.4 Evaluering van skool-gesentreerde sport- en ontspanningsentra

'n Vergelyking tussen die voor- en nadele van 'n skoolgesentreerde sport- en ontspanningsentrum dui daarop dat so 'n stelsel wel meriete het en dat die implementering daarvan in die Republiek van Suid-Afrika moontlik is indien die onderstaande beginsels in gedagte gehou word:

(1) Waar nuwe dorpsgebiede beplan word, moet terreine vir ontspanning vroegtydig aangekoop word.

(2) Terreine vir ontspanningsdoeleindes in reeds beboude areas kan (alhoewel moontlik teen 'n baie hoë prys) aangekoop word.

(3) Die werklike parkgedeelte moet slegs vir algemene ontspanningsaktiwiteite gebruik word.

(4) Sodanige gemeenskapsentrum moet sentraal geleë wees.

(5) Hierdie terrein moet 'n netjiese en beplande voorkoms hê wanneer dit voltooi is.

(6) Tydens die uitleg van die terrein moet aspekte soos nuttigheid, veiligheid en effektiewe toesig in gedagte gehou word.

(7) Was- en toiletgeriewe moet aan die behoeftes en vereistes voldoen.

(8) Skole moet so beplan en gebou word dat die gemeenskap maksimum gebruik van die beskikbare fasiliteite sal hê.

(9) Parke moet so beplan word dat hulle aangrensend aan skole sal wees.

(10) In groot stede moet stads- en skoolrade die beplanning van ontspanningsterreine in oorleg met mekaar laat plaasvind.

(11) Die verantwoordelikheid met betrekking tot die instandhouding van sodanige gemeenskapsentra moet deur die belanghebbende instansies gedra word.

(12) Behoorlike en gereelde toesig moet geskied.

(13) Professionele toesig oor die parkareas moet verskaf word.

(14) Die moontlikhede moet ondersoek word om hierdie terreine teen 'n minimale koste aan die publiek beskikbaar te stel.

(15) Die geriewe en fasiliteite wat vir gebruik beskikbaar gestel word, moet in ooreenstemming met die belangstellingsvelde van die gemeenskap beplan word.

(16) 'n Beplanningskomitee (-raad) moet in samewerking met deskundiges die uitleg van die terrein beplan.

(17) 'n Deeglike studie van skemas wat reeds bestaan kan gemaak word alvorens daar met die beplanning van 'n gemeenskapsentrum begin word.

## 6.5 BELEID TEN AANSIEN VAN SPORT EN SPORTFASILITEITE SOOS DEUR ONDERWYSOWERHEDE IN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA EN SUIDWES-AFRIKA NEERGELÊ

### 6.5.1 Gesindheid jeens die aanbieding van sport

Dit blyk dat die onderskeie onderwysdepartemente 'n positiewe gesindheid jeens deelname aan sport deur leerlinge openbaar vir sover dat hulle van mening is dat sportdeelname 'n belangrike bydrae kan lewer tot die ten volle ontplooiing van die kind as somatiese, psigiese en geestelike wese.

### 6.5.2 Verpligting tot deelname op leerlinge

Slegs leerlinge wat onder die beheer van die Departement van Hoër Onderwys (tans die Departement van Nasionale Opvoeding) staan, word verplig om aan ten minste een somer- en een wintersportsoort deel te neem. Dit blyk egter dat, alhoewel die leerlinge wat onder die beheer van die ander onderwysdepartemente staan nie onder 'n verpligting staan om aan sport deel te neem nie, hulle deur die onderwysowerhede ten sterkste tot deelname aangemoedig word.

6.5.3 Verpligting op onderwysers gelê om met die afrigting en/of organisasie van sport behulpsaam te wees

Uit die onderskeie onderwysdepartemente se uiteensettings ten opsigte van bogenoemde aangeleentheid, is af te lei dat van onderwysers verwag word om, indien hulle hulp benodig word, met afrigting en/of organisasie van sport behulpsaam te wees. Dit is egter duidelik dat aangeleenthede soos onder andere die werkbelading van onderwysers en onderwysers se persoonlike voorkeur en belangstelling in ag geneem word.

6.5.4 Die plek en tyd wat aan skoolsport in die skoolprogram toegesê word

Sportdeelname word deur die onderskeie onderwysowerhede as 'n integrale deel van die opvoedings- en onderwysprogram beskou. Dit is opvallend dat in geen enkele geval sport tydens skoolure beoefen word nie maar vind afrigting en mededinging op interskoolvlak na formele klasonderrig plaas. Ten opsigte van skole onder beheer van die Transvaalse Onderwysdepartement is die toekenning van die plek en tyd aan skoolsport in die onderwysprogram 'n suiwer huishoudelike aangeleentheid van elke skool.

6.5.5 Beplanning, finansiering en uitleg van sportterreine

(a) Beleid van die Transvaalse Onderwysdepartement

Hierdie Departement se beleid is om die beplanning, finansiering en uitleg van sportterreine aan deskundiges en belanghebbende komitees toe te vertrou. Aspekte soos onder andere die vooruitskatting van die skoolbevolking, fisiese omgewingsfaktore, vervoeraangeleenthede, standaardvoorskrifte ten opsigte van die grootte van terreine en ekonomiese oorwegings word deur die deskundiges en belanghebbende komitee(s) in ag geneem om te verseker dat die belange van die betrokke skoolgemeenskap sowel as dié van die Departement behartig word.

(b) Beleid van die Oranje-Vrystaatse Onderwysdepartement

Bogenoemde Departement onderneem die aanvanklike gelykmaking van sportterreine en subsidieer verder op 'n R-vir-R-basis die beplanning en uitleg van sodanige terrein. Verder subsidieer die Departement op 'n R-vir-R-basis die aanbou van swembaddens (tot 'n maksimum van R5 000 per swembad), die aanbou van tennis- en dwergtennisbane (tot 'n maksimum van R10 000 per jaar vir die hele provinsie), aankoop van 5 skoolbusse per jaar (tot 'n maksimum van R3 000 per bus) en terreinverfraaiing en -verbetering.

(c) Beleid van die Departement van Hoër Onderwys (tans die Departement van Nasionale Opvoeding)

Met betrekking tot die aankoop van terrein vir skole vir Buitengewone Onderwys, dra hierdie Departement 90 persent van die koste daaraan verbonde, terwyl die aankoop van terrein vir Kinderwetskole hierdie Departement ten volle ten laste gelê word. Na finale goedkeuring van voorgelegde planne onderneem die Departement van Openbare Werke die uitleg van die sportterrein.

(d) Beleid van die Natalse Onderwysdepartement

Onkoste verbonde aan die aankoop van terrein vir sportdoeleindes is die verantwoordelikheid van die Provinsiale Administrasie. Die beplanning en uitleg van sportterreine word deur die Provinsiale Boudienste in samewerking met die betrokke Skoolbeplanner onderneem.

(e) Beleid van die Onderwysdepartement van Suidwes-Afrika

Die Provinsiale Administrasie is verantwoordelik vir die aankoop van terreine vir die beoefening van sport, asook vir die gelykmaking en beplanning van sodanige terrein. Met betrekking tot die verdere ontwikkeling van die sportterrein, neem die betrokke skole die inisiatief maar die Administrasie dra op 'n R-vir-R-basis tot 'n bepaalde maksimum bedrag vir die onkoste daaraan verbonde by.

(f) Beleid van die Kaaplandse Onderwysdepartement

By wyse van 'n ordonnansie is die Provinsiale Administrasie daartoe gemagtig om grond vir onderwys- en opvoedingsdoeleindes te onteien en aan die Onderwysdepartement oor te dra. Dit is verder beleid dat die Provinsiale Administrasie volgens 'n spesifieke kode die minimum geriewe waarvoor 'n skool kwalifiseer, voorsien, terwyl die aankoop van bykomstige fasiliteite op 'n R-vir-R-basis gesubsidieer word.

6.5.6 Die voorgeskrewe groottes van terreine (insluitende sportterreine) tesame met die aantal sportvelde en -fasiliteite

Dit blyk dat die onderskeie onderwysdepartemente 'n spesifieke kode het waarvolgens die grootte van terreine en die aantal sportvelde en -fasiliteite van 'n skool bepaal word. Die vertrekpunt by die samestelling van genoemde kode is hoofsaaklik die aantal leerlinge in die skool en die soort skool (byvoorbeeld enkelgeslag- of koëdukasieskool asook primêre of

sekondêre of gekombineerde primêre en sekondêre skool). Vir 'n uiteensetting van die onderskeie onderwysdepartemente se kodes in genoemde verband word die leser verwys na hoofstuk 4, paragraaf 4.7, bladsy 44 e.v. van hierdie verslag.

### 6.5.7 Die instandhouding van sportvelde en -fasiliteite

Dit blyk dat daar heelwat eenvormigheid bestaan tussen die beleid van die onderskeie onderwysdepartemente ten opsigte van die instandhouding van sportterreine. Skole wat onder die beheer van die onderwysdepartemente van Transvaal, Oranje-Vrystaat, Suidwes-Afrika en Kaapland ressorteer, is self vir die instandhouding van hul sportterrein verantwoordelik. Daarteenoor word die terrein van skole wat onder beheer van die Natalse Onderwysdepartement staan, deur die Provinsiale Boudienste in stand gehou, terwyl die Departement van Hoër Onderwys (tans die Departement van Nasionale Opvoeding) volle verantwoordelikheid vir die instandhouding van die terreine van Kinderwetskole dra.

Met betrekking tot die aankoop van apparaat wat vir die instandhouding van terreine benodig word, blyk dit dat die Onderwysdepartemente van die Oranje-Vrystaat, Hoër Onderwys (tans Nasionale Opvoeding) en Kaapland sodanige goedgekeurde aankope op 'n R-vir-R-basis subsidieer.

## 6.6 DIE EKONOMIESE BEPLANNING, VOORSIENING EN GEBRUIK VAN SPORTFASILITEITE

### 6.6.1 Die bydrae van Komitees in dié verband

Met betrekking tot die aanbevole groottes, beplanning en uitleg van sportterreine kan die bevindings uit die onderstaande verslae of van die volgende komitees as belangrik beskou word:

(1) "Report on School and Hostel Planning by the Committee appointed by the Superintendent-General of Education, Cape of Good Hope, 1951."

(2) Die Skoolgebouekomitee van die Transvaalse Onderwysdepartement in samewerking met die Nasionale Bounavorsingsinstituut (WNNR) en die Transvaalse Provinsiale Administrasie.

(3) Die Beroepskoolgebouekomitee van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap in samewerking met die Nasionale Bounavorsingsinstituut (WNNR) en die Departement van Openbare Werke.

(4) "Report of Lundie Committee on Primary School Grounds and Sports Facilities."

Aan die hand van bogenoemde komiteeverslae en geraadpleegde literatuur, blyk daar vereistes te wees wanneer die keuse van 'n skoolterrein gedoen moet word. Hierdie vereistes geld nie net ten opsigte van die skoolgebou wat op die terrein geplaas moet word nie, maar ook vir die sportfasiliteite.

6.6.2 Vereistes waaraan die sportterrein moet voldoen

Die onderstaande vereistes met betrekking tot die keuse, beplanning en uitleg van sportterreine word as belangrik beskou.

(a) Sentrale ligging van die sportterrein as vereiste

Dit word vereis dat die ligging van die terrein sodanig moet wees dat dit binne die kortste bereikbare afstand vir al die persone wat dit gebruik, geleë moet wees.

(b) Vereistes ten aansien van sportterreine binne nuwe dorps- of stadsaanlegte

Aspekte wat hier van belang is, is onder andere die volgende:

(1) 'n Vooruitskatting van die skoolbevolking is noodsaaklik, sodat die grootte van die terrein beplan kan word vir voorsiening in die onmiddellike sowel as die toekomstige behoeftes van die skool.

(2) Die ligging van die terrein moet sodanig wees dat dit nie aangrensend aan druk gebruikte verkeersweë (wat steurend tydens sportbeoefening mag wees) geleë sal wees nie.

(3) Ondersoek moet ingestel word na die moontlike gebruikmaking van bestaande voorstedelike bus- en/of treinvervoer (met of sonder wysigings) van en na die sportterrein deur die leerlinge.

(c) Vereistes ten aansien van skole wat binne gevestigde of digbeboude gebiede geleë is

Waar die aankoop van terrein binne gevestigde of digbeboude gebiede vanweë onder andere ekonomiese oorwegings nie lonend blyk te wees nie, moet oorweging daaraan gegee word om sodanige terrein aan die buitewyke van 'n dorp of stad, maar binne bereik van voorstedelike vervoerdienste, aan te lê. Indien laasgenoemde

ten uitvoer gebring kan word, kan die moontlikheid van die aanlê van 'n gemeenskaplike sportterrein ook ondersoek word.

(d) Die terrein moet aan die onderwysvereistes voldoen

Die beplanning van die terrein moet sodanig wees dat daar met die leerlinge se ouderdomspeil en ontspanningsbehoeftes rekening gehou word. Om aan genoemde vereistes te kan voldoen, moet daar vir 'n verskeidenheid van buitemuurse aktiwiteite voorsiening gemaak word.

(e) Tegniese en bouvereistes waaraan die sportterrein moet voldoen

(1) In bogenoemde verband is dit nodig dat die aard van die grondstruktuur sodanig moet wees dat dit vir die aanplant van gras geskik is en terselfdertyd ook goed dreineer. Weens die gevaar wat insinkings in dolomitiese areas vir tennisbane en swembaddens inhou, is dit aan te bevele dat sodanige areas tydens die aankoop van terreine vermy word.

(2) Dit is nodig dat in gedagte gehou moet word dat die ideale helling vir die aanlê van sportvelde tussen 1:75 en 1:80 moet wees. Die keuse van die terrein moet dan ook sodanig wees dat die minimum onkoste aangegaan sal word ten einde aan die vereiste helling te voldoen.

(3) Die plasing van die sportvelde hang ten nouste saam met die helling van die terrein, maar moet ook sodanig wees dat fisiese hindernisse en steurnisse tot 'n minimum beperk sal wees. Dit blyk verder dat dit die beste sou wees om sportvelde te plaas waar die kontoere van oos na wes loop.

6.6.3 Aanbevelings van Komitees met betrekking tot die grootte en uitleg van sportterreine

Ten opsigte van die grootte en uitleg van sportterreine het die belanghebbende Komitees (kyk 6.6.1) elkeen 'n afsonderlike kode daargestel waarvolgens eersgenoemde moet geskied. Alhoewel die kodes van die onderskeie Komitees in sommige gevalle ooreenstemming vertoon en in ander gevalle nie, blyk dit dat sulke faktore soos die getal leerlinge, ouderdomspeil van leerlinge en tipe skool (byvoorbeeld enkelgeslag- of koëdukasieskool en/of primêre, sekondêre of 'n gekombineerde primêre en sekondêre skool) deur die onderskeie Komitees as basis geneem word.

Aangesien 'n uiteensetting van die aanbevelings van die onderskeie Komitees sal neerkom op 'n blote herhaling van dit wat reeds in 'n voorafgaande hoofstuk gegee is, word dit nie weer hier aangestip nie, maar word die leser verwys na hoofstuk 5, paragraaf 5.3, bl. 63.

### 6.6.4 Slotopmerking

In hierdie verslag is die klem onder andere op die beleid en voorskrifte van die onderskeie onderwysdepartemente ten aansien van sport en sportfasiliteite gelê. Ter aanvulling van die voorafgaande is dit nodig dat 'n landsbeeld met betrekking tot die beoefening van sport en die benutting van sportfasiliteite, soos dit in die praktyk voorkom, verkry word. Derhalwe sal daar in 'n volgende verslag met behulp van empiriese gegewens tot 'n ondersoek en deurskouing van die praktyk oorgegaan word.

## L I T E R A T U U R L Y S


1. ADMINISTRASIE VAN SUIDWES-AFRIKA. Korrespondensiestuk E1/109/1.

2. APPS, B.F.G. Children's playgrounds. Canberra, L.F. Johnston, Government Printer, 1944.

3. AUSTRALIAN COUNCIL FOR EDUCATIONAL RESEARCH. School buildings and equipment. Melbourne, Melbourne University Press, 1948.

4. BANNON, J. The Community School. Parks and recreation. Washington D.C., January 1968: 26.

5. BOARD OF EDUCATION. Suggestions for the planning of new buildings for secondary schools. Educational pamphlets (86). London, His Majesty's Stationery Office, 1951: 10.

6. BOARD OF EDUCATION. Suggestions for the planning of buildings for public elementary schools. Educational pamphlets (107). London, His Majesty's Stationery Office, 1956: 107.

7. BOARD OF EDUCATION. Syllabus of physical training for schools. London, His Majesty's Stationery Office, 1933.

8. BOSCH, J. Sport: Een serieuze bezigheid. Opvoeding 18(4), April 1968: 121.

9. BOTHA, J.F. Australië - Die nasionale fiksheidsbeweging. Vigor 10(4), September 1957: 14.

10. BOTHA, J.F. Rusland - Sport en liggaamlike opvoeding. Vigor 11(2), Maart 1958: 5.

11. BUCHER, C.A. Administration of school and college health and physical education programs. Saint Louis, C.V. Mosby Company, 1967.

12. BURKE, E. The history of archery. London, William Heinemann, 1958.

13. BUTTENHEIM PUBLICATIONS. American school and university 38(11), July 1966.

14. BUTLER, G.D. Playgrounds: Their administration and operation. New York, A.S. Barnes, 1950.

15. CALLENDER, J.H. Time-saver standards: A handbook of architectural design. New York, McGraw-Hill, 1966.

16. DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS. Inligtingstuk. Pretoria, Februarie 1969.

17. DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS. Uittreksel uit Departementele Kode.

18. D'OLIVEIRA, A.L. Education through sport and other bodily exercises. Vigor 13(2), Maart 1960.

19. ENGELHARDT, N.L. Planning secondary school buildings. New York, Reinhold, 1949.

20. GABRIELSEN, A.M. and MILES, C.M. Sports and recreation facilities for school and community. New York, Prentice-Hall, 1958.

21. GOOCH, R.B. Selection and layout of land for playing fields and playgrounds. London, The National Playing Fields Association, 1963.

22. GREAT BRITAIN EDUCATION MINISTRY. The story of post-war school building. Ministry of Education pamphlet (33). London, Her Majesty's Stationery Office, 1957.

23. GREENWOOD, E.D. Emotional well-being through sports. Journal of health, physical education, recreation 38(9), Nov.-Dec. 1967.

24. HAASBROEK, J.B. en VAN SCHALKWYK, J.O.T. Die grootte van skoolterreine. Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing, Navorsingsreeks (54). Pretoria, 1967.

25. JOHANSEN, O. Sport and health, Oslo, 1952.

26. NATALSE ONDERWYSDEPARTEMENT. Korrespondensiestuk: 3/P/4. Provision of sports facilities (policy). Pietermaritzburg, April 1969.

27. NEUMEYER, M.H. and NEUMEYER, E.S. Leisure and recreation. New York, A.S. Barnes, 1963.

28. OBERHOLZER, A. Wenke aan sportlui. Vigor 12(4), September 1959: 10.

29. ONDERWYSDEPARTEMENT VAN DIE ORANJE-VRYSTAAT. Inligtingstuk en omskrywing van begrippe. Desember 1968.

30. ONDERWYSDEPARTEMENT VAN DIE ORANJE-VRYSTAAT. Korrespondensiestuk: Onderwyshulpmiddels wat deur die Uitvoerende Komitee goedgekeur is en die basis waarvolgens hierdie Departement dit subsidieer (U.K. Nr. 347 dd. 7/3/67).

31. ONDERWYSDEPARTEMENT VAN DIE ORANJE-VRYSTAAT. Omsendbrief: Hersiening van stelsel van skoonmaakdienste by skole (O.P4/1/8) Bylae A. 1968.

32. PROVINSIALE ADMINISTRASIE VAN DIE KAAP DIE GOEIE HOOP, DEPARTEMENT VAN ONDERWYS. Korrespondensiestuk L370/5. April 1969.

33. PROVINSIALE ADMINISTRASIE VAN DIE KAAP DIE GOEIE HOOP, DEPARTEMENT VAN ONDERWYS. Korrespondensiestuk L370/5 Bylae A. April 1969.

34. PROVINSIALE ADMINISTRASIE VAN DIE KAAP DIE GOEIE HOOP, DEPARTEMENT VAN ONDERWYS. Omsendbrief Nr. 10/1963: Onderhoud van sportvelde (uitsluitende speelgronde) en swembaddens by skole.

35. RICE, E.A. and HUTCHINSON, J.L. A brief history of physical education. New York, A.S. Barnes. 1952.

36. THE NATIONAL PLAYING FIELDS ASSOCIATION. Sports ground construction. London, The Association, 1965.

37. TRANSVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT (SKOOLGEBOUEKOMITEE). Die Terrein: Keuse van terrein vir skool- en koshuisgeboue en die uitlê van die speelterrein. Pretoria, Die Departement, 1957.

38. TRANSVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT. Handbook of instructions for the guidance of principals. Pretoria, 1956/57.

39. TRANSVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT. Korrespondensiestuk: T.O.A.11-2. Januarie 1969.

40. TRANSVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT. Katalogus vir apparaat vir liggaamlike opvoeding vir skole. Pretoria, Die Departement, 1966.

41. UNESCO. Compulsory education in Australia. Paris, 1951.

42. UNESCO. Place of sport in education. Paris, 1956.

43. VAN HAAREN, J. Dit tijdschrift. Opvoeding 18(4), April 1968: 121.

44. VAN DER MERWE, I.R. Sport en kultuur. Vigor 19(3), Junie 1966: 30.

45. VAN DER MERWE, I.R. Geskiedkundige oorsig van die Olimpiese Spele. Vigor 5(3), Junie 1952: 10.

46. WILSON, S. Developing sport and physical fitness among the young. Vigor 8(3), Junie 1955: 6.

47. KOMITEE VAN ONDERWYSHOOFDE. Versoek tot navorsing: Korrespondensiestuk A.4/4/3. Desember 1967.

48. NATAL. Provincial Administration. Report of Lundie committee on primary school grounds and sport facilities. Pietermaritzburg, December 1969.

## RGN-PUBLIKASIES/HSRC PUBLICATIONS

### GESKIEDENIS/HISTORY

G-1/Van Dyk, J.H./Stamregister van die Eloffs in Suid-Afrika/ 1972/R2,50

Bronnepublikasie Nr. I/Oberholster, A.G./Dagboek van H.C. Bredell/ 1972/R3,20

### INLIGTING/INFORMATION

Humanitas/Tydskrif vir Navorsing in die Geesteswetenskappe/Verskyn minstens twee keer per jaar
Humanitas/Journal for Research in the Human Sciences/Appears at least twice per annum

Nuusbrief/Maandelikse publikasie behalwe in Desember, met die jongste inligting oor navorsing deur die RGN/Gratis
Newsletter/Monthly publication, except in December, which contains the latest information on research by the HSRC/ Gratis

Jaarverslag/Verskyn jaarliks
Annual Report/Published once a year

IN-4 /Waardebepaling van Suid-Afrikaanse en buitelandse opvoedkundige kwalifikasies/1972/R0,65
IN-5 /Evaluation of South African and foreign educational qualifications/1972/R0,65

IN-6 /Sauer, G. <u>en</u> Geggus, C./Gids van navorsingsorganisasies in die geesteswetenskappe in Suid-Afrika/1970/R1,15
IN-6 /Sauer, G. <u>and</u> Geggus, C./Directory of research organizations in the human sciences in South Africa/1970/R1,15

IN-8 /Stimie, C.M./Algemene inligting/1971/Gratis
IN-9 /Stimie, C.M./General information/1971/Gratis

IN-12/Geggus, C. <u>en</u> Stimie, C.M./Opleiding na standerd tien uitgesonderd universiteitsopleiding/1971/R0,90
IN-11/Geggus, C. <u>and</u> Stimie, C.M./Training after Standard Ten excluding university training/1971/R0,90

IN-13/Stimie, C.M./Education in the RSA/1970/R0,50

IN-14/Geggus, C./Toekennings beskikbaar vir nagraadse studie in die RSA en in die buiteland/1971/R2,15

IN-14/Geggus, C./Awards available for post-graduate study in the RSA and overseas/1971/R2,15

IN-15/Stimie, C.M., Caroline Geggus en Coetzee, C.J.S./Universiteitsopleiding en beroepsmoontlikhede/University training and career possibilities/1972/R2,15

IN-16/Stimie, C.M. and Caroline Geggus/University education in the RSA/1972/R0,70

KOMMUNIKASIE/COMMUNICATION

KOMM-1/Erasmus, P.F./Die radio as massakommunikasiemedium met spesiale verwysing na die situasie in Suid-Afrika/1970/ Herdruk 1972/R0,95

KOMM-2/Erasmus, P.F./Beeldradio as massakommunikasiemedium met spesiale verwysing na die moontlike instelling van sodanige diens in Suid-Afrika/1971/R1,00

KOMM-5/Engelbrecht, J.C.R./Die pers as massakommunikasiemedium/ 1972/R3,60

MANNEKRAG/MANPOWER

MM-1 /Terblanche, S.S./Die vraag na en aanbod van stads- en streeksbeplanners/1969/R0,35
MM-1 /Terblanche, S.S./The supply of and demand for town and regional planners/1969/R0,35

MM-2 /Terblanche, S.S./Die vraag na en aanbod van medici/1969/ R0,30
MM-2 /Terblanche, S.S./The demand for and supply of medical practitioners/1969/R0,30

MM-3 /Terblanche, S.S./Die beroepsomstandighede van 'n groep pasgegradueerdes/1969/R0,50
MM-3 /Terblanche, S.S./The occupational situation of a group of new graduates/1969/R0,50

MM-4 /Redelinghuys, H.J./'n Verkenningstudie oor die Bantoe-ondernemer in die Tswanatuisland/1970/R0,90
MM-4 /Redelinghuys, H.J./A pilot study of the Bantu entrepreneur in the Tswana homeland/1970/R0,90

MM-12/Ebersoh, D./Die nasionale register van natuur- en geestes-

wetenskaplikes soos op 30 September 1967/1970/Gratis

MM-17/Terblanche, S.S./Die vraag na en aanbod van ingenieurs, 1973 en 1980/1971/R1,50
MM-17/Terblanche, S.S./The demand for and supply of engineers, 1973 and 1980/1971/R1,50

MM-22/Wessels, D.M./Deeltydse werk vir getroude vroue/1971/R1,50
MM-22/Wessels, D.M./Part-time work for married women/1971/R1,50

MM-27/Boshoff, F./Die loonstruktuur van hooggekwalifiseerde Blanke werknemers soos op 1 Maart 1971/1971/R1,00
MM-27/Boshoff, F./The wage structure of highly qualified White employees as at 1 March, 1971/1971/R1,00

MM-28/Hartman, P. en Terblanche, S.S./Werkgeleenthede in die Oos-Transvaalse grensgebiede/1972/R1,45

MM-29/Boshoff, F./Werkgeleenthede in die Noord-Sothogrensgebiede/1972/R0,70

MM-30/Hartman, P./Werkgeleenthede in die grensgebiede naby die Tswanatuisland/1972/R0,70

MM-31/Wessels, Dina M./Die arbeidspatroon van gegradueerde huisvroue in die PWV-gebied - Deel I: Deeltydse werk/1972/R2,95
MM-31/Wessels, Dina M./The employment potential of graduate housewives in the PWV region - Part I: Part-time employment/ 1972/R2,95

MM-33/Terblanche, S.S./Job opportunities in the border areas of the Orange Free State and Eastern Cape/1972/R1,15

MT-1 /Verhoef, W. en Roos, W.L./Die doel en eksperimentele opset van Projek Talentopname/1970/R0,65
MT-1 /Verhoef, W. and Roos, W.L./The aim and experimental design of Project Talent Survey/1970/R0,65

MT-2 /Roos, W.L./Die 1965-Talentopnametoetsprogram/1970/R0,70
MT-2 /Roos, W.L./The 1965 Talent Survey test programme/1970/R0,70

MT-3 /Roos, W.L./Die intellektueel-superieure leerling: 'n Agtergrondbeskrywing op standerd ses-vlak/1970/R0,50
MT-3 /Roos, W.L./The intellectually superior pupil: A background description at Standard Six level/1970/R0,50

MT-4 /Strydom, A.E./Sportdeelname, skoolprestasie en aanpassing van standerd ses-seuns/1970/R0,55

MT-4 /Strydom, A.E./Participation in sport, school achievement and adaptation of Standard Six boys/1970/R0,55

MT-5 /Smith, F.B./Die enigste kind in die gesin: 'n Vergelykende studie/1970/R0,50

MT-5 /Smith, F.B./The only child in the family: A comparative study/1971/R0,50

MT-6 /Strijdom, H.G./Sosiale status en die verband daarvan met vryetydsaktiwiteite, houdings en aspirasies van Afrikaanssprekende standerd ses-seuns/1971/R0,60

MT-6 /English edition out of print

MT-7 /Smith, F.B./Die epileptiese leerling in standerd ses wat nie spesiale onderrig ontvang nie/1971/R0,60

MT-7 /English edition out of print

MT-8 /Smith, F.B./Die ondergemiddelde leerling: 'n Agtergrondbeskrywing op standerd ses-vlak/1971/R0,55

MT-8 /English edition out of print

NAVORSINGSONTWIKKELING/RESEARCH DEVELOPMENT

Navorsingsbulletin/Verskyn tien keer per jaar/Gratis
Research Bulletin/Ten issues per annum/Gratis

NORD-1/Fourie, E.C./Aanvulling tot die 1969-register van navorsing in die geesteswetenskappe in Suid-Afrika/1971/R1,90

NORD-1/Fourie, E.C./Supplement to the 1969 register of research in the Human Sciences in South Africa/1971/R1,90

OPVOEDKUNDE/EDUCATION

O-1 /Verslag van die komitee vir gedifferensieerde onderwys en voorligting insake 'n nasionale onderwysstelsel op primêre en sekondêre skoolvlak met verwysing na skoolvoorligting as 'n geïntegreerde diens van die onderwysstelsel vir die Republiek van Suid-Afrika en vir Suidwes-Afrika Deel I/ 1970/ Herdruk 1972/R3,15

O-1 /Report of the committee for differentiated education and guidance in connection with a national system of education at primary and secondary school level with reference to school guidance as an integrated service of the system of education for the Republic of South Africa and South-West Africa Part I/1971/ Reprint 1972/R3,15

O-2 /Oosthuizen, J.H.C./Verslag van die komitee vir gedifferensieerde onderwys en voorligting insake 'n nasionale preprimêre opvoedingsprogram vir die Republiek van Suid-Afrika en Suidwes-Afrika Deel II/1971/R0,75

O-2 /Oosthuizen, J.H.C./Report of the committee for differentiated education and guidance with regard to a national pre-primary educational programme for the Republic of South Africa and South West Africa Part II/1971/R0,75

O-3 /Visser, P.S./'n Studie van die voorligtingstelsels van die onderwysdepartemente in die Republiek van Suid-Afrika en in Suidwes-Afrika/1970/R0,55

O-4 /Spies, P.G. van Z./'n Studie van voorligtingstelsels in die Republiek van Suid-Afrika, Suidwes-Afrika en in enkele oorsese lande met verwysing na doelstellings en terminologie/1970/R0,40

O-5 /Haasbroek, J.B./Die opleiding van voorligters in die Republiek van Suid-Afrika en in enkele oorsese lande/1970/R0,45

O-6 /Oosthuizen, J.H.C./Die voertaal (medium van onderrig) in 'n stelsel van gedifferensieerde onderwys/1970/R0,40

O-8 /Hatting, D.L./Die onderrig van Aardrykskunde aan Suid-Afrikaanse sekondêre skole: 'n Verkorte weergawe van 'n opname in die jaar 1966/1971/R0,65

O-8 /Hattingh, D.L./The teaching of Geography at South African secondary schools: A condensed version of a survey in the year 1966/1971/R0,80

O-11/Liebenberg, C.R./Die onderrig van Geskiedenis aan Suid-Afrikaanse sekondêre skole: 'n Verkorte weergawe van 'n opname in die jaar 1966/1971/R0,80

O-11/Liebenberg, C.R./The teaching of History at South African secondary schools: A condensed version of a survey in the year 1966/1972/R1,45

PSIGOMETRIKA/PSYCHOMETRICS

Katalogus van toetse/1972/Gratis
Catalogue of tests/1972/Gratis

P-1/Madge, E.M. en Van der Westhuizen, J.G./Die nuwe Suid-Afrikaanse individuele skaal as kliniese hulpmiddel/1971/R0,85

SOSIOLOGIE/SOCIOLOGY

S-1 /Van der Merwe, C.F./Die Afrikaanse landelike en stedelike gesin: 'n Vergelykende ondersoek/1969/R0,90

S-2 /Kellerman, A.P.R., Botha, A.J.J. en De Vos, H van N./Die arbeidspatroon van Kleurlinge in Oos- en Noord-Kaapland: Statistiese gegewens/1969/R1,40

S-3 /Kellerman, A.P.R./Ondersoek na die leefbaarheid van sekere plattelandse kerns in die opvanggebied van die Hendrik Verwoerddam/1969/R1,30

S-4 /Grové, D./Werkskuheid onder die Kleurlinge/1969/R0,90

S-5 /Kellerman, A.P.R. en Van der Westhuizen, N.J./Die arbeidspatroon van Kleurlinge in Transvaal: Statistiese gegewens/1970/R2,80

S-6 /Van der Walt, Tj./Kleurlingvroue met Bantoemans/1970/R2,40

S-7 /Strijdom, H.G. en Van Tonder, J./'n Handleiding by die bepaling van die onderhoudskoste van 'n gesin/1970/R0,55

S-8 /Kellerman, A.P.R./Kontak van Kleurlinge met Bantoes in die Kaapse Skiereiland met besondere verwysing na die werksituasie/1971/R1,20

S-9 /Mostert, W.P./Ondersoek na die gesinsbouproses by Afrikaanssprekende egpare, Fase I: Fertiliteitsbegeertes en gesinsbeplanning by pasgetroudes/1970/R1,20

S-10/Strijdom, H.G./Blanke manlike dowes in Transvaal/1971/R1,45

S-11/Trytsman, D.F. and Bester, C.W./Health education: A bibliography/1970/R2,40

S-14/Mostert, W.P./Die gesinsbouproses by Kleurlinge in die metropolitaanse gebied van Kaapstad/1971/R1,75

S-15/Mostert, W.P. en Engelbrecht, J./Die gesinsbouproses by Bantoes in die metropolitaanse gebied van Kaapstad/1972/R2,10

S-16/Mostert, W.P./Die gesinsbouproses by Bantoes in die metropolitaanse gebied van Durban/1972/R2,10

S-17/Mostert, W.P. en Du Plessis, J.L./Die gesinsbouproses by Bantoes in die munisipale gebied van Pretoria/1972/R3,45

S-18/Mostert, W.P. en Van Eeden, I.J./Die gesinsbouproses by Bantoes in die metropolitaanse gebied van Johannesburg: Soweto/ 1972/R3,35

S-19/Rip, C.M./Coloured early school leavers in the Western Cape: A sociological study/1971/R1,95

S-20/Van der Merwe, C.F./Moeders wat werk/1972/R2,95

STATISTIEK/STATISTICS

WS-1 /Kies, J.D./Verantwoorde Onderwysstatistiek/1971/R3,70

WS-3 /Van Rensburg, F.A.J./Gradueringstendense aan Suid-Afrikaanse universiteite (Nie-Blankes)/1972/R1,75

WS-4 /Uys, C.J /Gradueringstendense aan Suid-Afrikaanse universiteite (Blankes)/1972/R2,40

WS-5 /Steenkamp, C.J. en Van Rensburg, F.A./Vooruitskattings van die bevolking van onderwysinrigtings in Suid-Afrika/1972/ R5,40

TAAL, LETTERE EN KUNS/LANGUAGES, LITERATURE AND ARTS

Nienaber, P.J./Nasionale Dokumentasiesentrum vir Taal en Lettere/ 1971/Gratis

Nienaber, P.J./Nasionale Dokumentasiesentrum vir Musiek/1971/ Gratis

Nienaber, P.J./National Documentation Centre for Music/1971/ Gratis

Raper, P.E./Suid-Afrikaanse Naamkundesentrum/1972/Gratis

Raper, P.E./South African Centre of Onomastic Sciences/1972/Gratis

Breytenbach, P.P.B./Nasionale Dokumentasiesentrum vir Vertolkende Kunste/1972/Gratis

Breytenbach, P.P.B./National Documentation Centre for Performing Arts/1972/Gratis

ALGEMEEN/GENERAL

Coetzee, J. Chr./Geannoteerde bibliografie van navorsing in die opvoedkunde/1970/R2,15

Coetzee, J. Chr./Annotated bibliography of research in education/1970/R2,15

RGN BIBLIOTEEK | HSRC LIBRARY

Doc no 36216

Copy no 36224

ISBN 0 86965 100 5